

Persoonlike finansiële bestuur van NWK Beperkwerkers

deur

Willem Jacobus Adriaan Kriel
Studentenommer 11197234

Skripsie ingedien ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad
***Magister in Bedryfsadministrasie* aan die Potchefstroomkampus van die**
Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof. Ines Nel
Potchefstroom
2010

Persoonlike finansiële bestuur van NWK Beperk-werknemers

Uittreksel

Persoonlike finansiële bestuur vorm 'n integrale deel van die moderne mens se alledaagse lewe. Dit behels nie maar net hoe die individu maandeliks sy inkomste spandeer nie. Dit behels die individu se uitkyk op die lewe, die wyse hoe die individu al sy finansiële sake hanteer en die wyse waarop te werk gegaan word om finansiële risiko's te minimaliseer. Laastens behels dit ook die finansiële plan wat die individu het om voorsiening vir sy aftrede te maak, die versorging van afhanklikes, sowel as die wyse waarop met die bates wat die individu tydens sy leeftyd bekom het, na sy afsterwe verdeel moet word.

Die hoofdoelwit van die navorsing is om die vlakke van persoonlike finansiële bestuur wat deur die werknemers van NWK Beperk toegepas word, te bepaal en om die behoefte aan leiding in dié verband te identifiseer.

Die onderskeie aspekte van persoonlike finansiële bestuur word in hoofstuk 2 nagevors. Die aspekte is gebruik om die toepassing daarvan deur die werknemers met behulp van 'n gepaste anonieme vraelys te meet. Die volgende aspekte en onderafdelings van persoonlike finansiële bestuur is gebruik:

- Houding ten opsigte van geld.
- Bestuurstyl ten opsigte van geld.
- Tydwaarde van geld.
- Die finansiële plan.
- Investerings en beleggings.

Deur die navorsing het dit geblyk dat 'n definitiewe behoefte aan leiding ten opsigte van persoonlike finansiële bestuur veral onder die jonger personeel, sowel as diegene op die laer posvlakke, bestaan. Deur die verskaffing van gepaste leiding kan produktiwiteit, sowel as die lewenskwaliteit van die werknemers, veral na aftrede, aansienlik verhoog word.

Personal financial management of NWK Limited employees

Abstract

Personal financial management is an integrated part of modern man's everyday life. It does not only involve spending his monthly income. It comprises his outlook on life, the way he handles all his financial affairs as well as the way he goes about minimizing his financial risks. The financial plan that the individual has to provide for his retirement, to take care of his dependants as well as the way that the assets he acquired during this lifetime, must be distributed after his death, also forms part of this personal financial management.

The main purpose of the study is to determine the levels of personal financial management practiced by employees of NWK Limited, as well as to determine the need for guidance in this regard.

The following aspects of personal financial management are researched in chapter 2. These aspects were used to determine to what extent personal financial management was performed by having the study population anonymously complete a customized questionnaire. The following aspects were applied:

- Attitude towards money.
- Management style with regards to money.
- Time value of money.
- The financial plan.
- Investments.

The results of the study confirmed that there is a definite need for guidance with regard to personal financial management, especially under the younger employees as well as the personnel in the lower job levels of the company. Through the rendering of a tailored guidance programme, productivity as well as the quality of life, especially after retirement, could be improved significantly.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1	1
1.1	AGTERGROND 1
1.2	MOTIVERING TEN OPSIGTE VAN DIE VOORGESTELDE STUDIE 2
1.3	DIE EFFEK VAN VERHOOGDE FINANSIËLE STRES OP PERSONEEL..... 3
1.4	PROBLEEMSTELLING 5
1.5	DOELWIT VAN DIE STUDIE 6
1.6	OMVANG VAN DIE NAVORSING 6
1.7	NAVORSINGSMETODIEK..... 6
1.8	BEPERKINGS VAN DIE NAVORSING 8
1.9	UITLEG VAN DIE NAVORSING 8
HOOFSTUK 2	9
2.1	INLEIDING 9
2.2	OMVANG VAN PERSOONLIKE FINANSIËLE BESTUUR..... 9
2.3	"MONEY BEHAVIOUR" OF GELDGEDRAG 12
2.3.1	Houding ten opsigte van geld..... 12
2.3.2	Bestuurstyl ten opsigte van geld..... 13
2.3.3	Voordele van vroegtydige finansiële beplanning 17
2.4	TYDWAARDE VAN GELD..... 18
2.4.1	Nominale- en effektiewe rentekoerse 19
2.4.2	Toekomstige waarde 20
2.4.3	Huidige waarde 21
2.4.4	Kontantvloei of paaiement..... 23
2.5	DIE FINANSIËLE PLAN 24
2.5.1	Aktiwiteite in die finansiële plan..... 24
2.5.2	Algemene probleme met persoonlike finansiële bestuur 27
2.5.3	Testamente en boedelbeplanning 28
2.5.3.1	Definisie van 'n testament 29
2.5.3.2	Doel van 'n testament..... 30
2.5.3.3	Wie kan 'n testament opstel? 30
2.5.3.4	Vereistes vir 'n geldige testament 31
2.5.3.5	Voordele van 'n testament 32
2.5.3.6	Intestate boedels 32
2.5.3.7	Gevolge van 'n intestate boedel 33
2.6	INVESTERING EN BELEGGINGS 33
2.6.1	Tipe bates 34
2.6.1.1	Werklike bates..... 34

2.6.1.2	Finansiële bates	34
2.6.2	Risiko	37
2.6.2.1	Bronne van risiko	37
2.6.3	Risiko en opbrengs	39
2.7	SAMEVATTING	40
HOOFSTUK 3	42
3.1	INLEIDING	42
3.2	BESPREKING VAN DIE RESULTATE VOLGENS GROEPVERDELING.....	44
3.2.1	HOUDING TEN OPSIGTE VAN GELD	44
3.2.1.1	Mag en aansien houding (vraag 1-4)	44
3.2.1.2	Tyd terughou en beplanningshouding (vraag 5-12)	45
3.2.1.3	Vertrouende/wantrouende houding (vraag 13-14)	46
3.2.1.4	Beangste houding (vraag 15-16)	46
3.2.1.5	Kwaliteit-houding (Vraag 17-20).....	47
3.2.2	BESTUURSTYLE TEN OPSIGTE VAN GELD (VRAAG 21-37)	48
3.2.2.1	Vermyders of uitstellers (vraag 21)	48
3.2.2.2	Spaarders (vraag 22-23)	48
3.2.2.3	Bekommerdes (vraag 24-25)	49
3.2.2.4	Spandeerders (vraag 26-28).....	50
3.2.2.5	Die geldmaker (vraag 29-30)	50
3.2.2.6	Die winskopiejagter (Vraag 31-33).....	51
3.2.2.7	Dobbelaar (vraag 34-37)	52
3.2.3	TYDWAARDE VAN GELD (VRAAG 38-44).....	52
3.2.4	DIE FINANSIËLE PLAN (VRAAG 45-69)	53
3.2.4.1	Beplanning en kontrolering (vraag 45-49 en vraag 52-53)	53
3.2.4.2	Mediese dekking (vraag 50).....	54
3.2.4.3	Ongeskiktheidsdekking (vraag 51).....	55
3.2.4.4	Testamente en boedelbeplanning (vraag 54-60)	55
3.2.4.5	Aftreebeplanning (vraag 61-69 en vraag 72)	56
3.2.5	INVESTERING EN BELEGGINGS (VRAAG 70-71 EN VRAAG 73-77).....	57
3.2.6	ALGEMENE BEHOEFTEBEPALING (VRAAG 78-84).....	58
3.2.6.1	Produktiwiteitverlies (Vraag 78-80)	58
3.2.6.2	Opleiding behoeftebepaling (vraag 81-84).....	59
3.3	SAMEVATTING	60
HOOFSTUK 4	61
4.1	INLEIDING	61
4.2	AFLEIDINGS EN GEVOLGTREKKINGS.....	61
4.2.1	Houding ten opsigte van geld.....	61
4.2.2	Bestuurstyl ten opsigte van geld.....	62

4.2.3	Tydwaarde van geld.....	64
4.2.4	Die finansiële plan.....	65
4.2.5	Beleggings en investerings	67
4.3	AANBEVELINGS	68
4.4	SAMEVATTING	69
BRONNELYS		70
AANHANGSEL A		74
AANHANGSEL B		77
AANHANGSEL C		82

LYS VAN TABELLE

HOOFSTUK 2

<i>Tabel 2.1 Effektiewe- en nominale rentekoerse.....</i>	<i>20</i>
<i>Tabel 2.2 Aanpassings aan termyne en rentekoerse vanweë intra-jaar berekeninge.</i>	<i>21</i>

HOOFSTUK 3

<i>Tabel 3.1 Totale mag en aansien houding.....</i>	<i>44</i>
<i>Tabel 3.2 Mag-en aansien houding per ouderdom en posgraad.....</i>	<i>44</i>
<i>Tabel 3.3 Totale tyd terughou en beplanningshouding</i>	<i>45</i>
<i>Tabel 3.4 Tyd terughou en beplanningshouding per ouderdom en posgraad</i>	<i>45</i>
<i>Tabel 3.5 Totale vertrouende/wantrouende houding.....</i>	<i>46</i>
<i>Tabel 3.6 Vertrouende/wantrouende houding per ouderdom en posgraad</i>	<i>46</i>
<i>Tabel 3.7 Totale beangste houding</i>	<i>46</i>
<i>Tabel 3.8 Beangste houding per ouderdom en posgraad</i>	<i>47</i>
<i>Tabel 3.9 Totale kwaliteit houding</i>	<i>47</i>
<i>Tabel 3.10 Kwaliteit houding per ouderdom en posgraad</i>	<i>47</i>
<i>Tabel 3.11 Totaal van vermyders of uitstellers</i>	<i>48</i>
<i>Tabel 3.12 Vermyders of uitstellers per ouderdom en posgraad.....</i>	<i>48</i>
<i>Tabel 3.13 Totale van spaarders</i>	<i>48</i>
<i>Tabel 3.14 Spaarders per ouderdom en posgraad</i>	<i>49</i>
<i>Tabel 3.15 Totaal van bekommerdes</i>	<i>49</i>
<i>Tabel 3.16 Bekommerdes per ouderdom en posgraad.....</i>	<i>49</i>
<i>Tabel 3.17 Totaal van spandeerders</i>	<i>50</i>
<i>Tabel 3.18 Spandeerders per ouderdom en posgraad.....</i>	<i>50</i>
<i>Tabel 3.19 Totaal van geldmaker</i>	<i>50</i>
<i>Tabel 3.20 Geldmaker per ouderdom en posgraad</i>	<i>51</i>
<i>Tabel 3.21 Totaal van winskopiejaagter</i>	<i>51</i>
<i>Tabel 3.22 Winskopiejaagter per ouderdom</i>	<i>51</i>
<i>Tabel 3.23 Totaal van dobbelaar</i>	<i>52</i>
<i>Tabel 3.24 Dobbelaar per ouderdom en posgraad</i>	<i>52</i>
<i>Tabel 3.25 Totaal van tydwaarde van geld</i>	<i>52</i>
<i>Tabel 3.26 Tydwaarde van geld per ouderdom en posgraad.....</i>	<i>53</i>
<i>Tabel 3.27 Totaal van beplanning en kontrolering</i>	<i>53</i>
<i>Tabel 3.28 Beplanning en kontrolering per ouderdom en posgraad.....</i>	<i>54</i>
<i>Tabel 3.29 Totaal van mediese dekking</i>	<i>54</i>

<i>Tabel 3.30 Mediese dekking per ouderdom en posgraad</i>	<i>54</i>
<i>Tabel 3.31 Totaal van ongeskiktheidsdekking</i>	<i>55</i>
<i>Tabel 3.32 Ongeskiktheidsdekking per ouderdom en posgraad</i>	<i>55</i>
<i>Tabel 3.33 Totaal van testamente en boedelbeplanning.....</i>	<i>55</i>
<i>Tabel 3.34 Testamente en boedelbeplanning per ouderdom en posgraad</i>	<i>56</i>
<i>Tabel 3.35 Totaal van aftreebeplanning</i>	<i>56</i>
<i>Tabel 3.36 Aftreebeplanning per ouderdom en posgraad.....</i>	<i>57</i>
<i>Tabel 3.37 Totaal van investering en beleggings.....</i>	<i>57</i>
<i>Tabel 3.38 Investering en beleggings per ouderdom en posgraad</i>	<i>58</i>
<i>Tabel 3.39 Totaal van produktiwiteitsverlies</i>	<i>58</i>
<i>Tabel 3.40 Produktiwiteitsverlies per ouderdom en posgraad.....</i>	<i>59</i>
<i>Tabel 3.41 Totaal van opleiding behoeftebepaling.....</i>	<i>59</i>
<i>Tabel 3.42 Opleiding behoeftebepaling per ouderdom en posgraad.....</i>	<i>59</i>

LYS VAN FIGURE

HOOFSTUK 2

<i>Figuur 2.1 Skematiese voorstelling van fases in persoonlike finansiële bestuursproses.</i>	<i>26</i>
<i>Figuur 2.2 Die verhouding tussen risiko en verwagte opbrengs.....</i>	<i>40</i>
<i>Figuur 2.3 Die invloed van finansiële gedrag op lewenstevredenheid. Bron: Eie.</i>	<i>41</i>

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 AGTERGROND

NWK Beperk is een van die drie grootste landboumaatskappye in die Noordwes Provinsie. Die hoofkantoor is te Lichtenburg met bedryfspunte regoor die produksiegebied in hoofsaaklik die Noordwes Provinsie geleë.

Die primêre funksie van NWK Beperk is die ontvangs, hantering, opberging en bemarking van graan namens produsente. NWK se werksaamhede bestaan verder uit die verskaffing van krediet, 'n uitgebreide landmark groep van handelswinkels en die bemarking en instandhouding van landboutoerusting deur 'n meganisasie-netwerk. NWK Beperk se werksaamhede word deur 'n motorhandelaarsagentskap, 'n graanmeule, 'n oliepers en olieverfyningsaanleg, 'n hoenderkuiken produksie-eenheid sowel as 'n veevoerfabriek vervolledig.

Tydens 'n gesprek met NWK se Departement: Menslike Hulpbronne het dit aan die lig gekom dat NWK Beperk 'n werkgewer vir ongeveer 2 160 personeellede is. Dit sluit werknemers uit alle rasse-groepe, geslagte en 'n wye verspreiding van vaardigheids- en opleidingsvlakke in. Uit genoemde gesprek het dit ook duidelik geword dat daar by individue binne die organisasie 'n "onrustigheid" bestaan ten opsigte van hulle eie persoonlike finansiële situasie en meer spesifiek ten opsigte van die mate waartoe pensioenvorsiening voldoende is om in al die finansiële behoeftes ná aftrede te voorsien. Oor die algemeen ontstaan die vraag of werknemers wat finansiële stres in een of ander vorm ervaar, binne die werkverband so produktief is soos verwag word.

Voorts ontstaan die vraag ook of die verskillende vaardigheids- en opleidingsvlakke van die werknemers 'n direkte invloed het op die mate van persoonlike finansiële bestuur wat deur die onderskeie werknemers toegepas word.

Hierdie navorsing het ten doel om te bepaal wat die huidige vlak van persoonlike finansiële bestuur is, wat deur die werknemers van NWK Beperk toegepas word.

1.2 MOTIVERING TEN OPSIGTE VAN DIE VOORGESTELDE STUDIE

Tydens 'n voorlopige literatuurstudie is gevind dat Garman *et al.* (1999:81-84) reeds meer as tien jaar gelede vermeld het dat daar 'n gebrek aan deurlopende persoonlike finansiële bestuur onder werknemers wêreldwyd bestaan. Die waarneming word deur Scandlyn (2004b:74) met navorsing in Australië en Nieu-Seeland bevestig. 'n Soortgelyke tendens is ook in NWK Beperk te bespeur, veral onder die ouer personeellede. 'n Groot onrustigheid bestaan betreffende die stand van hulle pensioen en die onsekerheid betreffende die keuse ten opsigte van beleggings binne die pensioenfonds. Die bekommernis of pensioenvoordele vir 'n finansiële onafhanklike aftrede voldoende sal wees, veroorsaak slapelose nagte vir die betrokke personeel.

Trahan & Gitman (2003:2) maak melding daarvan dat die huidige tendense in die werksomgewing meer verantwoordelikheid op werknemers plaas om self die besluite rakende persoonlike finansiële bestuur te neem. Dit sluit ook besluite soos die beleggingsopsies van pensioenfondse in. Daar bestaan 'n verskeidenheid beleggingskeuses in NWK Beperk se pensioenfonds. Dit strek van geldmarkfondse wat beleggings met baie min risikoblootstellings is, tot volle blootstelling aan aandele wat baie meer riskant is. Die individuele personeel het die vrye keuse om in enige van die opsies sy pensioenfonds te belê. Die vraag ontstaan egter nou, of die meerderheid van personeel ten volle bewus is van die risiko's wat op die onderskeie opsies van toepassing is? Voorts bestaan die vraag ook of besluite betreffende die keuse van 'n beleggingsopsie in die pensioenfonds, op grond van korttermyn opbrengs resultate geneem word of as deel van 'n langtermyn-aftreebeplanning?

Swart (2002:369) het gevind dat slegs ongeveer ses persent (6%) van alle pensioenarisse wêreldwyd onafhanklike finansiële besluite kan neem. Sewe-en-veertig persent (47%) pensioenarisse is van familie afhanklik vir finansiële ondersteuning en sestien persent (16%) is van 'n staatspensioen afhanklik. Verder moet, ongeag van finansiële stand, ongeveer een-en-dertig persent (31%) pensioenarisse aanhou werk na aftrede om te kan oorleef.

1.3 DIE EFFEK VAN VERHOOGDE FINANSIËLE STRES OP PERSONEEL

Indien aanvaar kan word dat dit 'n wêreldwye tendens is om nie vroegtydig met persoonlike finansiële bestuur te begin nie, kan die grondige afleiding ook gemaak word dat, hoe minder tyd die individu tot aftrede oor het, hoe hoër die individu se stresvlakke sal wees.

Navorsing deur Garman, Leech & Grable (1996:164) het reeds getoon dat werkgewers 'n hoë prys betaal, in die vorm van verlaagde produktiwiteit as gevolg van stres wat deur persoonlike finansiële foute veroorsaak word. In die navorsing is ook vermeld dat die koste van verlaagde produktiwiteit as gevolg van swak persoonlike finansiële gedrag deur werknemers substansieel is. Hulle stel dus voor dat werknemers se produktiwiteit verhoog kan word indien goeie persoonlike finansiële bestuursvoorligting deur die werkgewer verskaf word.

Garman *et al.* (1996:159) het gedrag van werknemers wat die gevolg van swak persoonlike finansiële gedrag is, geïdentifiseer. Die optredes sal duidelik ook 'n uiters negatiewe impak op die werkgewer hê. Die optredes sluit onder meer die volgende in: 'n toename in afwesigheid, agterloosigheid, struweling met kollegas en toesighouers, sabotering van die werk van kollegas, 'n verhoging in werk stres, verlaagde produktiwiteit, verlaagde werknemer moraal, verlies van klantebasis, verlies aan inkomste/omset as gevolg van werknemers se optrede, ongelukke en verhoogde risikoneming, 'n verhoging in ongeskiktheid- en derde party eise, toename in dwelmverslawings en drankmisbruik, toename in selfmoord en selfs moord, verhoogde gebruik van beskikbare gesondheidsorg-fasiliteite, verhoogde diefstal van voorraad en toerusting, verlaging aan die verbondenheid tot die strategie van die werkgewer, verhoging in die voorkoms van gesinsgeweld, verlies van produktiewe tyd om personeelprobleme te hanteer, die verlies van vaardighede sowel as die verhoging in personeelomset.

Trahan & Gitman (2003:2) maak ook melding daarvan dat die huidige tendense in die werksomgewing meer verantwoordelikheid op werknemers plaas om self die besluite rakende persoonlike finansiële bestuur te neem. Dit sluit besluite soos die beleggingsopsies van pensioenfondse in. Dit het tot gevolg dat al hoe meer werknemers hul fondse in riskante bates soos aandele belê. Die komplekse en

belangrike besluite word meestal sonder die nodige agtergrondskennis of kundigheid geneem. Die tipe besluite het 'n enorme uitwerking op die realisering van lewensdoelwitte en lewensdrome.

Groot besparings kan vir die werkgewer verkry word deur die verskaffing van persoonlike finansiële bestuursopleiding. Garman *et al.* (1996:165) het tydens navorsing bevind dat werkgewers tot soveel as \$5 op die langtermyn spaar vir elke \$1 spandeer aan persoonlike finansiële bestuursopleiding.

Trahan & Gitman (2003:9) het ook bevind dat verskeie redes bestaan hoekom sommige maatskappye persoonlike finansiële bestuursdienste aan hulle werknemers bied. Dit sluit onder meer die volgende in:

- 70% Deel van omvattende voordele pakket.
- 67% Om sleutelpersoneel te behou.
- 47% Om kompetender te wees met mededingers.
- 40% Om werknemers op hul werk gefokus te hou.
- 33% Om buitengewone personeel te werf.

Garman *et al.* (1999:81-83) sowel as Trahan & Gitman (2003:2) het verder bevind dat tot soveel as 80% van werknemers addisionele voorligting ten opsigte van persoonlike finansiële bestuur verlang. Hiermee saam het Garman *et al.* (1999:84) bevind dat die prestasiebeoordeling van werknemers deur toesighouers baie gekorreleer is met die werknemer se finansiële welstand. Dit sluit ook aan by vorige navorsing van Trahan & Gitman (2003:9), wat toon dat finansiële stres werknemers se produktiwiteit verlaag.

Uit 'n persoonlike gesprek met die Bestuurder: Opleiding, Departement Menslike Hulpbronne, is vasgestel dat die mening bestaan dat indien vroegtydige, behoorlike en omvattende persoonlike finansiële bestuursleiding aan personeellede verskaf kan word, die fokus, lojaliteit en produktiwiteit van werknemers aansienlik verhoog sal word. Afwesigheid as gevolg van stres word ook daardeur drasties verminder. Die mening word deur navorsing van onder meer Garman *et al.* (1996:162), sowel as Joo & Garman (1998:166-168) bevestig.

Joo & Garman (1998:166-168) is ook van mening dat persoonlike finansiële bestuursopleiding as 'n addisionele funksie van personeelbestuur aangewend kan word om na die persoonlike welstand van personeel om te sien.

Dit kan geredeneer word dat ten einde motivering, werktevredenheid, fokus van werknemers en algemene werkerwelstand te bevorder, aspekte rakende die bestuur van persoonlike finansies beide op die individuele en in die werksomgewing aangespreek moet word. Enkele aspekte wat oorweging behoort te geniet sluit in: persoonlike begrotings en die toepassing van begrotings, aftreebeplanning en verwante versekeringsprodukte asook boedelbeplanning en die instandhouding van 'n testament.

Garman *et al.* (1999:84) het ook bevind dat die prestasiebeoordeling van werknemers deur toesighouers dikwels gekorreleer is met die werknemer se finansiële welstand. Dit is gegrond daarop dat, indien werknemers minder stres as gevolg van hulle finansiële probleme ervaar, hulle meer gefokus, produktief en effektief is. Die uitvloeisel hiervan is dat 'n meer produktiewe en motiverende werksklimaat in die werksomgewing heers. Dit kan dan afgelei word dat, indien 'n meer produktiewe en gelukkige werksomgewing bestaan, dit 'n positiewe effek op die winsgewendheid van die onderneming sal hê.

Soos hierbo beredeneer, is dit duidelik dat die individuele persoonlike finansiële situasie nie in isolasie gesien kan word nie, aangesien daar waarskynlik 'n verband tussen die persoonlike finansiële situasie en 'n menigte van werkgewer- en werknemerverwante aspekte bestaan. Uit bostaande bespreking is dit ook duidelik dat persoonlike finansiële bestuur en aftreebeplanning komplekse aktiwiteite is wat besondere eise aan individue stel.

1.4 PROBLEEMSTELLING

Ten einde die voordele van 'n toegewyde en gemotiveerde werkerskorps te geniet is dit noodsaaklik dat werknemers sover moontlik bemagtig moet word om persoonlike finansiële onafhanklikheid te kan verkry. In dié verband is dit 'n kernprobleem vir werkgewers en werknemers om te verseker dat individue die kundigheid het, of verkry, ten einde individue in staat te stel om hul persoonlike finansies so te bestuur dat die bereiking van finansiële onafhanklikheid 'n moontlikheid is.

1.5 DOELWIT VAN DIE STUDIE

Die doelwitte is om kwalitatiewe navorsing betreffende die vlakke van persoonlike finansiële bestuur wat binne NWK Beperk deur die individuele personeellede toegepas word, te doen. Die resultate sal gebruik word om vergelykings ten opsigte van die volgende faktore te tref:

- Geldgedrag.
- Die tydwaarde van geld.
- Die finansiële plan.
- Investering en beleggings.
- Bepaling van die aspekte waar opleiding benodig word.

1.6 OMVANG VAN DIE NAVORSING

Die omvang van die navorsing sal poog om die vlakke van persoonlike finansiële bestuur wat oor die hele NWK-groep van maatskappye toegepas word, te meet. Dit sluit die moedermaatskappy, al die filiale en nywerhede in die NWK-groep in. Die vraelyste sal in Afrikaans, wat die spreektaal van die meeste NWK werknemers is, opgestel word en na 'n steekproef van ongeveer 430 werknemers binne die NWK-groep versprei word vir voltooiing. Die steekproef sluit werknemers vanaf die laagste posvlakke tot en met topbestuur en van alle ouderdomsgroepe in.

1.7 NAVORSINGSMETODIEK

Die navorsing sal in vier (4) fases uitgevoer word:

Fase 1 – Literatuurstudie

Tydens hierdie fase sal aandag aan verskeie fasette van persoonlike finansiële bestuur geskenk word. Dit sal onder meer die volgende onderwerpe insluit:

- **Die houding ten opsigte van geld**

In hierdie gedeelte sal ondersoek gedoen word na watter houdings individue sou hê ten opsigte van geld. Die breë groepe sal bespreek word.

- **Die bestuurstyle ten opsigte van geld**

Die verskillende bestuurstyle en die kenmerke van die verskillende bestuurstyle ten opsigte van geld sal ondersoek word.

- **Die tydwaarde van geld**

Tydwaarde van geld is die basis van 'n langtermyn finansiële plan. Die beginsels wat gesamentlik deur die term "tydwaarde van geld" omskryf word, sal aangespreek word.

- **Die finansiële plan**

Hierdie gedeelte van die literatuurstudie sal fokus op die verskillende komponente van die finansiële plan. Dit sluit onder meer in beplanning, organisering, leiding en kontrolering van die finansiële plan. Voorts sal ook aandag aan aftree- en boedelbeplanning gegee word.

- **Investering en beleggings**

Die verskillende investerings- en beleggingsopsies wat vir die individu beskikbaar is, sowel as die risiko verbonde aan die verskillende opsies, sal bespreek word.

Fase 2 – Empiriese studie (verspreiding van die vraelyste)

Geen bestaande vraelyste wat gepas is vir die doel van die navorsing, kon gevind word nie. Gepaste vraelyste sal dus ontwikkel word. Die vraelyste sal dan aan 'n verteenwoordigende steekproef van ongeveer 430 personelede van NWK Beperk en van die bedryfspunte en filiale versprei word.

Fase 3 – Ontleding van die vraelyste

Sodra die voltooide vraelyste ingesamel is, gaan beskrywende statistiese analise met behulp van die Noordwes-Universiteit se statistiese konsultasiediens gedoen word om die nodige vergelykings te kan tref.

Fase 4 – Rapportering van bevindinge

Die resultate van die navorsing sal in die vorm van beskrywings, beskrywende tabelle en aanbevelings aangebied word. Moontlike verdere vraagstukke en onderwerpe vir toekomstige navorsing sal ook geïdentifiseer word.

1.8 BEPERKINGS VAN DIE NAVORSING

Moontlike beperkings wat voorsien word is die tydige terugvordering van die voltooide vraelyste om 'n volledige en verteenwoordigende resultaat uit die beskrywende statistiese analise te kan verkry.

Indien nie genoegsame voltooide vraelyste terug ontvang word nie, kan 'n moontlike wanindruk verkry word van die vlakke van persoonlike finansiële bestuur wat veral op grondvlak toegepas word.

1.9 UITLEG VAN DIE NAVORSING

Die uitleg van die mini-skripsie sal gebaseer wees op die fases waarin die navorsing gedoen word.

Hoofstuk 1

Inleiding, agtergrond en probleemstelling.

Hoofstuk 2

Literatuurstudie.

Hoofstuk 3

Empiriese studie en ontleding/analise van data.

Hoofstuk 4

Rapportering van die navorsingsresultate en die maak van aanbevelings.

HOOFSTUK 2

WERKNEMER PERSOONLIKE FINANSIËLE BESTUUR: 'N OORSIG

2.1 INLEIDING

Warschauer (2002:204) meld dat die "Certified Financial Planner"-raad se definisie van persoonlike finansiële beplanning as volg lui: *"Personal financial planning or financial planning, denotes the process of determining whether and how an individual can meet life goals through the proper management of financial resources."* Warschauer is egter van mening dat die definisie sekere kritiese aspekte uitlaat. Hy definieer finansiële bestuur as volg: *"Financial planning is the process that takes into account a client's personality, financial status and the socio-economic and legal environments and leads to the adoption of strategies and use of financial tools that are expected to aid in achieving the client's financial goals."*

Hoewel finansiële bestuur die basis van persoonlike finansiële bestuur vorm, impliseer die term "persoonlike finansiële bestuur" die direkte, persoonlike betrokkenheid van die individu by die hele proses.

2.2 OMVANG VAN PERSOONLIKE FINANSIËLE BESTUUR

Swart (2002:2) vermeld dat die grootste fout wat mense in persoonlike finansiële bestuur en finansiële beplanning maak, is om dit met beleggingsbestuur te verwar. Beleggingsbestuur is slegs 'n klein onderafdeling van persoonlike finansiële bestuur.

Volgens Swart (2002:2) bestaan persoonlike finansiële bestuur uit 'n hele versameling van onafhanklike beplannings- en bestuursprosesse wat onder meer die volgende insluit:

- **Die meting en beoordeling van persoonlike finansiële prestasie**

Dit is die beginpunt van persoonlike finansiële bestuur. Dit sluit die beoordeling van die huidige finansiële posisie, die stel van doelwitte en die gereelde kontrolering van die huidige posisie sowel as die vordering wat met die bereiking van die gestelde doelwitte gemaak word, in. Dit kan ook die stel van nuwe doelwitte sowel as die aanpassing van die plan as gevolg van 'n verandering in omstandighede insluit.

- **Loopbaanbeplanning**

Hierdie gedeelte fokus op die plan wat 'n individu opstel om sy doelwitte ten opsigte van sy loopbaan te bereik. Dit kan onder meer studies en kursusse om die nodige vaardighede aan te leer, insluit. Daardeer is die individu meer geskik om aan die vereistes van die gekose loopbaan te voldoen.

- **Inkomstebelastingbeplanning**

Hierdie gedeelte fokus op die beplanning en optrede wat 'n individu kan onderneem om sy besigheidsinkomste, salarispakket of beleggingsinkomste so belastingvriendelik as moontlik te kry. Dit het 'n besparing aan inkomstebelasting tot gevolg wat die kontantvloei van die individu positief sal beïnvloed.

- **Boedelbeplanning**

Hierdie deel van persoonlike finansiële bestuur fokus op die opstel van 'n plan wat ten doel het om die bates van die individu ná sy dood aan sy geliefdes, afhanklikes of gekose erfgename oor te dra. Dit begin met die opstel en gereelde hersiening van 'n testament, en sluit die beplanning van die boedel op so 'n wyse dat die finansiële effek van eksekuteur-vergoeding en boedelbelasting tot die minimum beperk kan word, in.

- **Beleggingsbeplanning**

Die fokus word hier op die beleggings- of investeringsplan van die individu geplaas. Dit behels 'n wye reeks van aktiwiteite wat begin met die stel van doelwitte. Dit sluit onder meer ook die aankoop van 'n woning, versekeringsprodukte soos dood- en ongeskiktheidsdekking, uitkeerpolis, pensioenfondsbydraes en die samestelling van 'n beleggingsportefeulje in.

- **Beskermingsbeplanning**

Hierdie gedeelte fokus veral op beskerming teen onvoorsiene gebeure en omstandighede. Dit het ten doel om die risiko van onvoorsiene gebeurtenisse aan te spreek en die finansiële effek van die risiko's te probeer beperk. Die beplanning sluit onder meer gesondheidsorgversekering, korttermynversekering, lewensversekering, ongeskiktheidsdekking, inkomstebeskerming en traumadekking in.

- **Kredietbeplanning**

Kredietbeplanning het ten doel om die gebruik van krediet so aan te wend dat dit voordelig en bruikbaar is. Baie min individue kan dit bekostig om groot items soos huise, motors en selfs meublement kontant te koop. Dit het tot gevolg dat van krediet gebruik gemaak moet word om die aankope te finansier. Die krediet moet nie die begroting oorheers sodat die grootste gedeelte van die individu se inkomstestroom aangewend moet word om die kredietverpligting na te kom nie.

Kredietbeplanning sluit aan by die gereelde evaluering van die huidige finansiële posisie en die opstel en kontrolering van die persoonlike begroting. Kredietbeplanning vorm dus deel van die bereiking van gestelde doelwitte.

- **Aftreebeplanning**

Aftreebeplanning het ten doel om die individu tydens sy aftrede in so 'n finansiële posisie te plaas dat hy selfvoorsienend en finansiëel onafhanklik sal wees. Aftreebeplanning het 'n noue verband met die kontrolering van die individu se finansiële posisie, sy beleggingsbeplanning, die beskermingsbeplanning en selfs boedelbeplanning.

Alvorens 'n individu egter met die opstel van persoonlike finansiële plan kan begin, moet eers navorsing gedoen word om die volle omvang van persoonlike finansiële bestuur te begryp. Dit begin met die identifisering van die persoonlikheidskategorie waarin die individu val. Dit kan van hulp wees om tekortkominge te identifiseer wat aangespreek moet word. Die basiese begrippe en beginsels van beleggings en die verband tussen risiko en opbrengs moet ten volle begryp word. Die belangrikheid van die stel van doelwitte en die stappe om dit te bereik, word binne die finansiële plan bespreek. Laastens is 'n goeie begrip van die verskillende beleggingsprodukte en klasse bates waarbinne die beleggingsportefeulje verdeel kan word, nodig.

Vir die doeleindes van die studie gaan die navorsing in vier breë segmente verdeel word naamlik:

1. "Money Behaviour" of finansiële gedrag.
2. Tydwaarde van geld.
3. Die finansiële plan.
4. Investering en beleggings.

2.3 "MONEY BEHAVIOUR" OF GELDGEDRAG

Geldgedrag van 'n individu word verdeel in twee verskillende aspekte naamlik die houding ten opsigte van geld en die wyse waarop die individu sy geld, of inkomste, bestuur. Indien 'n individu 'n duidelike begrip van sy houding ten opsigte van geld het, word 'n duideliker begrip van die bestuurstyl wat hy ten opsigte van geld handhaaf, verkry. Daaropvolgend kan regstellende optrede geneem word om die negatiewe gevolge van die bestuurstyl se impak te verminder. Die noodsaaklikheid en voordele daarvan verbonde om so vroeg as moontlik met besparing te begin sal ook in die volgende gedeeltes uitgelig word.

2.3.1 Houding ten opsigte van geld

Perry & Morris (2005:310) is van mening dat 'n persoon se lokus van kontrole 'n wesenlike invloed op die persoonlike finansiële bestuur wat 'n persoon toepas, het. Hulle beskryf lokus van kontrole as die algemene, relatief stabiele geneigdheid om die omgewing en omstandighede te interpreteer. Dit sluit ook die persoon se algemene opvattinge en geloof ten opsigte van oorsake, belonings en gevolge in.

'n Persoon met 'n interne lokus van kontrole glo dat hy in beheer van sy omstandighede is en dat hy deur sy optrede die uitkoms van gebeure en omstandighede kan beïnvloed.

'n Persoon met 'n eksterne lokus van kontrole glo meer dat geluk, noodlot en onvoorsiene omstandighede die uitkoms van gebeure beïnvloed.

Die individue met 'n interne lokus van kontrole is dus meer aksie-georiënteerd en gemotiveerd as 'n persoon met 'n eksterne lokus van kontrole. Dit het tot gevolg dat die individu met 'n interne lokus van kontrole ook meer kontrole-georiënteerd is en proaktief in sy persoonlike finansiële bestuur optree.

Uit die bostaande is dit duidelik dat 'n individu se houding ten opsigte van geld, of die wyse waarop hy persoonlike finansiële bestuur toepas, nie 'n gevolg is van die vlakke van inkomste nie, maar eerder die gevolg van vorige ondervindinge sowel as sy persepsies en oortuigingsraamwerk. Die stelling word ook deur Furnham & Okamura (1999:1158) bevestig.

Furnham & Okamura (1999) maak verder melding van vyf tipes houdings of benaderings wat persone in die hantering van hulle finansies volg. Dit kan as volg beskryf word:

- **Die mag-en-aansien houding:** Die persone wat in hierdie kategorie resorteer, gebruik meestal hulle geld om mense te beïnvloed en/of te beïndruk. Geld word 'n middel om mag oor mense of omstandighede te verkry. Geld is dus die gereedskap om doelwitte te bereik en om die individu se selfbeeld te verbeter.
- **Die tyd-terughou-en-beplanningshouding:** Individue wat in hierdie kategorie val neig om eers tyd te neem in besluite rakende hulle geldsake. Die implikasies word deeglik oorweeg en die voordele en nadele teen mekaar afgespeel, alvorens besluite geneem word. Die bereiking van gestelde doelwitte is hoog op die agenda van hierdie persone.
- **Die vertrouende-en-wantrouende houding:** In effek is dit twee verskillende kategorieë. Individue wat in die vertrouende kategorie val sal makliker geld spandeer en nie aan die nagevolge dink nie. Hy twyfel nie aan die motiewe vir die spandering van geld nie. Die individu met 'n wantrouende houding sal meestal skepties wees in die aangaan van transaksies. Die persoon sal ook eers sekerheid verkry alvorens geld spandeer word.
- **Die beangste houding:** Persone wat in hierdie kategorie val is beangs wanneer hulle geld moet spandeer. Baie tyd word spandeer aan wroeging of die versekering dat die regte besluit geneem word. Hulle is ook meer gefokus op die toekoms en die moontlike negatiewe implikasies van 'n transaksie.
- **Die kwaliteit houding:** Persone wat in hierdie kategorie val se fokus is op die kwaliteit van die produkte of dienste wat aangekoop word. Die persoon is meer gesteld op die kwaliteit van die produk as die prys. So 'n persoon is meestal bereid om 'n premieprys vir hoë kwaliteit produkte te betaal.

2.3.2 Bestuurstyl ten opsigte van geld

Collins (2001:26) vermeld dat die individu se houding ten opsigte van geld sy hele lewe sowel as lewenswyse beïnvloed. Dit sluit in sy houding ten opsigte van sy werk, sy

vriende, politieke opinie, huwelik en selfs kinders. Volgens die stelling is dit duidelik dat geld die lewe sowel as lewenswyse van individue beheer. Dit sluit ook die bestuurstyl wat individue ten opsigte van geld volg, in.

Om die individu se bestuurstyl ten opsigte van geld te verstaan moet die individu eers geklassifiseer word in breë klasse wat kenmerkende karaktereienskappe openbaar of verteenwoordig. Die lokus van kontrole kom ook duidelik na vore in die klassifikasie van 'n persoon in die wyse van sy hantering van sy finansies. Collins (2001:26) sowel as Furnham & Okamura (1999:1158) maak melding van die onderstaande basiese groepe.

- **Die Vermyders of Uitstellers:** Die persone hou nie daarvan om hulle geld te sien of daaraan te dink nie. Hulle vermy die hantering van finansies en finansiële beplanning sover moontlik.
- **Die Spaarders:** Die persone spandeer so min moontlik en spaar soveel moontlik. Hulle het 'n inherente vrees dat hulle nie genoeg sal kan spaar nie. Die persone het 'n vrees om geld te verloor en is geneig om wantrouig te wees. Hulle kan ook nie die voordele wat hulle geld vir hulle bring ten volle geniet nie.
- **Die Bekommerdes:** Die persone glo altyd dat daar nooit genoeg van alles sal wees nie. Hulle is ook meestal bekommerd dat 'n krisis of katastrofe op pad is.
- **Die Spandeerders:** Die groep persone moet voortdurend koop en geld spandeer om gelukkig te wees. Die persone is geneig om impulsief en ondeurdagte aankope te doen. Dit kom veral voor wanneer hulle depressief of neerslagtig voel. Die spandering van fondse verskaf 'n korttermyn verligting van die neerslagtigheid maar lei meestal tot 'n verhoogde skuldgevoel. Hulle spaar baie min.
- **Die Geldmaker:** Die persone is van mening dat hulle ten alle koste geld moet maak. Geld word beskou as die middel om mag, status en goedkeuring te verkry. Hulle beskou geld as die enigste wyse om beheer oor hulle wêreld te verkry.
- **Die Winskopiejaagter:** Die persone sal niks koop indien dit nie teen 'n afslagprys is nie. Hulle sal selfs goedere aankoop wat nie nodig is nie indien dit maar net teen 'n afslagprys aangeskaf kan word.

- **Die Dobbelaar:** Die persone geniet die opwinding en adrenalien wat die neem van kanse meebring. Hulle geniet die sensasie en gevoel van mag wanneer hulle wen en sukkel om op te hou selfs al verloor hulle.

Scandlyn (2006:84) is van mening dat die meeste individue volgens hulle bestuurstyl van geld as uitstellers geklassifiseer kan word. Dit is die mees algemene probleem wat op die pad na aftrede by alle mense voorkom, is die aanhoudende uitstel om met persoonlike finansiële bestuur te begin, of selfs om net daaraan te dink. Verskeie redes vir uitstel om daadwerklik met besparing te begin, word maklik gevind. Die uiteinde is dat die positiewe effek van saamgestelde rente verlore gaan. Die uiteinde van voortdurende uitstel is dat die individu gedwing word om aan te hou werk na aftrede om te kan oorleef.

Daar is verskeie redes hoekom individue aanhou om die belangrike besluitneming uit te stel. Die belangrike besluite sluit veral finansiële besluite in, en dan veral die wat verantwoordelikheid verg en verreikende implikasies vir die individu inhou. Scandlyn (2006:84) beskou die onderstaande as redes vir die aanhoudende uitstelprobleem en doen ook wenke aan die hand om die aanhoudende siklus van voortdurende uitstel te breek.

- **Doelwitte en meer doelwitte:** Sommige individue stel baie doelgerigte doelwitte aan hulself. Hul glo dat hulle met persoonlike finansiële beplanning sal begin sodra hulle 'n spesifieke doelwit bereik het. Dit gebeur egter nie aangesien die volgende doelwit of mylpaal maar net gestel word.

Dit sluit byvoorbeeld die volgende in:

- Nadat die kinders die huis verlaat het.
- Wanneer 'n sekere ouderdom bereik is.
- Wanneer die kredietkaart, oortrokke rekening ens. afbetaal is.
- Wanneer die huisverband afbetaal is.
- Nadat die groot oorsese vakansie geniet is.

'n Wenk om die probleem te oorkom is om die beloftes op papier vas te lê en daarby te hou. Dit sluit ook in om die besluit en doelwitte met 'n derde party te bespreek.

- **Noodsaaklikhede of behoeftes:** Sommige individue kan nie onderskei tussen noodsaaklikhede waarsonder hulle nie kan klaarkom, en behoeftes nie. Behoeftes sluit dikwels luukshede en impulsiewe aankope in.

'n Wenk is om eers goed te oorweeg of die beplande aankope 'n noodsaaklikheid of 'n behoefte is. Om behoorlike beplanning volgens 'n begroting te doen kan ook help om impulsiewe aankope hok te slaan.

- **Sien nie die volle prentjie:** Soveel mense sien nie volle prentjie van die lewenskoste gedurende aftrede nie. Hulle dink nie aan die bron van inkomste na aftrede nie. Hulle dink ook nie of die bedrag staatspensioen genoegsaam sal wees vir hulle lewenskoste nie.

'n Wenk is om vir die individu te vra om te dink wat hy tans met die huidige bedrag van staatspensioen kan koop. Wil hy na aftrede so leef?

- **Die bekostigbaarheidskrisis:** "Ek kan dit nie bekostig nie." Dit is die grootste verskoning wat individue het in reaksie op die gebrek aan persoonlike finansiële beplanning. Die rede kom nie net by die lae-inkomste groep voor nie maar wel oor die hele spektrum van inkomstegroepe.

'n Wenk is om 'n begroting op te stel en veral op die luukshede in die uitgawekant te fokus. Besteding is die hoof-faktor wat persoonlike finansiële sukses beïnvloed.

- **Die versteningseffek:** Die gedagte aan 'n doelgerigte oorsig van die huidige persoonlike finansiële situasie laat sommige individue versteen. Hulle is nie in staat om voort te gaan en die realiteit te aanvaar of iets daaraan te doen nie.

Die beste raad is om die doelgerigte besluit te neem, en seker te maak van die stand van die finansiële posisie. Dit verskaf nie net 'n duidelike prentjie van die huidige toedrag van sake nie maar kan ook dien as 'n riglyn vir toekomstige optrede.

- **Die Siamese tweeling benadering:** Die individu sien geen rede vir persoonlike finansiële beplanning in nie omdat hy glo dat hy die res van sy lewe sal voortgaan om te werk.

Die beste raad is om die individu daarop te wys dat siekte of mediese ongeskiktheid dit wel onmoontlik kan maak om onophoudelik te werk en dat aftrede wel 'n realiteit is. Daar moet 'n ommekeer in die gedagtegang van die individu plaasvind.

- **Die suksesvolle individu:** Vele individue glo dat, vanweë die feit dat hulle hoogs suksesvol in hulle werk of besigheid is, hulle ook so suksesvol sal wees in alle opsigte van hulle lewens. Dit sluit dus ook die neem van beleggings- en persoonlike finansiële besluite in.

Die individu moet leer om te beseft dat sukses nie gewaarborg is nie en dat die neem van komplekse beleggings- en persoonlike finansiële bestuursbesluite groot risiko's behels.

Indien die redes vir die voortdurende uitstel probleem beseft word, kan daar ook met sekerheid geredeneer word dat dit baie meer voordelig is om eerder vroeër as later met persoonlike finansiële bestuur te begin. Die volgende word deur Scandlyn (2004a:71) beskou as voordele verbonde aan vroegtydige finansiële beplanning:

2.3.3 Voordele van vroegtydige finansiële beplanning

- **Sekerheid word verkry of die hulpbronne voldoende sal wees om aan die behoeftes te voldoen.** Die sekerheid veroorsaak 'n rustigheid. Indien daar leemtes in die finansiële plan is, is steeds genoeg tyd beskikbaar om regstellings aan die plan aan te bring.
- **Bates en beleggings kan so belastingvoordelig moontlik gestruktureer word.** Die oogmerk is om soveel moontlik geld te spaar en so min as moontlik belasting op die opbrengs te betaal. Die opbrengskoers moet egter van so 'n aard wees dat die nabelaste opbrengs steeds markverwant is.
- **Besluitnemingsdruk word verlig.** Die stres verbonde aan groot besluitnemings word verlig. Meer tyd is beskikbaar om behoorlike beplanning te doen en die beste moontlike beleggingskeuses te maak.

- **Goeie boedelbeplanning kan gedoen word.** Goeie en deeglike boedelbeplanning kan gedoen word. Genoegsame lewenspolis kan uitgeneem word. Die testament kan op so wyse opgestel word dat die beste moontlike versorging vir die langsliewende eggenoot en afhanklikes verseker word en dat die bates van die individu volgens sy wil verdeel word. Dit sluit ook in om genoegsame likiditeit in die boedel te verseker dat geen vaste bates verkoop moet word vanweë boedelbelasting verpligtinge nie.
- **Beplanning kan op 'n ontspanne wyse, vry van druk gedoen word.** Die redes en voordele stem ooreen met die redes van die besluitnemingsdruk wat verlig word.
- **Moontlike probleme en slaggate kan vroegtydig geïdentifiseer word.** Genoegsame tyd is beskikbaar om afwykings en probleme te identifiseer en regstellings of wysigings aan die finansiële plan aan te bring. Waar probleme ontstaan as gevolg van die stand van die ekonomie of wysigings aan bestaande wetgewing, byvoorbeeld die inkomstebelastingwet, kan veranderinge aan die finansiële plan betyds aangebring word om enige potensiële negatiewe effek te minimaliseer.
- **Indien die doelwitte te groot is, kan vroegtydige wysigings aan die finansiële plan aangebring word.** Die realiteite van die oorblywende tydperk, die opbrengskoers en die bedrag geld beskikbaar vir besparing moet verstaan word. Dus kan die realiteite besef word en 'n realistiese en haalbare plan kan opgestel word.
- **Dit verminder bekommernisse en stres.** Indien 'n individu weet wat sy finansiële plan behels, sy doelwitte duidelik gedefinieer is en hy weet wat sy finansiële posisie is, word stres en bekommernis aansienlik verminder. Die individu kan sy aandag, tyd en energie meer konstruktief aan ander sake bestee.

2.4 TYDWAARDE VAN GELD

Een van die belangrikste faktore wat 'n rol speel in die beleggingswêreld is die verskynsel wat "die tydwaarde van geld" heet. Marx *et al.* (2006:42-55) en Megginson, Smart & Gitman (2007:72-107) bespreek dié faktor en verduidelik dat 'n bedrag geld

vandag meer werd is as dieselfde bedrag geld op 'n tydstip in die toekoms. Dit gebeur omdat die geld tans geïnvesteer kan word en rente, dividende, inkomstevloei en kapitaalwins kan genereer.

Die volgende aspekte het 'n invloed op die tydwaarde van geld en is volgens Marx *et al.* (2006:42-55) en Megginson, Smart & Gitman (2007:72-107) nodig om die berekeninge te kan maak:

- **Nominale- en effektiewe rentekoerse:** Die rentekoers wat gebruik word om 'n lening of 'n belegging te kwoteer is normaalweg die nominale rentekoers. Die effektiewe rentekoers is die werklike rentekoers wat 'n individu verdien op sy belegging of wat hy betaal vir die geleende geld.
- **Toekomstige waarde:** Die toekomstige waarde is die waarde van 'n belegging, of van 'n lening, op 'n spesifieke tyd in die toekoms.
- **Huidige waarde:** Die huidige waarde is die waarde van 'n belegging, of van 'n lening, op die onmiddellike tydstip.
- **Kontantvloei:** Die kontantvloei verwys na die rente of dividende op 'n belegging ontvang, of die paaiemente wat op 'n lening betaal word.
- **Die tydsduur:** Die tydsduur verwys na die beleggingstydsduur waarvoor die belegging gemaak is of die tydperk waarbinne die lening betaalbaar is.

2.4.1 Nominale- en effektiewe rentekoerse

Marx *et al.* (2006:42) omskryf die nominale rentekoers as die rentekoers wat gebruik word om 'n lening of 'n belegging te kwoteer. Die effektiewe rentekoers is die werklike rentekoers wat 'n individu verdien op sy belegging of wat hy betaal vir die geld geleen. Die effektiewe rentekoers is afhanklik van die nominale rentekoers en die aantal kere waarop die rente per jaar bereken en betaal word.

Vir die doeleindes van verduideliking word aanvaar dat 'n bedrag belê word en rente sal verdien. Die rente, of opbrengs, word op 'n spesifieke tydstip vir die afgelope tydperk soos in die ooreenkoms gestipuleer, bereken. Die rente word nou deel van die

belegging. Dit impliseer dat die oorspronklike bedrag verhoog word, met die rente wat verdien is. Tydens die daaropvolgende renteberekening sal rente nou op 'n verhoogde bedrag bereken word. Die term vir hierdie tendens is saamgestelde rente.

Marx *et al.* (2006:42) vermeld dat die volgende formule gebruik kan word om die effektiewe rentekoers te bereken:

$$i_{\text{eff}} = (1 + (i_{\text{nom}}/n))^n - 1$$

waar:

i_{eff} = die jaarlikse effektiewe rentekoers;

i_{nom} = die jaarlikse nominale rentekoers; en

n = die aantal kere waartydens rente per jaar bereken word.

Die onderstaande tabel dien as illustrasie vir die verskil tussen nominale- en effektiewe rentekoerse. 'n Nominale rentekoers van 10% per jaar word as voorbeeld geneem.

Tabel 2.1 Effektiewe- en nominale rentekoerse.

BEREKENINGS-INTERVAL	EFFEKTIEWE RENTEKOERS (%)
Jaarliks (n=1)	10.000
Halfjaarliks (n=2)	10.250
Kwartaalliks (n=4)	10.381
Maandeliks (n=12)	10.471
Daagliks (n=365)	10.515

Bron: Marx *et al.* (2006:43).

2.4.2 Toekomstige waarde

Marx *et al.* (2006:43) beskryf die toekomstige waarde as die waarde van 'n bedrag op spesifieke tydperk in die toekoms. Die toekomstige waarde is die oorspronklike bedrag waarby die rente verdien, of ander inkomstestrome soos dividende, gevoeg is. Die toekomstige waarde is afhanklik van die oorspronklike bedrag, die rentekoers sowel as die aantal tydperke waarop rente bereken is.

Indien rente meer as een keer in die tydperk bereken word, sluit die toekomstige waarde ook rente op die vorige rentebedrag in. Die begrip verduidelik ook die beginsel van saamgestelde rente.

Volgens Marx *et al.* (2006:42) kan die volgende formule gebruik word om die toekomstige waarde te bereken:

$$FV_n = PV(1+i)^n$$

waar:

FV_n = die toekomstige waarde aan die einde van n tydperke;

PV = die oorspronklike bedrag;

i = die jaarlikse rentekoers (nominale rentekoers); en

n = die aantal periodes waarop rente bereken word.

Die onderstaande tabel dien as illustrasie vir die rentekoers en tydperk aanpassings wat gemaak moet word indien rente meer as een keer per jaar bereken word. 'n Nominale rentekoers van 10% per jaar word as voorbeeld geneem.

Tabel 2.2 Aanpassings aan termynre en rentekoerse vanweë intra-jaar berekeninge.

BEREKENINGS INTERVAL	Aanpassing aan aantal tydperke	Aanpassing aan rentekoers
Jaarliks	$n = 1$	$i = i$
Halfjaarliks	$n \times 2$	$i / 2$
Kwartaalliks	$n \times 4$	$i / 4$
Maandeliks	$n \times 12$	$i / 12$
Weekliks	$n \times 52$	$i / 52$
Daaglik	$n \times 365$	$i / 365$

Bron: Marx *et al.* (2007:45), aangepas.

2.4.3 Huidige waarde

Marx *et al.* (2006:48) verduidelik dat die huidige waarde gesetel is in die feit dat 'n spesifieke bedrag op die huidige tydstop meer werd is, of meer koopkrag het, as dieselfde bedrag oor 'n tydperk van byvoorbeeld 'n jaar van die oorspronklike tydstop af. Dit kan verduidelik word as die bedrag wat 'n persoon op die huidige tydstop bereid sal wees om te betaal vir die ontvangs van 'n spesifieke bedrag, op 'n spesifieke tydstop in die toekoms, teen 'n gespesifiseerde rente- of opbrengskoers.

Die huidige waarde is die omgekeerde van die toekomstige waarde. Die formule van die toekomstige waarde kan dus gewysig word om die huidige waarde te bereken. Die formule volgens Marx *et al.* (2006:48) is dan as volg:

$$PV_n = FV_n \times (1/(1+i)^n)$$

waar:

PV_n = die oorspronklike bedrag;

FV_n = die toekomstige waarde aan die einde van n tydperke;

i = die jaarlikse rentekoers (nominale rentekoers); en

n = die aantal periodes waarop rente bereken word.

Die werklike huidige waarde van 'n bedrag is onderhewig aan die verdienste geleentheid en die tydperk wanneer die toekomstige waarde ontvangbaar is. In die plek daarvan om die toekomstige waarde te bereken vir 'n huidige bedrag teen 'n vaste opbrengskoers op 'n spesifieke tydperk in die toekoms, kan die afslagbeginsel gebruik word. Die afslagbeginsel bereken die huidige waarde van 'n toekomstige bedrag. Daar word aanvaar dat die begunstigde die geleentheid het om 'n opbrengs op die bedrag te realiseer.

Die onderstaande voorbeeld soos per Marx *et al.* (2007:49) kan gebruik word om die beginsel te illustreer.

'n Belegger het die geleentheid om R1 000 oor 'n jaar te ontvang. Die belegger kan 16% rente verdien op die belegging. Die huidige waarde kan dus as volg bereken word:

$$PV = R1\ 000/1.16 = R862.07$$

Die beginsel kan vir enige rentekoers gebruik toegepas word. Om die berekeninge te vereenvoudig kan die tabelle met huidige waarde rentefaktore gebruik word. Marx *et al.* (2007:49) vermeld dat die tabelle op die volgende berekening gegrond is:

$$PVIF_{i,n} = 1 / (1 + i)^n$$

waar:

$PVIF_{i,n}$ = die huidige waarde rente faktor;

i = die jaarlikse rentekoers (nominale rentekoers); en

n = die aantal periodes waarop rente bereken word.

Die tabelle verskaf die huidige waarde rentefaktore. Deur gebruik te maak van die huidige waarde rentefaktore kan die huidige waardes bereken word deur die verwagte

toekomstige waarde te vermenigvuldig met die huidige waarde rentefaktor. Volgens Marx *et al.* (2007:49) kan die berekening as volg uiteengesit word:

$$PV_n = FV_n \times PVIF_{i,n}$$

waar:

PV_n = die huidige waarde;

FV_n = die toekomstige waarde;

$PVIF$ = die huidige waarde rentefaktor;

i = die jaarlikse rentekoers (nominale rentekoers); en

n = die aantal periodes waarop rente bereken word.

2.4.4 Kontantvloei of paaiement

Marx *et al.* (2006:52) beskou kontantvloei as die bedrag geld wat as rente verdien word, die bedrag wat as paaiement in 'n inkomstestroom verdien word, of die paaiement wat as delging vir 'n lening dien. Die kontantvloei is onderhewig aan die huidige waarde bedrag, die toekomstige waarde bedrag, die aantal tydperke en die rentekoers.

Kontantvloei kan in verskillende instansies gebruik word. Dit kan onder meer **beleggings** insluit, m.a.w. gereelde betalings om 'n spesifieke bedrag in die toekoms te verkry. Die berekeninge kan tweeledig aangewend word:

- **Om die toekomstige waarde te bereken:** Hier sal die kontantvloei en die toekomstige waarde rente faktor gebruik word vir 'n spesifieke tydperk, om die toekomstige waarde van 'n belegging, of annuïteit, te bereken. Marx *et al.* (2006:52) toon dit kan met die volgende formule bereken word:

$$FV_n = PMT \times FVIFA_{i,n}$$

waar:

FV_n = die toekomstige waarde;

PMT = die kontantvloei of paaiement;

$FVIFA_{i,n}$ = die toekomstige waarde rentefaktor;

i = die jaarlikse rentekoers (nominale rentekoers); en

n = die aantal periodes waarop rente bereken word.

- **Om die paaieiment of kontantvloei te bereken:** Hier sal die toekomstige waarde en die toekomstige waarde rentefaktor vir 'n spesifieke tydperk gebruik word om die kontantvloei te bereken. Die doel kan wees om die inkomstevloei wat ontvang sal word, of die gereelde paaieimente wat nodig sal wees om 'n spesifieke toekomstige bedrag te bereik of te spaar, te bereken. Die paaieiment kan volgens Marx *et al.* (2006:52) met die volgende formule bereken word:

$$\text{PMT} = \text{FV}_n / \text{FVIFA}_{i,n}$$

waar:

PMT = die kontantvloei of paaieiment;

FV_n = die toekomstige waarde;

$\text{FVIFA}_{i,n}$ = die toekomstige waarde rentefaktor;

i = die jaarlikse rentekoers (nominale rentekoers); en

n = die aantal periodes waarop rente bereken word.

Vir die **delging** van 'n lening sal presies dieselfde formules as by die belegging scenario gebruik word, met die enigste verskil dat in hierdie geval geld geleen word wat terugbetaal word in jaarlikse- of maandelikse paaieimente. Dieselfde formules kan dus hier gebruik word om die toekomstige waarde, die huidige waarde, die paaieimentbedrag of die rentekoers te bereken.

2.5 DIE FINANSIËLE PLAN

Die finansiële plan is 'n omvattende beplanning wat die individu daarstel om finansiële doelwitte vir die toekoms te bereik en om toekomstige risiko's en die traumatiese effek daarvan te minimaliseer. Die primêre doel van finansiële beplanning volgens Swart (2002:369) en Scandlyn & Bowater (2003:68) is onder meer om finansiëel onafhanklik af te tree. Swart (2002:2-4) beskou persoonlike finansiële bestuur as 'n voortdurende proses wat onder meer uit die volgende aktiwiteite bestaan:

2.5.1 Aktiwiteite in die finansiële plan


- **Beplanning:** Dit is die fase waarin die individu se huidige finansiële posisie realisties beoordeel word. Die doelwitte vir die kort-, medium- en langtermyn word bepaal asook die wyse waarop dit bereik gaan word.

- **Organisering:** Tydens hierdie fase word die begroting geëvalueer om die uitvoerbaarheid te bepaal. In wese is dit dus die begrotingsfase van die persoonlike finansiële bestuursproses. Die planne vir hoe die doelwitte bereik gaan word, word meer breedvoerig beplan en uiteengesit. Die risiko's word geïdentifiseer en besluite word geneem oor die wyse waarop die risiko's se impak geminimaliseer kan word.
- **Leiding:** Tydens dié fase word die hulp van 'n kenner of spesialis ingewin om te help met die onderskeie fasette van die persoonlike finansiële bestuursproses soos wat dit tydens die voorafgaande twee fases geïdentifiseer is.
- **Kontrolering:** Hierdie fase van die persoonlike finansiële proses geskied op 'n deurlopende basis. Tydens die fase word gekontroleer of die doelwitte nog relevant is. Wysigings aan die doelwitte kan plaasvind wat gevolglik 'n invloed het op die prioriteite en 'n wysiging aan die hele finansiële plan kan behels. Risiko's kan verander of as gevolg van veranderende sosiale omstandighede kan die doelwitte dalk nie meer relevant wees nie.

Uit die bogenemde is dit duidelik dat elke individu oor 'n finansiële plan moet beskik. Scandlyn (2004a:71) noem dat 'n finansiële plan in sy basiese vorm die volgende behels: die wyse waarop 'n individu fondse verkry of behou, op so 'n wyse dat die individu eendag kan ophou werk. Dit word gevolg deur die wyse hoe die portefeulje gestruktureer kan word om die gewenste lewensstyl te kan verkry. Dit sluit ook die stel van lang-, medium- en korttermyn doelwitte in.

Die beskikbaarheid van fondse op daardie tydstip het niks met die plan te doen nie. Dit is egter belangrik dat elke individu so vroeg moontlik in sy/haar lewe begin met 'n finansiële plan. Dit sluit ook die stel van doelwitte en die volhoubaarheid en uitvoerbaarheid van die plan in. Uiteraard is die opstel van 'n finansiële plan nie 'n eenmalige optrede nie. Dit is deurlopend van aard en word op 'n gereelde basis hersien. Aanpassings word gemaak soos wat omstandighede en doelwitte verander.

Dit kan skematies as volg voorgestel word.



Figuur 2.1 Skematiese voorstelling van fases in persoonlike finansiële bestuursproses.
Bron: Eie.

Warschauer (2002:206) vermeld ook verder dat dit veral in die vinnig groeiende ekonomiese middelklas is waar die grootste behoefte aan persoonlike finansiële bestuur bestaan. Hy stel dit egter ook baie duidelik dat "finansiële onkunde" veral in hierdie ekonomiese groepering aan die orde van die dag is. Hy redeneer dat, as gevolg van verlengde lewensverwagting van individue, daar ook vir 'n verlengde periode van aftrede voorsiening gemaak moet word. Dit noodsaak die behoefte aan en toepassing van persoonlike finansiële bestuur.

'n Tweede faktor wat Warschauer (2002:206) identifiseer wat die toepassing van persoonlike finansiële bestuur noodsaak, is die ontstaan van meer riskante beleggings-instrumente en die gedeelte wat dit van 'n individu se beleggingsportefeulje uitmaak. Dit is veral hier waar die leiding van beleggingspesialiste noodsaaklik word. Die effek van beleggings in meer riskante bateklasse is duidelik sigbaar indien gelet word op die kredietkrisis in die VSA en die gebeure wat aanleiding gegee het tot die resessie wat sedert einde 2008 geheers het.

Die uiteindelijke doel van die finansiële plan is om die individu in staat te stel om finansiëel onafhanklik af te tree. Swart (2002:369) vermeld dat slegs ongeveer 6% van alle pensioenarisse wêreldwyd onafhanklike finansiële besluite kan neem, waar 47% pensioenarisse van hulle families afhanklik is vir finansiële ondersteuning en 16% van 'n staatspensioen. Verder word ook gemerk dat, ongeag van finansiële stand, ongeveer 31% pensioenarisse moet aanhou werk na aftrede om te kan oorleef.

2.5.2 Algemene probleme met persoonlike finansiële bestuur

Dit is uit bovermelde navorsing van Swart (2002:369) duidelik dat daar 'n gebrek aan tydige persoonlike finansiële bestuur by die meeste individue bestaan. Scandlyn en Bowater (2003:68) stem in wese hiermee saam. Hulle het gevind dat daar 'n aantal probleme is wat die toestand tot gevolg het. Die sewe mees algemene slaggate wat individue op pad na aftrede pootjie, word as volg geïdentifiseer.

- **'n Gebrek aan 'n begroting:** Dit is nie soos algemeen aanvaar slegs die lae-inkomste groepering wat nie 'n begroting opstel en daarby hou nie. Die verskynsel kom meer algemeen by die hoë-inkomste groepering voor wat 'n groter besteebare inkomste het en makliker aan grille en giere toegee. Die individue raak gewoon aan 'n sekere leefstyl en wil dit gevolglik ook tydens aftrede voortsit. Die individue het tydens aftrede meer aan lewensstyl te verloor as hulle laer-inkomste eweknieë.
- **'n Gebrek aan likiditeit:** Die probleem kom voor indien 'n individu oor meer vaste bates as kontantbates in sy portefeulje beskik. Dit is veral die geval indien die vaste bates nie maklik in kontant omskep kan word nie, byvoorbeeld 'n belegging in 'n bosbouplantasie met 'n dertig jaar leeftyd voor opbrengs gerealiseer kan word. Die effek hiervan kan wees dat die persoon nie oor die nodige kontant sal beskik om noodsaaklike uitgawes te delg tot en met die realisering van die belegging nie.
- **Voortdurende uitstel:** Dit is die mees algemene probleem wat op die pad na aftrede by alle mense voorkom, die aanhoudende uitstel om met persoonlike finansiële bestuur te begin, of selfs net om daaraan te dink. Soos reeds verduidelik, word verskeie redes vir uitstel om daadwerklik met besparing te begin, maklik gevind.
- **Nie-inagneming van die inflasie-effek:** Individue is geneig om hulle teen die huidige geldwaarde van die belegging blind te staar. Die eroderingseffek van inflasie word nie in ag geneem nie. Die gevolg kan wees dat die werklike koopkrag van die uiteindelijke realiseringsbedrag nie voldoende sal wees om aan die individu se vereiste koopkrag op daardie tydstop te voldoen nie. Dit sal 'n verlaging in lewenstandaard tot gevolg hê.

- **Swak beleggingsbesluite:** Baie individue neem beleggingsbesluite sonder om die gepaardgaande risiko's te verstaan. Sulke beleggings bied gewoonlik 'n besonder hoë opbrengskoers wat dit baie aantreklik maak. Ongelukkig word die hoë opbrengskoers gebruik om die belegger vir hoë risiko te vergoed. Die effek kan wees dat die belegging/s as gevolg van te hoë risiko faal. Dit kan katastrofiese gevolge vir die belegger en sy finansiële toekoms inhou.
- **Maak nie voorsiening vir alle bestedingsbehoefte nie:** Sekere voordele soos motorvoertuigvoordele, telefoontoelae, behuisingsvoordele en goedkoop versekering bied groot voordele terwyl die individu werk. Indien die voordele se waardes nie besef word nie kan die gevolg wees dat die individu nie genoegsame voorsiening maak vir sodanige uitgawes na aftrede nie.
- **Maak nie voorsiening vir kapitaal items nie:** Aftrede kan moontlik oor dekades heen strek. Dit kan tot gevolg hê dat sekere kapitaalgoedere soos huisware, motorvoertuie en meublement as gevolg van normale slytasie herstel of vervang moet word. Dit kan die kontantvloei van die individu tydens aftrede negatief beïnvloed indien daar nie voorsiening vir sulke enkelbedrag onttrekkings gemaak is nie.

2.5.3 Testamente en boedelbeplanning

'n Verdere aspek wat belangrik is in persoonlike finansiële bestuur en wat 'n baie groot deel van die finansiële plan uitmaak, is die beplanning oor hoe met die bates wat die individu in sy leeftyd vergader het, na sy afsterwe gehandel moet word. Dit word in die individu se testament uiteengesit.

In die gedeelte rakende testamente word fokus op die definisie van 'n testament geplaas, die wyse waarop die hof 'n testament sal interpreteer, sowel as die vereistes waaraan 'n testament moet voldoen om as 'n testament geklassifiseer te word. Die voordele van vroegtydige sowel as deurlopende boedelbeplanning sal aandag geniet.

Die belangrikheid van 'n testament en die implikasies van die afsterwe van 'n persoon sonder 'n geldige testament, dus 'n intestate afsterwe, sowel as die gevolge van 'n intestate boedel sal ook aangeraak word.

2.5.3.1 Definisie van 'n testament

In 'n artikel van Faber & Rabie (2006:73) word daarop gewys dat die definisie van 'n testament volgens artikel 1 van die Wet op Testamente, Wet 7 van 1953 (soos gewysig), verwarring en onsekerheid kan veroorsaak. Artikel 1 van die Wet op Testamente definieer 'n testament as "ook 'n kodisil en enige ander testamentêre geskrif."

In vele hofsake is die onsekerheid al bevestig en het die hof die definisie uitgebrei om meer omskrywend te wees en onsekerhede uit die weg te ruim. Die omskrywing van die hof volgens Faber & Rabie (2006:73) is as volg: " 'n Testamentêre geskrif is 'n dokument wat enige van die drie noodsaaklike elemente van 'n bemaking omskryf, naamlik: (1) die eiendom wat bemaak word; (2) die omvang van die belang wat bemaak word; en (3) die bevoordeelde." Dit kan afgelei word dat, indien 'n dokument enige van die drie bogenoemde elemente bevat of insluit, dit derhalwe 'n testamentêre geskrif vir die doeleindes van die Wet is.

Faber & Rabie (2006:73) maak ook die afleiding dat die wetgewer nie 'n "testament" direk omskryf nie, maar die bedoeling is dat 'n testament 'n vrywillige, eensydige wilsverklaring van die testateur betreffende die hantering van sy eiendom en nalatenskap ná sy dood is. Wat ten nouste hierby aansluit is die vermelding van Surtees (2007:5) dat een van die belangrikste dinge wat in ag geneem moet word tydens die opstel van 'n testament, is dat die testateur nie beskikbaar sal wees om duidelikheid te verskaf betreffende die intensie van sekere stellings in die testament nie.

Indien op bostaande gelet word is dit duidelik dat sover moontlik alle dubbelsinnighede of onduidelikhede uit die weg geruim moet word. Geen afleiding moet gemaak word oor wat die intensie van die testateur was nie. Die bedoeling en wense van die testateur moet duidelik en ondubbelsinnig beskryf wees.

Surtees (2007:6) verduidelik ook die algemene opvatting in regskringe wanneer 'n testament geïnterpreteer moet word, as volg: "Daar moet gestreef word om te verseker dat die wense van die testateur nagekom word in die konteks van die taal wat gebruik was in die heersende omstandighede tydens die opstelling van die testament." In effek beteken dit dat indien daar enige twyfel bestaan rakende die interpretasie van die

testament moet eerder erkenning gegee word aan die bedoeling van die testateur as om die testament, of gedeelte daarvan, nietig te verklaar.

2.5.3.2 Doel van 'n testament

Redelikerwys kan gestel word dat die testament 'n enorme impak op die toekoms en die lewenstandaard en lewenswyse van die begunstigdes en afhanklikes van die testateur het. Die testament en boedelbeplanning het volgens Van der Merwe (2009:52) ten doel om die nalatenskap wat geld, bates en eiendom insluit en 'n leeftyd geneem het om te vergader, van die oorledene na sy geliefdes oor te dra, op 'n wyse wat harmonie, selfstandigheid en persoonlike groei bevorder. Die siening word ook deur Labuschagne (2006:590) gedeel.

Aangesien 'n testament ook ten doel het om die nalatenskap van die testateur tussen die erfgename te verdeel op 'n ordelike wyse, is dit ook noodsaaklik om die unieke behoeftes van elke lid van die familie in ag te neem. Die persepsie van billikheid en regverdigheid moet ook in ag geneem word. Indien die persepsie bestaan dat die testament nie regverdig is nie, sal dit tot wanorde en struweling tussen die erfgename ly.

Dit is ook voordelig vir die erfgename indien die boedelbeplanning op die mees belastingvriendelike wyse vir die erfgename gedoen word. Dit is belangrik dat die boedelbeplanning deur 'n kundige op die gebied gedoen word en die testament dan daarvolgens opgestel word. Net so is dit van groot belang dat die boedelbeplanning en die testament gereeld vir huidige relevansie nagegaan word.

2.5.3.3 Wie kan 'n testament opstel?

Volgens artikel 4 van die Wet op Testamente, Wet 7 van 1953 (soos gewysig), kan enige persoon ouer as sestien jaar 'n testament opstel, mits hy ten volle bewus is van die implikasies en gevolge van sy optrede. Indien 'n ander persoon beweer dat die testateur nie verstandelik bevoeg of bekwaam, was ten tye van die opstelling van die testament nie, rus die bewyslas op die persoon wat die bewering maak.

Die implikasie van die artikel is ook dat 'n persoon onder die ouderdom van sestien jaar nie 'n geldige testament kan opstel nie. So 'n testament word dus as ongeldig gereken en het geen regsafdwingbaarheid nie.

2.5.3.4 Vereistes vir 'n geldige testament

Faber & Rabie (2006:74-77) som volgens artikel 2(1)(a) van die Wet op Testamente, Wet 7 van 1953 (soos gewysig), die vereistes vir 'n geldige testament (benewens die feit dat die testateur ouer as sestien jaar moet wees) as volg op:

- Die testament moet in die teenwoordigheid van twee bevoegde getuies deur die testateur, of die persoon wat namens hom/haar teken, geteken word. Indien die testament langer as een bladsy is, moet elke bladsy op enige plek geteken word. Die testament moet aan die einde deur die testateur, of die persoon wat namens hom/haar teken, met 'n volle handtekening, onderteken word.
- Indien 'n ander persoon as die testateur namens die testateur die testament onderteken, moet die testament deur 'n kommissaris van ede gesertifiseer word.
- Indien die testateur reeds die testament geteken het, moet hy/sy die handtekening erken en bevestig in die teenwoordigheid van twee bevoegde getuies.
- Indien 'n testateur die testament deur middel van merk onderteken, moet dit plaasvind in die teenwoordigheid van ten minste twee bevoegde getuies. Die merk moet ook deur 'n kommissaris van ede gesertifiseer word. Slegs die testateur kan oor die bevoegdheid beskik om 'n testament deur middel van 'n merk te onderteken. Die getuies moet die testament deur middel van hulle handtekening onderteken.
- Dit is nie nodig dat 'n datum en plek vermeld moet word tydens die opstel van die testament nie. Dit is wel handig om te bewys dat dit die laaste geskrewe wil van die testateur was, veral indien vorige testamente reeds opgestel was en steeds bestaan.
- Volgens die wet word 'n dokument vereis. Dit impliseer dat dit 'n geskrewe dokument moet wees wat leesbaar en verstaanbaar sal wees. Die implikasie hiervan is dat 'n mondelinge mededeling nie aanvaarbaar sal wees nie.
- Laastens is dit ook 'n vereiste dat dit die bedoeling van die testateur moet wees dat die dokument as 'n testament moet dien en dat dit 'n duidelike uiteensetting van sy wil en bedoeling moet gee.

2.5.3.5 Voordele van 'n testament

Yochum (2009:8) som die voordele van 'n goed beplande, ondubbelsinnige en sistematiese testament as volg op:

- Die testateur kan duidelik te kenne gee wie die erfgename is van eiendom en indien dit kontant is, die spesifieke bedrae wat elke erfgenaam erf.
- Familie-rusies kan voorkom word deur 'n duidelike en ondubbelsinnige testament. Familie-rusies kan maklik ontstaan rakende die intensie van die testateur betreffende die bates in die boedel se verdeling.
- Tydsbesparing met die afhandeling van die boedel. Indien die testament deeglik en duidelik is word 'n wesentliche tydsbesparing met die afhandeling van die boedel verkry. Indien dit nie die geval is nie, kan dit tot gevolg hê dat van die afhanklikes vir 'n verlengde tydperk 'n finansiële gebrek kan ly.
- Die testateur kan self 'n persoon wat hy ken en vertrou as eksekuteur aanstel. Die eksekuteur sal in die beste belang van die erfgename optree en die boedel spoedig en akkuraat afhandel. Dit kan ook wesentliche besparings aan eksekuteursfooie tot gevolg hê.
- Die testateur kan spesiale instruksies in die testament laat inskryf. Dit kan insluit die stigting van trusts of voogskap oor minderjarige kinders.
- Spesiale erflatings aan nie-familielede of instansies soos kerke of liefdadigheids-organisasies kan ook in die testament ingeskryf word.
- Deeglike boedelbeplanning en 'n goed opgestelde testament kan aansienlike besparings aan boedelbelasting verseker. Dit sal ook derhalwe die kontantvloei van die erfgename positief beïnvloed.

2.5.3.6 Intestate boedels

Yochum (2009:7-8) sowel as Labuschagne (2006:590) beskryf die term "intestate boedel" as verwysende na 'n boedel van 'n oorlede persoon wat sonder 'n geldige testament gesterf het. Dit het tot gevolg dat die staat besluitreg het oor die aanwysing van die afhanklikes en die hantering van die bates in die boedel.

Gevolglik beteken dit dat die oorledene se wense betreffende die verdeling van sy bates nie noodwendig volgens sy wens uitgevoer sal word nie.

2.5.3.7 Gevolge van 'n intestate boedel

Yochum (2009:7-8) vermeld dat die voordele van 'n goed opgestelde en ondubbelsinnige testament veelvuldig is. Die belangrikheid van 'n geldige testament is ook reeds bespreek. Die gevolge van 'n intestate boedel is meestal nadelig vir die erfgename. Yochum (2009:8) som die gevolge van 'n intestate sterwe as volg op:

- Die staat sal navolg wie die afhanklikes, of bloedfamilie, van die oorledene is.
- Die staat het besluitreg oor die verdeling van die boedel en wie die erfgename van welke bates sal wees.
- Dit neem aansienlik langer vir die boedel om afgehandel te word en dit kan tot gevolg hê dat van die afhanklikes vir 'n verlengde tydperk 'n finansiële gebrek ly.
- Die staat stel 'n eksekuteur aan. Die eksekuteur sal nie noodwendig die erfgename se belange op die hart dra nie.
- Die boedel sal verdeel word onder die naaste bloedfamilie. Alle ander erflatings aan ander persone of instansies sal nie plaasvind nie.
- Voogde vir minderjarige kinders sal deur die staat aangestel word en is nie noodwendig iemand wat die oorledene sou verkies het nie.
- Afhangende van die grootte van die boedel kan dit boedelbelasting-implikasies tot gevolg hê en kan wesenlike bedrae aan boedelbelasting betaalbaar wees. Dit sal gevolglik nie noodwendig voordelig vir die erfgename wees nie en dit sal die likiditeit van die boedel en die kontantvloei van die erfgename negatief beïnvloed.

2.6 INVESTERING EN BELEGGINGS

Alvorens die individu kan begin om sy beleggingsplan op te stel is daar 'n paar aspekte wat in gedagte gehou moet word. 'n Basiese begrip van die verskillende tipes bates en

die risiko verbonde aan elke tipe bate moet begryp word. Die tydwaarde van geld sowel as die eroderende effek wat inflasie het op die waarde van die belegging moet ook verstaan word. Dit is reeds bespreek in die gedeelte wat handel oor die tydwaarde van geld. Laastens moet die risiko en die effek wat risiko op die opbrengskoers van die belegging het, sowel as die effek van die verhouding tussen risiko en opbrengskoers begryp word.

2.6.1 Tipe bates

Swart (2002:130) verdeel bates in produktiewe bates wat geboue en masjienerie insluit, bedryfsbates soos debiteure en voorraad, en finansiële bates. In wese stem Marx *et al.* (2006:11) hiermee saam. Hulle verdeel egter bates in twee hoofgroepe wat vir beleggingsdoeleindes aangekoop kan word, naamlik werklike bates en finansiële bates.

2.6.1.1 Werklike bates

Volgens Marx *et al.* (2006:11) en Swart (2002:130) is werklike bates in wese tasbare bates. Dit kan onder meer grond en geboue, woonhuise, toerusting, lewende hawe, diamante, goud en self items met versamelwaarde soos kunswerke insluit. Die nadeel van hierdie tipe bates is dat hulle minder likied as finansiële bates is. Dit beteken dat hulle nie so maklik soos finansiële bates in geld omskep kan word nie. Dit impliseer ook dat die werklike markwaarde nie ten alle tye gerealiseer kan word nie. 'n Verdere implikasie is dat die markwaarde nie ten alle tye bekend en seker is nie. Vraag en aanbod is hier die bepalende faktor in prysvasstelling.

2.6.1.2 Finansiële bates

Finansiële bates word deur Marx *et al.* (2006:11-15) en Swart (2002:130-162) bespreek. Hulle is van mening dat finansiële bates die reg op 'n toekomstige finansiële voordeel behels. Finansiële bates sluit 'n hele verskeidenheid van items soos vaste inkomste sekuriteite, verbande, voorkeuraandele, gewone aandele, waarborge, effektrusts, beleggingstrusts en verskansingsfondse in. Die onderskeie finansiële bates sal kortliks hieronder bespreek word.

- **Vaste inkomste sekuriteite:** Vaste inkomste sekuriteite word deur Marx *et al.* (2006:11) en Theunissen (2007:68) voorgehou as meestal voorkeuraandele en verbande. Dit kan ook spaarrekeninge, deposito sertifikate, geldmark beleggings, Euro/dollar deposito's en regering-skuldbriewe insluit. Die tipe beleggings het

meestal 'n gestelde vervaldatum, betaal rente teen 'n vaste koers en het 'n sertifikaat as bewys wat ook al die voorwaardes aandui. Theunissen (2007:68) vermeld dat die risiko verbonde aan die tipe beleggings as laag geag word, maar dat die opbrengs ook maar gering is.

- **Verbande:** Marx *et al.* (2006:11) beskryf verbande as sekuriteite of kontrakte wat skuld verteenwoordig vir private of besigheidsfirmas. Die fondse wat so voortgebring word, word aangewend om bates te finansier. In beginsel is 'n verband 'n kontrak waarby die skuldgewer geregtig is om rente en die kapitaal vanaf die lener op 'n vooraf ooreengekome, gereelde tydstip vir 'n gestelde tydperk te ontvang. Die risiko verbonde aan verbande word nie as hoog geag nie, omdat bates gewoonlik as sekuriteit vir die skuld dien. Die risiko is egter wel hoër as die van vaste inkomste sekuriteite.
- **Voorkeuraandele:** Voorkeuraandele word geag vaste inkomste sekuriteite te wees. Marx *et al.* (2006:12), sowel as Theunissen (2007:70) toon aan dat meeste voorkeuraandele se dividende as 'n vaste koers van die waarde van die aandeel uitbetaal word. Voorkeuraandelehouers kry ook dividende voor gewone aandeelhouers en geniet ook voorkeur bo gewone aandeelhouers in die geval van likwidasië.

Dividende op voorkeuraandele is meestal kumulatief. Dit beteken dat, indien daar nie genoegsame winste is om die voorkeuraandele se dividende te betaal nie, dit kan oorstaan maar dit behels ook dat voor enige ander dividende uitbetaal kan word, die agterstallige voorkeurdividende eers uitbetaal moet word.

Die risiko in voorkeuraandele word ook as laag geag aangesien voorkeuraandele as vaste inkomste sekuriteite geag word. Theunissen (2007:70) meen dat die dividende in wese 'n rentebetaling is.

- **Gewone aandele:** Volgens Marx *et al.* (2006:13) en Swart (2002:165) verskaf gewone aandele aan die belegger al die voordele en regte van eienaarskap in die onderneming. Dit beteken ook dat die aandeelhouer se aanspreeklikheid beperk is tot die bedrag, of waarde, van die aandele wat hy in die onderneming besit. Aandeelhouers het twee regte in die onderneming. Dit sluit in stemreg tydens die

verkiesing van direkteure en die reg om aandele te kan koop tydens die uitreiking van nuwe aandele.

Anders as verbande het gewone aandele geen vervaldatum nie. Die aandeelhouer is ook geregtig op dividende wanneer dividende uitbetaal word. Die inkomste wat gewone aandeelhouders verkry is tweeledig. Eerstens is daar die dividend-inkomste en tweedens die groei in die markwaarde van die aandeel. Dit bring ook 'n risiko mee - indien die onderneming nie winsgewend is nie, sal die markprys van die aandeel daal. Dit kan tot gevolg hê dat die aandeelhouer waarde verloor. Aandele is dus volgens Marx *et al.* (2006:15) van die mees riskante bates aangesien die aandele vrylik verhandelbaar is.

- **Waarborge:** Marx *et al.* (2006:13) en Theunissen (2007:70) definieer 'n waarborg as 'n sekuriteit wat aan die houer die reg verskaf om 'n gestelde aantal aandele teen 'n gestelde prys in die uitreikingsmaatskappy gedurende die leeftyd van die waarborg te kan koop. Dit impliseer dat waarborge slegs 'n beperkte leeftyd het. Waarborge betaal nie dividende of rente nie. Die waarborghouer het ook nie stemreg op grond van die waarborg nie.
- **Effektetrusts:** Volgens Marx *et al.* (2006:13), Theunissen (2007:68) en Swart (2002:131) ontvang effektetrustmaatskappy gelde vanaf beleggers. Die effektetrustmaatskappy reik dan onderaandele aan die beleggers uit. Die gelde wat vanaf die beleggers ontvang word, word saamgevoeg en namens die beleggers in gediversifiseerde portfolio's belê. Normaalweg word van die effektetrustbestuurders verwag om nie meer as 5% van die bates van die fonds in een sekuriteit te belê nie.

Volgens Swart (2002:154) is die voordeel van effektetrust dat beleggers selfs vir 'n relatiewe klein maandelikse belegging toegang tot 'n gediversifiseerde portfolio geniet. Die risiko van 'n goed gediversifiseerde portfolio is ook laer as beleggings in een tipe aandeel of sekuriteit.

- **Beleggingstrusts:** Marx *et al.* (2006:14) en Theunissen (2007:68-69) verduidelik dat 'n beleggingstrust gewone aandele aan beleggers verkoop. Die gelde word dan saamgepoel en namens die aandeelhouders belê. Die aandeelhouders/beleggers word nou deelnemers aan die aandeleplan genoem. Die verskil tussen 'n effektetrust en 'n

beleggingstrust is dat met 'n beleggingstrust daar nie die 5% beperking op elke tipe belegging soos by effekte-trust van toepassing nie. Beleggingstrusts se aandele word normaalweg op die JSE (Johannesburgse Effektebeurs) genoteer. Dit bring dus ook mee dat die pryse van die aandele van die beleggingstrust deur vraag en aanbod bepaal word.

- **Verskansingsfondse:** Marx *et al.* (2006:14) beskryf verskansingsfondse as 'n poel van private kapitaal wat gestruktureer is as 'n beperkte vennootskap. Die doelwit is om opbrengste te genereer wat deurlopend die gemiddelde markopbrengs onder alle omstandighede oortref. Verskansingsfondse maak gebruik van enige beleggingstrategie. Verskansingsfondse het ten doel om die belegger teen dalings in die mark te verskans.

Die beleggingsbestuurder se vergoeding is normaalweg op die prestasie van fonds gebaseer. Prestasiedoelwitte word gestel, en die beleggingsbestuurder kry dus slegs vergoeding as die fonds die gestelde doelwitte bereik.

Deelname aan verskansingsfondse is meestal beperk tot 'n paar gegoede beleggers. In die VSA wissel die minimum beleggings van \$250 000 tot \$1 000 000. Die belegger se aandeel in die verskansingsfonds is nie vrylik verhandelbaar nie. Die gevolg is dat dit nie 'n baie likiede bate is nie.

2.6.2 Risiko

Marx *et al.* (2006:7) omskryf risiko as die onsekerheid of 'n belegging die verwagte opbrengskoers gaan realiseer. Risiko verwys ook na die onsekerheid van die uitkoms van toekomstige gebeurtenisse. Marx *et al.* (2006:5) is van mening dat daar 'n aantal bronne van risiko bestaan.

2.6.2.1 Bronne van risiko

Marx *et al.* (2006:5) vermeld die volgende sewe risikobronne:

- **Besigheidsrisiko.** Hier word verwys na die sekerheid of onsekerheid rakende die kontantvloei van 'n entiteit uit die normale bedryf van sy besigheid. Besighede wat min of geen kompetisie het, of waarvan die vraag na hulle produkte onelasties is, het groter sekerheid rakende hulle toekomstige kontantvloei.

- **Finansiële risiko.** Met hierdie risiko word verwys na die hefboomverhouding wat deur die firma toegepas word. Dit is die mate waartoe skuld in verhouding tot eie kapitaal aangewend word in die normale bedryf van die besigheid. Hoe hoër die skuldposisie van die onderneming is, hoe hoër sal die renteverpligting wees en groter raak die risiko dat die onderneming nie meer al sy verpligtinge kan nakom nie.
- **Likiditeitsrisiko.** Die risiko verwys na die tyd wat dit neem om 'n transaksie af te handel en om die geld in te vorder. Dit kan ook na die prys waarteen 'n bate in kontant omgeskakel word, verwys. Sekere tipes bates, soos aandele, kan relatief vinnig teen die heersende prys in kontant omgeskakel word. Ander bates soos grond en eiendom neem aansienlik langer om te verkoop en om die geld na die registrasieproses in te vorder.
- **Wisselkoers risiko.** Hier word verwys na die risiko van belegger wat in buitelandse bates belê. Die waarde van die belegging is direk gekoppel aan die heersende wisselkoers.
- **Politiese risiko.** Die risiko verwys na veranderinge wat in die politieke omgewing kan plaasvind, insluitend wysigings aan wetgewing sowel as politieke beleid soos nasionalisering of onteining, wat die waarde van 'n belegging negatief kan beïnvloed.
- **Terugroepingsrisiko.** Hier word verwys na die risiko dat 'n onderneming wat herroepbare bates verkoop of uitgereik het, dit kan terugroep. Voorbeelde is voorkeuraandele of rentedraende skuldbriewe. 'n Onderneming het byvoorbeeld 12% skuldbriewe uitgereik. Vanweë dalende rentekoerse kan die skuldbriewe teruggeroep word en nuwe skuldbriewe teen laer rentekoerse uitgereik word.
- **Omskakelingsrisiko.** Die risiko verwys na die moontlikheid dat skuldbriewe of voorkeuraandele deur die uitreiker in gewone aandele omgeskakel kan word. Dit kan 'n negatiewe effek op die opbrengskoers wat die belegger kry, hê omrede die dividendkoers nie gelyk is aan die rentekoers of die koers waarteen voorkeuraandele se dividende betaal word nie.

Marx *et al.* (2006:6) vermeld dat risiko geklassifiseer kan word as sistematiese of nie-sistematiese risiko. Nie-sistematiese risiko word ook diversifiseerbare risiko genoem. Dit is omdat die risiko beperk kan word deur die samestelling van 'n goed gediversifiseerde portefeulje. Met ander woorde die risikoblootstelling kan verlaag word deur verskeie bateklasse te gebruik in die samestelling van die portefeulje.

Sistematiese risiko word ook mark-risiko genoem. Sistematiese risiko kan normaalweg nie deur die diversifisering van die portefeulje beperk word nie. Sistematiese risiko sluit onder meer ekonomiese toestande, inflasie, die effek van politiek op die markomgewing sowel as wetgewings en fiskale beleid in. Die risiko raak alle besighede en bedrywe.

Uit die bogemelde is dit duidelik dat die totale risiko van 'n portefeulje bestaan uit die som van sistematiese en nie-sistematiese risiko.

2.6.3 Risiko en opbrengs

Marx *et al.* (2006:7) definieer risiko as die onsekerheid met betrekking tot 'n belegging se vermoë om die verwagte opbrengskoers te realiseer. Risiko verwys ook na die onsekerheid van die uitkoms van toekomstige gebeurtenisse. Hulle noem verder dat opbrengs verwys na die totaal van dividende, rente sowel as die verandering in die markwaarde van die oorspronklike belegging.

Die hou-tydperk opbrengs word gebruik om die opbrengs van 'n bate te bereken. Dit kan met die volgende formule bereken word:


$$\text{Hou-tydperk opbrengs} = \text{Eindwaarde van die belegging} / \text{Beginwaarde van die belegging}$$

'n Waarde groter as 1 toon aan dat die bate toegeneem het in waarde en 'n positiewe opbrengs gelewer het. 'n Waarde kleiner as 1 toon aan dat 'n verlies op die belegging gerealiseer is en dat die waarde verminder het. Die opbrengskoers kan in 'n persentasie omskep word deur die gebruik van die volgende formule:

$$\text{Hou-tydperk opbrengs persentasie} = (\text{Hou-tydperk opbrengs} - 1) \times 100$$

Die verhouding tussen risiko en opbrengs word in Marx *et al.* (2006:7) as volg verduidelik: Hoe groter die risiko verbonde aan 'n belegging hoe groter sal die

opbrengskoers wees wat die belegger vereis. Die beginsel impliseer dat indien 'n belegger 'n hoër opbrengskoers op sy belegging vereis, hy bereid moet wees om 'n groter risiko te neem. Dit kan tot gevolg hê dat hoe groter die risiko is, hoe groter is die moontlikheid dat die vereiste opbrengskoers nie gerealiseer sal word nie. Die beginsel kan met die volgende skematiese voorstelling verduidelik word:



Figuur 2.2 Die verhouding tussen risiko en verwagte opbrengs (Bron. Marx *et al.* (2006:1,5) aangepas).


2.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is fokus geplaas op die noodsaaklikheid van persoonlike finansiële bestuur as 'n deel van die beplanning wat vir elke individu noodsaaklik is om sy gestelde doelwitte en ideale in die toekoms te bereik.

Xiao, Tang & Shim (2008:66) het dit deur hulle navorsing duidelik bewys dat daar 'n definitiewe verhouding bestaan tussen die finansiële gedrag, finansiële status en akademiese prestasie sowel as die lewenssatisfaksie en -tevredenheid van studente. Die gevolgtrekkings wat hulle maak is dat beide finansiële tevredenheid en akademiese tevredenheid bydra tot lewenstevredenheid. Hulle stel dit ook duidelik dat uitgawebestuur net so op 'n direkte wyse tot lewenstevredenheid bydra.

Gevolgtrekkings deur Xiao *et al.* (2008) gemaak, dui ook aan dat die omvang van finansiële gedrag, wat uitgawebestuur insluit, 'n vergelykbare impak op die omvang van lewenstevredenheid sal hê.

Die gevolgtrekking kan skematies as volg voorgestel word:



Figuur 2.3 Die invloed van finansiële gedrag op lewens-tevredenheid.
Bron: Eie.

Xiao *et al.* (2008) is van mening dat die verskynsel nie net onder studente geldig is nie maar wel oor die hele populasie. Die opinie sluit aan by navorsing en gevolgtrekkinge van vele ander navorsers soos Garman *et al.* (1996), Garman *et al.* (1999) en Trahan & Gitman (2003) in die verband dat finansiële gedrag 'n bepalende faktor is, nie net ten opsigte van lewens-tevredenheid nie, maar ook in die gesondheid en produktiwiteit van individue.

In hierdie hoofstuk is nagevors wat persoonlike finansiële bestuur behels. Die stappe wat nodig is, die voordele sowel as die gevolge van persoonlike finansiële bestuur is aangeraak. Probleme en struikelblokke op die pad van suksesvolle persoonlike finansiële bestuur is ook aangespreek.

Uit die navorsing is dit duidelik dat persoonlike finansiële bestuur nie net gaan oor die invloed op die individu self nie, maar ook op sy afhanklikes. Dit is veral duidelik sigbaar in die gedeelte rakende aftrede en die gevolge wat onvoldoende fondse op die families van die pensionaris het. Die effek op die familie is ook bespreek in die noodsaaklikheid van 'n geldige testament. Die definisie, voordele en gevolge van 'n testament is bespreek, sowel as die gevolge wat 'n intestate afsterwe op die familie en afhanklikes van so 'n individu het.

Die onderskeie beleggingsprodukte wat vir die individu beskikbaar is, is vermeld en die effek van risiko en die onderskeie tipes risiko's is bespreek.

HOOFSTUK 3

STUDIRESULTATE: WERKNEMERS SE PERSOONLIKE FINANSIËLE BESTUUR

3.1 INLEIDING

Die hoofstuk bevat die resultate van 'n empiriese studie wat onder 'n steekproef van vierhonderd-en-dertig (430) werknemers van NWK Beperk onderneem is. Die steekproef verteenwoordig personeel van alle ouderdomsgroepe sowel as vaardigheidsvlakke en posgrade. Die steekproef verteenwoordig hoofkantoorpersoneel, sowel as personeel by van die bedryfspunte soos Noordwes Volkswagen, Noordfed, Noordwes Voere, graandepots, meganisasietaakke en handelstakke.

Geen bestaande en getoetsde vraelyste wat op die studie van toepassing is, kon tydens die literatuurstudie opgespoor word nie. Vraelyste is dus opgestel met die literatuurstudie soos in hoofstuk 2 uiteengesit, as basis. Die vraelyste is in ses hoofgroepe met hul onderskeie onderafdelings verdeel. Die uiteensetting van die vraelyste is as volg:

1. Houding ten opsigte van geld (Vraag 1-20)

- 1.1 Mag en aansien houding (vraag 1-4)
- 1.2 Tyd terughou en beplanningshouding (vraag 5-12)
- 1.3 Vertrouende/wantrouende houding (vraag 13-14)
- 1.4 Beangste houding (vraag 15-16)
- 1.5 Kwaliteit-houding (vraag 17-20)

2. Bestuurstyl ten opsigte van geld (Vraag 21-37)

- 2.1 Vermyders en/of uitstellers (vraag 21)
- 2.2 Spaarders (vraag 22-23)
- 2.3 Bekommerdes (vraag 24-25)
- 2.4 Spandeerders (vraag 26-28)
- 2.5 Geldmakers (vraag 29-30)
- 2.6 Winskopiejaagters (vraag 31-33)
- 2.7 Dobbelaars (vraag 34-37)

3. Tydwaarde van geld (Vraag 38-44)

4. Die finansiële plan (Vraag 45-69)

4.1 Beplanning en kontrolering (vraag 45-49 en vraag 52-53)

4.2 Mediese dekking (vraag 50)

4.3 Ongeskiktheidsdekking (vraag 51)

4.4 Testamente en boedelbeplanning (vraag 54-60)

4.5 Aftreebeplanning (vraag 61-69 en vraag 72)

5. Investerings en beleggings (Vraag 70-77)

6. Algemene behoeftebepaling (Vraag 78-84)

6.1 Produktiwiteitsverliese (vraag 78-80)

6.2 Opleiding en behoeftebepaling (vraag 81-84)

Nadat die vraelyste aan die steekproef van 430 personeel versprei is, is 280 vraelyste terugontvang. Dit verskaf 'n vorderingspersentasie van 65%. Nadat die vraelyste vanaf die respondente terugontvang is, is die vraelyste na die statistiese konsultasiediens van Noordwes-Universiteit geneem vir verwerking. Beskrywende statistiek in die vorm van frekwensie- en tweerigting trossanalises is vir die verwerking gebruik.

Die resultate van die vraelyste word eerstens op grond van die totale persentasieverdeling, ongeag van die ouderdom en posgraad, getoon. Vervolgens word die resultate van die tweerigting trossanalyse wat op al die terugontvangde vraelyste uitgevoer is, volgens ouderdom en posgraadgroepe getoon.

Die verdeling in ouderdomsgroepe is selfverklarend. Die verdeling volgens posgrade behels 'n verdeling van een tot 20. Personeellede wat hulself in posvlak een tot vyf bevind, is meestal die ongeskoolde arbeiders wat skoonmakers of hande-arbeiders is. Middelvlakbestuur strek meestal vanaf posgraad 11 tot 14, en personeel op posgrade 15 en hoër word as hoëvlak- en topbestuur geklassifiseer.

Die volledige resultate van die frekwensieanalyse en die tweerigting trossanalyse word in aanhangsel B getoon.

3.2 BESPREKING VAN DIE RESULTATE VOLGENS GROEPVERDELING

Die volledige resultate en bespreking van die frekwensie-analise sowel as die tweerigting trosanalise word in Aanhangsel C getoon. In die hieropvolgende gedeelte word die resultate holisties bespreek. Die bespreking sal ingedeel word volgens die uiteensetting van die vraelys.

3.2.1 HOUDING TEN OPSIGTE VAN GELD

In die afdeling word die houding ten opsigte van geld soos wat dit blyk deur die antwoorde van die respondente bespreek.

3.2.1.1 Mag en aansien houding (vraag 1-4)

(Die volledige bespreking en persentasies word in aanhangsel C getoon)

Tabel 3.1 Totale mag en aansien houding

NO.	VRAAG	JA (%)	NEE (%)
1	Ek het al geld gebruik om 'n ander persoon se opinie oor my te beïnvloed.	5.4	94.6
2	Ek gebruik gereeld geld om 'n ander persoon se opinie oor my te beïnvloed.	1.8	98.2
3	Ek het al goedere gekoop om 'n ander persoon, of persone, te beïndruk.	16.8	83.2
4	Ek koop gereeld goedere om 'n ander persoon, of persone, te beïndruk.	4.6	95.4

Tabel 3.2 Mag-en aansien houding per ouderdom en posgraad

NO.	OUDERDOM					POSGRAAD				
	18-25	26-35	36-45	46-55	56-63	1-5	6-8	9-10	11-14	15-20
	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)
1	7.4	8.5	4.2	4.6	0.0	7.8	3.3	7.8	6.3	0.0
2	3.7	1.4	2.1	1.5	0.0	3.8	0.0	2.0	3.1	0.0
3	22.2	25.4	16.0	9.2	0.0	11.5	13.2	24.0	18.8	12.5
4	7.4	2.8	5.3	6.2	0.0	9.6	2.2	7.8	3.1	0.0

Dit blyk dat die aantal persone wat 'n mag en aansien houding ten opsigte van geld het, nie besonder hoog is nie. Slegs 1.8% van alle persone gebruik gereeld geld om ander persone se opinie te beïnvloed en effens meer persone (4.6%) gebruik gereeld geld om ander persone te beïndruk. Dit is veral die persone in ouderdomsgroepe 18-25 en 36-45 en persone in posgrade 1-5 en 11-14 wat geld gebruik om ander persone se opinies te invloed. Net so is dit ook veral persone in ouderdomme 18-25 en 46-55 wat in posgrade 1-5 en 9-10 is wat geld gebruik om ander persone te beïndruk.

Dit is opmerklik dat die persone in ouderdomsgroep 56-63 en posgrade 15-20 glad nie hulle geld gebruik om ander persone se opinies te beïnvloed of om ander persone te beïndruk nie.

3.2.1.2 Tyd terughou en beplanningshouding (vraag 5-12)

(Die volledige bespreking en persentasies word in Aanhangsel C getoon)

Tabel 3.3 Totale tyd terughou en beplanningshouding

NO.	VRAAG	JA (%)	NEE (%)
5	Ek het al vantevore beplanning vir my aftrede gedoen.	64.7	35.3
6	Ek hersien gereeld my beplanning vir aftrede.	47.8	52.2
7	Ek is bewus van al my inkomstes per maand.	97.1	2.9
8	Ek is bewus van al my uitgawes per maand.	91.0	9.0
9	Ek is bewus van al my skuld.	98.9	1.1
10	Ek het 'n begroting waarvolgens ek alle maandelikse uitgawes beplan.	71.3	28.7
11	Ek verander my begroting gereeld.	49.5	50.5
12	Ek verander my begroting slegs jaarliks na verhoging.	34.5	65.5

Tabel 3.4 Tyd terughou en beplanningshouding per ouderdom en posgraad

NO.	OUDERDOM					POSGRAAD				
	18-25	26-35	36-45	46-55	56-63	1-5	6-8	9-10	11-14	15-20
	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)
5	44.4	56.3	68.5	73.8	75.0	39.2	65.6	68.6	75.0	87.5
6	29.6	39.4	48.9	58.5	66.7	27.5	44.4	49.0	56.3	93.8
7	100	98.6	97.9	95.4	87.5	92.3	100	94.1	98.4	100
8	85.2	93.0	93.6	90.8	75.0	84.6	95.6	84.3	93.8	100
9	100	100	98.9	96.9	100	100	98.9	96.1	100	100
10	74.1	75.7	71.6	67.7	68.8	61.5	83.3	64.7	75.0	56.3
11	51.9	54.9	44.2	46.2	73.3	52.9	53.8	52.9	42.2	37.5
12	25.9	29.6	41.5	35.4	33.3	52.0	33.0	29.4	29.7	31.3

Dit blyk dat slegs ongeveer twee derdes van respondente reeds voorheen beplanning vir hulle aftrede gedoen het. Daarteenoor hersien minder as die helfte van respondente gereeld die beplanning vir hulle aftrede. Indien gelet word op die verdeling per ouderdom en posgraad vir die beplanning en gereelde hersiening van aftreebeplanning, toon dit 'n stygende tendens vir die ouderdomsgroepe sowel as die posgrade.

Dit blyk ook dat nie alle respondente bewus is van hulle totale inkomste, uitgawes en skuldverpligtinge per maand nie. Dit is verrassend dat die jonger respondente meer op hoogte is van al hulle inkomste, uitgawes en skuld as die ouer respondente. Indien gelet word op die verdeling per posgraad is dit veral respondente in posgrade 11-20 wat die meeste op hoogte is van hulle finansiële posisie.

Dit word ondersteun deur die feit dat minder as 75% van die respondente oor 'n begroting beskik. Dit is meer die jonger respondente van ouderdomme 18-35 in posgrade 6-8 en 11-14 wat oor 'n begroting beskik. Van die respondente wat wel oor 'n begroting beskik, word minder as die helfte se begroting gereeld gewysig. Dit is veral die ouer persone in ouderdomsgroepe 55-63 en in posgrade 6-8 wat gereeld hulle begrotings wysig.

3.2.1.3 Vertrouende/wantrouende houding (vraag 13-14)

(Die volledige bespreking en persentasies word in Aanhangsel C getoon)

Tabel 3.5 Totale vertrouende/wantrouende houding

NO.	VRAAG	JA (%)	NEE (%)
13	Ek het al soms gekla oor die prys van goedere wat ek aankoop.	93.9	6.1
14	Ek kla gereeld oor die prys van goedere wat ek aankoop.	61.2	38.8

Tabel 3.6 Vertrouende/wantrouende houding per ouderdom en posgraad

NO.	OUDERDOM					POSGRAAD				
	18-25	26-35	36-45	46-55	56-63	1-5	6-8	9-10	11-14	15-20
	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)
13	85.2	97.2	96.8	90.8	87.5	84.6	97.8	90.2	96.9	100
14	55.6	58.6	68.4	56.9	46.7	78.0	59.3	49.0	56.3	68.8

Gebaseer op die totale resultate van die respondente blyk dit dat die meeste van respondente al oor die pryse van goedere wat aangekoop is, gekla het. Ongeveer twee derdes van die respondente kla gereeld oor die pryse van goedere wat aangekoop word. Dit is veral die persone van 26-45 jaar, in posgrade 6-8 en 15-20 wat soms al gekla het oor pryse van goedere maar dit is die persone in die 36-45 jaar ouderdomsgroep in posgrade 1-5 wat gereeld oor die pryse van goedere wat aangekoop word, kla.

3.2.1.4 Beangste houding (vraag 15-16)

(Die volledige bespreking en persentasies word in Aanhangsel C getoon)

Tabel 3.7 Totale beangste houding

NO.	VRAAG	JA (%)	NEE (%)
15	Ek is soms huiwerig alvorens ek geld spandeer.	90.7	9.3
16	Ek raak altyd beangs of senuweeagtig as ek geld spandeer.	41.4	58.6

Tabel 3.8 Beangste houding per ouderdom en posgraad

NO.	OUDERDOM					POSGRAAD				
	18-25	26-35	36-45	46-55	56-63	1-5	6-8	9-10	11-14	15-20
	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)
15	88.9	87.3	92.6	92.3	100	94.2	91.2	88.2	89.9	100
16	18.5	39.4	54.3	41.5	26.7	64.7	44.0	43.1	30.2	6.3

Uit die totale resultate van die respondente blyk dit dat die oorgrote meerderheid van respondente, veral die wat ouer as 56 jaar en in posgrade 1-5 en 15-20 is, soms huiwerig raak alvorens hulle geld spandeer. Minder as die helfte van respondente raak egter altyd beangs of senuweeagtig as hulle geld spandeer. Hierdie houding kom veral voor by respondente in die 36-45 jaar ouderdomsgroep en in posgrade 1-5.

3.2.1.5 Kwaliteit-houding (Vraag 17-20)

(Die volledige bespreking en persentasies word in Aanhangsel C getoon)

Tabel 3.9 Totale kwaliteit houding

NO.	VRAAG	JA (%)	NEE (%)
17	Die kwaliteit van die items wat ek aankoop is belangriker as die prys wat ek betaal.	74.2	25.8
18	Ek vergelyk die kwaliteitsverskille tussen produkte alvorens ek goedere aankoop.	89.6	10.4
19	Ek koop gewoonlik die duurste item van die spesifieke produkreeks.	7.5	92.5
20	Die duurste item in die produkreeks is altyd die een met die beste kwaliteit.	18.9	81.1

Tabel 3.10 Kwaliteit houding per ouderdom en posgraad

NO.	OUDERDOM					POSGRAAD				
	18-25	26-35	36-45	46-55	56-63	1-5	6-8	9-10	11-14	15-20
	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)
17	77.8	69.0	79.6	66.7	86.7	81.6	73.3	66.7	69.8	93.8
18	96.3	84.5	88.3	90.8	100	90.2	89.0	82.4	92.1	100
19	18.5	2.8	9.5	4.6	12.5	11.5	8.8	5.9	4.7	6.3
20	29.6	18.3	23.2	13.8	6.3	44.2	15.4	11.8	14.1	6.3

Gegronde op die totale resultate blyk dit dat ongeveer driekwart van alle respondente die kwaliteit van items belangriker ag as die prys daarvan. Dit is ook duidelik dat die meerderheid van respondente kwaliteitsverskille tussen substituu produkte vergelyk. Dit is veral respondente in die ouderdomsgroep 56-63 jaar en posgrade 15-20 wat die hoogste ingesteldheid ten opsigte van kwaliteit het. Die resultate toon ook dat die meerderheid van respondente nie altyd die duurste item koop, of van mening is dat die duurste item die beste kwaliteit is nie. In hierdie geval is dit egter respondente in die ouderdomsgroep 18-25 in posgrade 1-5 wat van mening is dat die duurste produk die beste kwaliteit is.

3.2.2 BESTUURSTYLE TEN OPSIGTE VAN GELD (VRAAG 21-37)

In hierdie gedeelte word die bestuurstyle ten opsigte van geld, soos wat dit blyk deur die antwoorde van die respondente, bespreek.

3.2.2.1 Vermyders of uitstellers (vraag 21)

(Die volledige bespreking en persentasies word in Aanhangsel C getoon)

Tabel 3.11 Totaal van vermyders of uitstellers

NO.	VRAAG	JA (%)	NEE (%)
21	Ek stel dit gereeld uit om met finansiële beplanning te begin.	43.5	56.5

Tabel 3.12 Vermyders of uitstellers per ouderdom en posgraad

NO.	OUDERDOM					POSGRAAD				
	18-25	26-35	36-45	46-55	56-63	1-5	6-8	9-10	11-14	15-20
	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)
21	29.6	38.6	47.9	49.2	37.5	59.6	37.8	49.0	36.5	25.0

Minder as die helfte van die respondente is geneig om voortdurend uit te stel om met finansiële beplanning te begin. Dit is ook in ooreenstemming met navorsing in deur Scandlyn (2006:84) gedoen. Dit blyk ook dat die grootste probleemgevalle in die ouderdomme 36-55 en in posgrade 1-5 voorkom. Dit is juis die respondente in posgrade 1-5 wat die laagste besoldig is en wat reeds nader aan hulle aftrede kom, wat die meeste geraak gaan word deur die gebrek aan tydige finansiële beplanning. Dit kan uiteindelik tot gevolg hê dat die respondente nie daartoe in staat sal wees om finansiëel onafhanklik af te tree nie. Hulle sal na hulle aftrede moet aanhou werk, of van hulle families afhanklik wees om te kan oorleef.

3.2.2.2 Spaarders (vraag 22-23)

(Die volledige bespreking en persentasies word in Aanhangsel C getoon)

Tabel 3.13 Totale van spaarders

NO.	VRAAG	JA (%)	NEE (%)
22	Ek geniet dit om in beheer van my finansies te wees.	93.6	6.4
23	Ek spaar soveel as moontlik elke maand.	37.5	62.5

Tabel 3.14 Spaarders per ouderdom en posgraad

NO.	OUDERDOM					POSGRAAD				
	18-25	26-35	36-45	46-55	56-63	1-5	6-8	9-10	11-14	15-20
	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)
22	96.3	93.0	92.6	92.3	100	96.2	93.4	94.1	90.6	93.8
23	51.9	40.8	30.5	36.9	50.0	26.9	44.0	39.2	34.4	50.0

Die totale resultate toon dat bykans al die respondente dit geniet om in beheer van hulle finansies te wees. Dit is veral diegene in ouderdomsgroepe 18-25 en 56-63, in posgrade 1-5 wat die hoogste geneigdheid hiertoe toon.

Daar is egter net ongeveer een derde van respondente wat soveel as moontlik elke maand spaar. Die respondente wat die meeste spaar is in die ouderdomsgroepe 18-25 en 56-63, wat in posgrade 6-8 en 15-20 verkeer.

3.2.2.3 Bekommerdes (vraag 24-25)

(Die volledige bespreking en persentasies word in Aanghangsel C getoon)

Tabel 3.15 Totaal van bekommerdes

NO.	VRAAG	JA (%)	NEE (%)
24	Ek glo dat ek genoeg sal kan spaar om finansiële onafhanklik te kan aftree.	42.3	57.7
25	Ek moet geld spaar om voorsiening te maak vir toekomstige krisis.	92.1	7.9

Tabel 3.16 Bekommerdes per ouderdom en posgraad

NO.	OUDERDOM					POSGRAAD				
	18-25	26-35	36-45	46-55	56-63	1-5	6-8	9-10	11-14	15-20
	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)
24	55.6	47.1	40.0	35.4	50.0	35.3	40.7	39.2	51.6	56.3
25	96.3	93.0	92.6	89.2	100	88.2	92.3	92.0	96.8	93.8

Die meerderheid van respondente is nie oortuig dat hulle genoeg sal kan spaar om finansiële onafhanklik af te tree nie. Dit is veral die respondente in die ouderdomsgroep 46-55 wat in posgrade 1-5 en 9-10 is, wat hulle die meeste hieroor bekommer.

Bykans al die respondente glo ook dat hulle geld vir toekomstige krisis moet spaar. Dit is veral respondente in die ouderdomsgroepe 18-25 en 56-63 in posgrade 11-14, wat die meeste hiervan oortuig is.

3.2.2.4 Spandeerders (vraag 26-28)

(Die volledige bespreking en persentasies word in Aanhangsel C getoon)

Tabel 3.17 Totaal van spandeerders

NO.	VRAAG	JA (%)	NEE (%)
26	Ek is op my gelukkigste as ek geld spandeer,	20.4	79.6
27	Ek het al impulsiewe en ondeurdagte aankope gedoen,	69.2	30.8
28	Ek doen gereeld impulsiewe en ondeurdagte aankope,	12.9	87.1

Tabel 3.18 Spandeerders per ouderdom en posgraad

NO.	OUDERDOM					POSGRAAD				
	18-25	26-35	36-45	46-55	56-63	1-5	6-8	9-10	11-14	15-20
	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)
26	14.8	26.8	15.8	17.2	31.3	30.8	18.7	23.5	12.5	13.3
27	74.1	70.4	69.5	68.8	56.3	53.8	64.4	78.4	84.4	56.3
28	11.1	14.1	13.8	9.4	12.5	23.5	10.0	21.6	3.1	6.3

Gegrono op die totale resultate blyk dit dat die meerderheid van die respondente nie as spandeerders geklassifiseer kan word nie. Die 20.4% respondente wat wel op hulle gelukkigste is as hulle geld spandeer, is steeds baie hoog. Die neiging kom veral voor onder persone tussen 56-63 jaar oud, in posgrade 1-5.

Dit blyk ook dat ongeveer twee derdes van respondente al impulsiewe en ondeurdagte aankope gedoen het. Dit is 'n relatief normale tendens. Daar is ook 'n relatiewe hoë persentasie van respondente, veral die wat 26-45 jaar oud is en wat in posgrade 1-5 en 9-10 is, wat gereeld impulsiewe en ondeurdagte aankope doen.

Gegrono op die resultate van respondente wat op hulle gelukkigste is as hulle geld spandeer en wat gereeld impulsiewe aankope doen, kan hulle as spandeerders geklassifiseer word. Dit blyk dat veral persone in tussen die ouderdom van 26 en 35, in posgrade 1-5 in die kategorie val.

3.2.2.5 Die geldmaker (vraag 29-30)

(Die volledige bespreking en persentasies word in Aanhangsel C getoon)

Tabel 3.19 Totaal van geldmaker

NO.	VRAAG	JA (%)	NEE (%)
29	My doel is om soveel geld as moontlik te maak.	57.7	42.3
30	My geld verskaf vir my beheer oor my wêreld.	26.9	73.1

Tabel 3.20 Geldmaker per ouderdom en posgraad

NO.	OUDERDOM					POSGRAAD				
	18-25	26-35	36-45	46-55	56-63	1-5	6-8	9-10	11-14	15-20
	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)
29	77.8	69.0	55.8	37.5	62.5	71.2	57.8	62.7	50.0	25.0
30	25.9	41.4	25.8	15.9	12.5	35.4	21.1	33.3	29.7	0.0

Die totale resultate toon dat net meer as die helfte van al die respondente dit ten doel het om soveel geld moontlik te maak. Die geneigdheid kom veral voor onder respondente in ouderdomsgroep 18-25, wat op posgrade 1-5 is. Net meer as 'n kwart van al die respondente glo egter dat hulle geld vir hulle beheer oor hulle wêreld kan verskaf. Die ouderdomsgroep wat die beste beseft dat hulle geld nie beheer oor hulle wêreld kan verskaf nie, is die wat ouer as 56 jaar is en wat in posgrade 15-20 is.

3.2.2.6 Die winskopiejaagter (Vraag 31-33)

(Die volledige bespreking en persentasies word in Aanhangsel C getoon)

Tabel 3.21 Totaal van winskopiejaagter

NO.	VRAAG	JA (%)	NEE (%)
31	Ek koop gereeld items wat op 'n uitverkoop is.	56.3	43.7
32	Ek probeer om altyd goedere teen 'n afslagprys aan te koop.	74.0	26.0
33	Al het ek 'n item nie nodig nie sal ek dit koop as dit 'n winskoop is.	16.8	83.2

Tabel 3.22 Winskopiejaagter per ouderdom

NO.	OUDERDOM					POSGRAAD				
	18-25	26-35	36-45	46-55	56-63	1-5	6-8	9-10	11-14	15-20
	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)
31	70.4	56.3	57.9	43.8	62.5	74.4	64.8	52.9	39.1	18.8
32	81.5	76.1	75.5	64.1	80.0	88.0	79.1	64.7	65.6	66.7
33	11.1	25.4	16.8	9.2	12.5	23.1	17.6	17.6	10.9	6.3

Gebaseer op die totale resultate blyk dit dat die meerderheid van die respondente gereeld goedere wat op 'n uitverkoop is, aankoop. Dit is veral geldig vir respondente wat 18-25 jaar oud is en wat in posgrade 1-5 is. Ongeveer driekwart van respondente, in die ouderdomsgroepe 18-28 en 56-63 jaar oud, in posgraad 1-5, het aangetoon dat hulle altyd poog om goedere teen 'n afslagprys aan te koop. Die meerderheid van die persone is 18-25 en 56-63 jaar oud wat in posgrade 1-5 is.

Slegs 16.8% van die respondente het aangedui dat hulle onnodige goedere sal aankoop as dit 'n winskopie is. Die neiging kom meestal voor by persone wat 26-35 jaar oud is en wat in posgrade 1-5 is.

3.2.2.7 Dobbelaar (vraag 34-37)

(Die volledige bespreking en persentasies word in Aanhangsel C getoon)

Tabel 3.23 Totaal van dobbelaar

NO.	VRAAG	JA (%)	NEE (%)
34	Ek geniet dit om risiko's te neem met my geld.	8.2	91.8
35	Ek gaan gereeld weddenskappe aan.	4.7	95.3
36	Ek glo dat geluk die uitkoms van 'n transaksie bepaal.	22.1	77.9
37	Ek sal aanhou om risiko's te neem, self al het ek geld verloor.	8.2	91.8

Tabel 3.24 Dobbelaar per ouderdom en posgraad

NO.	OUDERDOM					POSGRAAD				
	18-25	26-35	36-45	46-55	56-63	1-5	6-8	9-10	11-14	15-20
	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)
34	3.7	4.2	6.4	10.8	18.8	9.8	2.2	5.9	9.4	25.0
35	0.0	0.0	8.6	6.2	6.2	18.0	0.0	3.9	1.6	6.3
36	22.2	27.5	25.8	9.2	25.0	29.4	21.1	26.5	15.6	6.3
37	14.8	1.4	8.4	9.2	12.5	3.8	1.1	12.0	10.9	31.5

Die totale resultate toon dat die groot meerderheid van die respondente dit nie geniet om risiko's met hulle geld te neem, of weddenskappe aan te gaan nie. Die wat wel risiko's met hulle geld neem is die respondente wat 56 jaar en ouer is wat in posgrade 15-20 is. Hulle gaan egter meestal nie weddenskappe aan nie, maar neem berekende risiko's.

Bykans 'n kwart van alle respondente glo egter dat geluk die uitkoms van 'n transaksie kan bepaal. Dit is meestal die respondente wat in posgrade 1-5 lê en 26-35 jaar oud is, wat in die noodlot en geluk glo.

3.2.3 TYDWAARDE VAN GELD (VRAAG 38-44)

(Die volledige bespreking en persentasies word in Aanhangsel C getoon)

Tabel 3.25 Totaal van tydwaarde van geld

NO.	VRAAG	JA (%)	NEE (%)
38	Ek weet wat met die term "Tydwaarde van geld" bedoel word.	8.2	91.8
39	'n R100 vandag is net soveel werd as R100 oor 'n jaar van nou af.	4.3	95.7
40	Ek kan vandag meer koop met R100 as oor 'n jaar van nou af.	68.5	31.5
41	Ek weet wat die terme "Nominale rentekoerse" beteken.	56.0	44.0
42	Ek weet wat die terme "Effektiewe rentekoerse" beteken.	58.8	41.2
43	Ek weet wat die term "Saamgestelde rente" beteken.	67.1	32.9
44	Ek kan bereken wat die toekomstige waarde sal wees indien ek 'n sekere bedrag vir 'n vaste tydperk teen 'n vaste rentekoers belê	68.6	31.4

Tabel 3.26 Tydwaarde van geld per ouderdom en posgraad

NO.	OUDERDOM					POSGRAAD				
	18-25	26-35	36-45	46-55	56-63	1-5	6-8	9-10	11-14	15-20
	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)
38	85.2	67.6	58.1	65.6	53.3	56.9	60.2	54.9	76.6	100
39	0.0	1.4	3.3	9.2	12.5	10.0	2.2	5.9	3.1	0.0
40	85.2	76.1	63.2	58.5	66.7	56.9	68.1	62.7	81.3	68.8
41	61.5	52.1	44.2	70.3	62.5	30.8	44.4	54.9	79.4	100
42	76.9	54.9	47.4	68.8	62.5	37.3	46.2	58.8	81.0	100
43	88.9	70.4	55.8	71.0	56.3	44.0	57.8	62.7	90.6	100
44	77.8	69.0	63.2	72.3	62.5	50.0	68.1	58.8	82.8	100

Gebaseer op die totale resultate blyk dit dat die meerderheid van die respondente nie weet wat met die term "Tydwaarde van geld" bedoel word nie. Die stelling word weerspreek deur die feit dat die meeste respondente wel met die onderliggende beginsels van tydwaarde van geld bekend is. Hulle ken dus net nie die term "Tydwaarde van geld" nie. Dit is insiggewend dat dit veral die jong respondente is wat die meeste met die finansiële terminologie bekend is, sowel as die respondente op die meer senior posgrade.

Die feit dat hulle met die onderliggende beginsels van tydwaarde van geld bekend is, word ondersteun deurdat die meeste van respondente wel bekend is met die verskillende tipes rentekoerse en dat hulle eenvoudige renteberekeninge kan doen. Slegs die persone op posgrade 15-20 is almal ten volle vertrouwd met die finansiële terminologie en kan almal ook die renteberekeninge doen.

3.2.4 DIE FINANSIËLE PLAN (VRAAG 45-69)

3.2.4.1 Beplanning en kontrolering (vraag 45-49 en vraag 52-53)

(Die volledige bespreking en persentasies word in Aanhangsel C getoon)

Tabel 3.27 Totaal van beplanning en kontrolering

NO.	VRAAG	JA (%)	NEE (%)
45	Ek dink gereeld aan wat my finansiële posisie tydens aftrede sal wees.	68.5	31.5
46	Ek ervaar stres as ek dink aan my finansiële posisie en my naderende aftrede.	49.1	50.9
47	Ek het al begin om voorsiening vir my aftrede te maak.	73.8	26.2
48	Ek stel vir my finansiële doelwitte.	67.6	32.4
49	Die doelwitte word in my begroting gereflekteer.	53.7	46.3
52	Ek het 'n konsultant/makelaar wat na my finansiële beplanning omsien.	42.5	57.5
53	Ek kontroleer soms die vordering wat ek maak ten opsigte van my gestelde finansiële doelwitte.	52.9	47.1

Tabel 3.28 Beplanning en kontrolering per ouderdom en posgraad

NO.	OUDERDOM					POSGRAAD				
	18-25	26-35	36-45	46-55	56-63	1-5	6-8	9-10	11-14	15-20
	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)
45	48.1	60.6	77.7	69.2	81.3	66.7	64.8	72.5	68.8	81.3
46	40.7	47.9	58.5	40.0	50.0	56.9	50.5	54.9	45.3	18.8
47	63.0	74.6	71.3	81.5	68.8	48.1	72.5	80.4	84.1	100
48	70.4	63.4	66.7	72.3	68.7	67.3	64.4	64.7	71.4	81.3
49	59.3	49.3	51.1	57.1	60.0	49.0	54.5	47.1	58.1	68.8
52	33.3	36.6	42.1	50.8	56.3	15.4	48.4	41.2	50.0	68.8
53	37.0	59.2	52.7	53.8	43.8	34.0	49.5	54.9	62.5	81.3

Op grond van die totale resultate blyk dit dat die meerderheid van die respondente, veral diegene wat naby aan aftrede is, gereeld aan hulle finansiële posisie tydens aftrede dink. Ongeveer die helfte van respondente, veral die in ouderdomme 36-45 en in posgrade 1-5 en 9-10, ervaar stres as hulle aan hulle finansiële posisie en naderende aftrede dink.

Dit bring dan ook mee dat ongeveer driekwart van respondente al begin het om voorsiening te maak vir hulle aftrede. Dit is kommerwekkend as besef word dat ongeveer 'n kwart van respondente, veral die jonger garde en amper die helfte van respondente in posgrade 1-5, nog geen voorsiening vir aftrede gemaak het nie. Die syfers stem ooreen met die hoë voorkoms van die uitstellers-tendens.

Minder as die helfte van alle respondente het 'n finansiële konsultant of makelaar wat na hulle finansiële beplanning omsien. Van die respondente wat naby aftrede is en diegene wat in posgrade 15-20 is, maak net meer as die helfte gebruik van 'n makelaar of konsultant.

3.2.4.2 Mediese dekking (vraag 50)

(Die volledige bespreking en persentasies word in Aanhangsel C getoon)

Tabel 3.29 Totaal van mediese dekking

NR.	VRAAG	JA (%)	NEE (%)
50	Ek het 'n mediese fonds/hospitaalplan.	78.9	21.1

Tabel 3.30 Mediese dekking per ouderdom en posgraad

NO.	OUDERDOM					POSGRAAD				
	18-25	26-35	36-45	46-55	56-63	1-5	6-8	9-10	11-14	15-20
	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)
50	70.4	77.5	74.7	90.8	75.0	48.1	82.4	78.4	92.2	100

Dit is insiggewend om te sien dat meer as 'n driekwart van die respondente wel oor 'n mediese fonds of 'n hospitaalplan beskik. Die hoogste voorkoms is onder respondente in die ouderdomsgroep 46-55 in posgraad 11 en hoër.

3.2.4.3 Ongeskiktheidsdekking (vraag 51)

(Die volledige bespreking en persentasies word in Aanhangsel C getoon)

Tabel 3.31 Totaal van ongeschiktheidsdekking

NO.	VRAAG	JA (%)	NEE (%)
51	Ek het addisionele ongeschiktheidsdekking/versekering aanvullend tot die groepskema vir as ek nie in staat is om verder te werk nie.	60.4	39.6

Tabel 3.32 Ongeskiktheidsdekking per ouderdom en posgraad

NO.	OUDERDOM					POSGRAAD				
	18-25	26-35	36-45	46-55	56-63	1-5	6-8	9-10	11-14	15-20
	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)
51	51.9	57.7	55.8	73.8	50.0	25.0	68.1	60.8	68.8	93.8

Die meerderheid van die respondente het wel addisionele ongeschiktheidsdekking, om voorsiening te maak vir wanneer hulle nie in staat is om verder te kan werk nie. 'n Gebrek aan diesulke voorsiening kom wel in posgrade 1-5 voor.

3.2.4.4 Testamente en boedelbeplanning (vraag 54-60)

(Die volledige bespreking en persentasies word in Aanhangsel C getoon)

Tabel 3.33 Totaal van testamente en boedelbeplanning

NO.	VRAAG	JA (%)	NEE (%)
54	Ek het 'n testament.	74.2	25.8
55	Ek weet wat met my eiendom sal gebeur as ek sterf en nie 'n testament het nie.	85.1	14.9
56	Ek verstaan alles wat in my testament staan.	77.1	22.9
57	My testament word gereeld nagegaan en opdateer.	53.3	46.7
58	My testament maak voorsiening vir die versorging van al my afhanklikes.	73.5	26.5
59	My naasbestaandes weet waar my testament geliasseer word.	68.9	31.1
60	My naasbestaandes weet wat in my testament geskryf staan.	55.8	44.2

Die totale resultate toon dat bykans 'n driekwart van die respondente wel oor 'n testament beskik en alles verstaan wat daarin staan. Die meerderheid is bewus van die gevolge van 'n intestate afsterwe. Slegs respondente in posgrade 15-20 het almal 'n testament, is ten volle bewus van die gevolge van 'n intestate boedel en verstaan alles wat in hulle testamente staan.

Tabel 3.34 Testamente en boedelbeplanning per ouderdom en posgraad

NO.	OUDERDOM					POSGRAAD				
	18-25	26-35	36-45	46-55	56-63	1-5	6-8	9-10	11-14	15-20
	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)
54	37.0	67.6	76.6	92.3	75.0	37.3	81.3	76.5	84.4	100
55	57.7	81.7	87.1	95.4	86.7	65.4	87.6	88.0	90.5	100
56	48.1	72.1	79.6	89.2	81.3	48.1	85.2	72.0	87.3	100
57	25.9	47.1	53.3	72.3	43.8	30.0	62.5	44.0	64.1	56.3
58	34.6	64.7	78.7	90.8	68.8	36.5	83.9	72.0	82.8	100
59	40.7	58.8	73.9	81.3	75.0	44.0	78.4	68.0	69.8	87.5
60	22.2	51.5	59.8	72.3	43.8	15.7	60.2	60.0	71.4	81.3

Net meer as die helfte van respondente se testamente word gereeld nagaan en opdateer. Dieselfde verhouding geld ook vir die openheid wat respondente en hulle naasbestaendes ten opsigte van hulle testamente het. Ongeveer twee derdes van die respondente het aangedui dat hulle naasbestaendes weet waar hulle testament geliasseer is.

3.2.4.5 Aftreebeplanning (vraag 61-69 en vraag 72)

(Die volledige bespreking en persentasies word in Aanhangsel C getoon)

Tabel 3.35 Totaal van aftreebeplanning

NO.	VRAAG	JA (%)	NEE (%)
61	Ek weet waar ek gaan woon na my aftrede.	44.4	55.6
62	Ek sal finansiëel onafhanklik kan aftree.	50.2	49.8
63	Ek sal na my aftrede moet aanhou werk om te kan oorleef.	53.1	46.9
64	Ek weet wat is die stand van my pensioenfonds.	79.7	20.3
65	Ek weet wat is die voordele van my pensioenfonds.	78.5	21.5
66	Ek maak self my pensioenfonds keuses.	87.0	13.0
67	Ek maak my pensioenfonds keuse soos wat my kollegas hulle keuses maak.	8.3	91.7
68	Ek kies die pensioenfonds beleggingsopsie op grond van die opsie wat in die onlangse verlede die beste korttermyn resultate gegee het.	46.7	53.3
69	Ek verander gereeld die samestelling van my pensioenfonds portefeulje.	26.7	73.3
72	Behalwe vir my pensioenfonds het ek ander addisionele voorsiening vir aftrede gemaak.	52.0	48.0

Net meer as die helfte van die respondente weet nie waar hulle gaan woon na hulle aftrede nie. Dit is slegs die wat die naaste aan aftrede is wat meer sekerheid rakende hierdie aspek het. Die helfte van respondente is van mening dat hulle nie finansiëel onafhanklik sal kan aftree nie. Slegs die respondente wat 18-25 jaar en 46-55 jaar oud is en in posgrade 15-20 is, is meer positief dat hulle finansiëel onafhanklik sal kan aftree. Ongeveer die helfte van die respondente is van mening dat hulle ná aftrede sal

moet aanhou werk om te kan oorleef. Die tendens kom veral by persone in die ouderdomsgroep 55-63 en wat in posgraad 1-10 is voor. Dit is ook die persone in posgrade 1-5 wat nie ander addisionele voorsiening vir hulle aftrede gemaak het nie.

Tabel 3.36 Aftreebeplanning per ouderdom en posgraad

NO.	OUDERDOM					POSGRAAD				
	18-25	26-35	36-45	46-55	56-63	1-5	6-8	9-10	11-14	15-20
	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)
61	12.0	18.6	47.4	72.3	75.0	52.9	37.1	39.2	46.9	68.8
62	58.3	49.3	44.6	56.3	37.5	37.0	40.9	52.9	59.4	81.3
63	33.3	48.5	60.9	52.3	62.5	67.3	57.0	54.9	41.3	31.3
64	62.5	81.4	77.9	84.6	81.3	48.0	78.7	90.2	90.6	100
65	56.0	80.0	80.6	83.1	68.8	39.2	86.5	84.3	88.7	93.8
66	64.0	87.1	89.5	89.2	86.7	66.7	89.9	90.2	92.2	100
67	8.0	10.0	7.4	10.8	0.0	11.8	8.0	13.7	4.7	0.0
68	32.0	55.7	50.5	35.4	40.0	43.1	47.7	51.0	50.0	12.5
69	8.0	25.7	30.5	27.7	25.0	17.6	30.3	25.5	25.0	37.5
72	28.0	47.1	46.3	67.7	75.0	21.6	52.8	47.1	67.2	93.8

Meer as 'n driekwart van respondente is op hoogte van die stand van hulle pensioenfonds. Hulle is ook bewus van al die voordele van hulle pensioenfonds. Dit blyk egter dat die respondente in posgrade 1-5 nie oorwegend ten volle bewus is van die voordele van hulle pensioenfonds nie.

Dit blyk ook dat die groot meerderheid van respondente self hulle pensioenfonds keuse sonder beïnvloeding uitoefen. Bykans die helfte van die respondente oefen egter hulle pensioenfonds opsie keuse uit op grond van die opsie wat die beste korttermyn resultate gelewer het. Dit is die respondente wat 26-35 jaar oud is en in posgrade 9-10 lê, wat hulle meestal deur die korttermyn resultate van die onderskeie pensioenfonds opsies laat lei.

3.2.5 INVESTERING EN BELEGGINGS (VRAAG 70-71 EN VRAAG 73-77)

(Die volledige bespreking en persentasies word in Aanhangsel C getoon)

Tabel 3.37 Totaal van investering en beleggings

NO.	VRAAG	JA (%)	NEE (%)
70	Ek verstaan die verband tussen die risiko en die opbrengs van beleggings.	78.7	21.3
71	Ek weet wat is inflasie.	89.5	10.5
73	Weet u wat Geldmarkdeposito's is?	57.5	42.5
74	Weet u wat Staatskuldbriewe is?	46.5	53.5
75	Weet u wat aandele is?	90.6	9.4
76	Weet u wat effektetrusts is?	75.6	24.4
77	Verstaan u wat met nominale- en reële opbrengs op beleggings bedoel word?	46.4	53.6

Tabel 3.38 Investering en beleggings per ouderdom en posgraad

NO.	OUDERDOM					POSGRAAD				
	18-25	26-35	36-45	46-55	56-63	1-5	6-8	9-10	11-14	15-20
	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)
70	68.0	78.6	75.8	87.7	75.0	54.9	77.5	80.4	92.2	100
71	88.0	88.6	86.3	93.8	100	80.4	89.8	84.3	98.4	100
73	56.0	55.7	52.7	62.5	66.7	21.6	52.8	47.1	67.2	93.8
74	64.0	33.3	43.6	52.3	50.0	23.5	51.2	58.8	79.4	100
75	100	94.3	85.3	92.3	80.0	39.2	29.9	49.0	54.7	100
76	76.0	77.1	71.0	78.5	75.0	66.0	97.8	90.2	96.9	100
77	68.0	37.3	36.8	55.4	56.3	38.0	77.3	78.4	92.2	100

Gebaseer op die totale resultate blyk dit dat meer as 'n driekwart van al die respondente die verband tussen die risiko en die opbrengs van 'n belegging verstaan. Die meerderheid het aangedui dat hulle weet wat inflasie, aandele en effektetrusts is. Daarteenoor weet net meer as die helfte van respondente wat geldmarkdeposito's is, en net minder as die helfte weet wat staatskuldbriewe is.

Dit is opmerklik dat die respondente in (hoër) posgrade 15-20 almal die bostaande finansiële begrippe volledig verstaan. Die respondente in (laer) posgrade 1-5 is die meeste onkundig rakende die onderskeie beleggingsinstrumente.

3.2.6 ALGEMENE BEHOEFTEBEPALING (VRAAG 78-84)

(Die volledige bespreking en persentasies word in Aanhangsel C getoon)

Hierdie gedeelte fokus op die resultate van die moontlike behoeftes wat daar onder werknemers ten opsigte van leiding en hulp in die onderskeie afdelings van persoonlike finansiële bestuur mag bestaan.

3.2.6.1 Produktiwiteitverlies (Vraag 78-80)

(Die volledige bespreking en persentasies word in Aanhangsel C getoon)

Tabel 3.39 Totaal van produktiwiteitsverlies

NO.	VRAAG	JA (%)	NEE (%)
78	Ek is ten volle op my werk gefokus tydens die verrigtinge van my dagtaak.	84.7	15.3
79	Spandeer u werksure onproduktief as gevolg van algemene finansiële bekommernisse?	16.2	83.8
80	Spandeer u werksure onproduktief as gevolg van finansiële bekommernisse oor u aftrede?	11.6	88.4

Tabel 3.40 Produktiwiteitsverlies per ouderdom en posgraad

NO.	OUDERDOM					POSGRAAD				
	18-25	26-35	36-45	46-55	56-63	1-5	6-8	9-10	11-14	15-20
	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)
78	79.2	84.1	83.2	89.2	87.5	74.0	86.4	84.3	89.1	100
79	12.0	18.6	22.1	7.7	6.2	29.4	13.5	19.6	9.4	0.0
80	4.0	10.0	17.0	7.7	12.5	26.0	6.7	15.7	6.3	0.0

Gebaseer op die totale resultate blyk dit dat die meerderheid van die respondente tydens die uitvoering van hulle dagtaak ten volle op hulle werk gefokus is. Ongeveer 16.2% van alle respondente het aangedui dat hulle sommige werksure onproduktief spandeer, as gevolg van algemene finansiële bekommernisse. Selfs minder respondente, 11.6%, spandeer werksure onproduktief as gevolg van finansiële bekommernisse oor hulle naderende aftrede. Dit is egter respondente in die ouderdomsgroep 36-45 in posgrade 1-5 wat die meeste tyd onproduktief spandeer as gevolg van algemene finansiële bekommernisse, sowel as finansiële bekommernisse rakende hulle aftrede.

3.2.6.2 Opleiding behoeftebepaling (vraag 81-84)

(Die volledige bespreking en persentasies word in Aanhangsel C getoon)

Tabel 3.41 Totaal van opleiding behoeftebepaling

NO.	VRAAG	JA (%)	NEE (%)
81	Sou u graag opleiding en hulp met die opstel, werking en instandhouding van 'n begroting wou hê?	48.4	51.6
82	Sou u graag opleiding en hulp met die opstel en bestuur van aftreebeplanning wou hê?	61.1	38.9
83	Sou u graag opleiding en hulp met die opstel, werking en instandhouding van 'n testament wou hê?	44.0	56.0
84	Sou u graag opleiding rakende algemene persoonlike finansiële bestuur wou hê?	57.8	42.2

Tabel 3.42 Opleiding behoeftebepaling per ouderdom en posgraad

NO.	OUDERDOM					POSGRAAD				
	18-25	26-35	36-45	46-55	56-63	1-5	6-8	9-10	11-14	15-20
	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)	JA (%)
81	48.0	54.3	50.5	41.5	43.7	80.4	53.9	51.0	26.6	0.0
82	56.0	68.6	63.8	58.5	40.0	74.0	64.0	68.0	54.7	18.7
83	52.0	51.4	46.3	33.8	31.2	56.9	47.2	49.0	34.4	12.5
84	60.0	60.0	63.2	50.8	50.0	82.4	61.8	58.8	43.7	18.7

Dit blyk dat net minder as die helfte van al die respondente hulp met 'n begroting sou wou hê. Dit is veral die persone in die ouderdomsgroep 26-35 in posgrade 1-5 wat die

hulp benodig. Die meerderheid van alle respondente, veral die in ouderdomme 26-45 in posgrade 1-5 en 9-10, het aangedui dat hulle hulp met aftreebeplanning sou wou hê.

Net minder as die helfte van respondente het aangedui dat hulle hulp met 'n testament sou verlang. Dit is veral die jonger persone in ouderdomsgroepe 18-25 en in posgrade 1-10 wat die hulp verlang. Laastens het meer as die helfte van alle respondente aangedui dat hulle graag opleiding rakende algemene persoonlike finansiële bestuur sou wou hê. Die behoefte aan hulp blyk veral by persone 45 jaar en jonger wat in posgrade 1-8 is, die grootste te wees.

3.3 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die resultate van die vraelyste soos deur die respondente voltooi, getoon en toegelig. Die resultate is aan hand van die hoofgroepe waaruit persoonlike finansiële bestuur bestaan, bespreek. Die mees relevante verskynsels is genoem en die resultate soos deur alle respondente weergegee, is kortliks bespreek. Vervolgens is die resultate ook volgens ouderdomsgroeperinge en posgraadklassifikasies uitgelig.

HOOFSTUK 4

AFLEIDINGS EN GEVOLGTREKKINGS

4.1 INLEIDING

In die gedeelte word na die resultate van die vraelyste in geheel gekyk. Dit sluit in die totale resultate sowel as die resultate wat per ouderdom- en posgraadverdeling verkry is. Afleidings en gevolgtrekkings rakende die toepassing van persoonlike finansiële bestuur deur die werknemers van NWK Beperk word gemaak en bepaalde behoeftes sal geïdentifiseer word. Indien nodig sal wenke aan die hand gedoen word.

4.2 AFLEIDINGS EN GEVOLGTREKKINGS

Die resultate word volgens die hoofgroep indelings van persoonlike finansiële bestuur ondersoek. Afleidings en gevolgtrekkings word bespreek.

4.2.1 Houding ten opsigte van geld

Dit blyk dat baie min van NWK Beperk se personeel hulle geld gebruik om mag en aansien te verkry. Indien die verskynsel wel voorkom, is dit in die jonger ouderdomsgroep/e en laer posgrade wat hulle geld gebruik om mag en aansien te bekom.

Hoewel die meerderheid van personeel al beplanning vir hulle aftrede gedoen het, is dit veral die personeel in die ouer ouderdomsgroepe en dié op die hoër posgrade (11-20) wat meer geneig is om beplanning vir hulle naderende aftrede te doen. Dit is egter kommerwekkend dat daar ongeveer 'n derde van personeel is wat nog nie aftreebeplanning gedoen het nie. Dit word ook weerspieël deur die resultate wat blyk dat slegs ongeveer 70% van personeel wel 'n begroting het en slegs die helfte van dié wat 'n begroting het, dit gereeld verander en opdateer om met veranderende inkomstes en uitgawes tred te hou.

Hoewel bykans alle personeel soms al oor die pryse van goedere wat aangekoop word, gekla het, is dit interessant dat die meerderheid van personeel ook gereeld kla oor die pryse van goedere wat aangekoop word. Die tendens kom veral onder die ouderdomsgroep 36-45 en in die posgraadvlakke 1-5 en 15-20 voor. Daar sou verwag

kon word dat dit veral die jonger personeel en personeel op die laagste posvlakke, wat die laagste salarisse verdien, sou wees wat die meeste geneig sal wees om te kla. Dit is egter nie die geval nie. Die redenasie dat klagtes aangaande die pryse van goedere wat aangekoop word, afhang van die salarisvlakke van personeel, word dus deur die resultate as ongeldig bewys.

Hoewel ongeveer 90% van alle personeel soms huiwerig is as hulle geld spandeer, is dit insiggewend dat tot soveel as 41% van personeel altyd huiwerig en beangs is wanneer hulle geld spandeer. Die tendens kom veral by personeel in die ouderdomsgroep 35-46 wat op posgrade 1-5 is, voor. Meer as die helfte van die personeel in hierdie ouderdomsgroep en posvlak het aangedui dat hulle altyd huiwerig of beangs is as hulle geld spandeer.

Bykans 90% van alle personeel vergelyk kwaliteitsverskille van substituuatprodukte alvorens hulle goedere aankoop. Vir ongeveer 75% van personeel is die kwaliteit van 'n produk van hoër belang as die prys van die produk. Dit is egter die minderheid (7.5%) van personeel wat gewoonlik die duurste produk aankoop en van mening is dat die duurste produk die beste kwaliteit produk is. Alhoewel die oorgrote meerderheid van personeel die kwaliteit van 'n produk belangriker as die prys ag en kwaliteitsverskille vergelyk, is dit veral personeel in die ouderdomskategorie 18-25 en 56-63 jaar wat geneig is om die duurste produk van 'n reeks aan te koop. Die persone wat van mening is dat die duurste produk ook die beste kwaliteit produk is, kom veral in die ouderdomsgroep 18-25 jaar voor. Dit skyn ook te wees dat dit veral die personeel in posgrade 1-5 is wat die duurste produk aankoop en van mening is dat die duurste produk die een met die beste kwaliteit is. Die siening is moontlik aan die mag en aansienhouding gekoppel.

4.2.2 Bestuurstylle ten opsigte van geld

Navorsing deur Scandlyn (2006:84) het bewys dat die meeste mense aanhou uitstel om met finansiële beplanning te begin. Volgens die resultate van die navorsing blyk dit dat soveel as 43.5% gereeld uitstel om met finansiële beplanning te begin. Dit is bykans die helfte van die respondente in die studie. Dit is veral personeel in die ouderdomsgroepe van 36-55 wat hulle hieraan skuldig maak. Die posgrade waar die verskynsel die meeste voorkom, is op posgrade 1-5 met 'n persentasie van bykans 60%. Selfs by posgrade 9-10 is 49% van personeel geneig om hulle finansiële beplanning gereeld uit

te stel. Dit bemoeilik die beheer en kontrole oor hulle persoonlike finansies en kan enorme negatiewe impak op die langtermyn finansiële doelwitbereiking en die aftreebeplanning van die personeellede hê.

Alhoewel die meerderheid van personeel dit geniet om in beheer van hulle finansies te wees, spaar net 37.5% van personeel soveel moontlik elke maand. Dit is veral die persone in die ouderdomsgroep 18-25 wat met 51.9% die grootste geneigdheid het om te spaar. Dit word gevolg deur persone in die ouderdomsgroep 56-63 met 'n persentasie van 50.0%. Dit blyk ook dat die meeste van die spaarders in die posgraadkategorie van 15-20 is. Hulle word gevolg deur die persone in die posgraadkategorie van 6-8. Dit blyk dat dit veral die jonger persone is wat nog nie afhanklikes het nie en wie moontlik by hulle ouers inwoon, wat dit die meeste kan bekostig om te spaar. Dit word gevolg deur die ouer personeellede wie se kinders moontlik reeds die huis verlaat het en wie se aftrede naderkom.

Dit blyk dat die meerderheid van personeel in die bekommerde kategorie kan val. Minder as die helfte van personeel glo dat hulle genoeg sal kan spaar om finansiële onafhanklik af te tree. Vir 92.1% van personeel is die grootste motivering om te spaar, die vrees vir toekomstige krisis. Dit is veral die personeel in die ouderdomsgroep 46-55 en op posgraad 1-5 en 9-10 wat die meeste bekommerd is oor finansiële onafhanklike aftrede. Die grootste spaarders vir toekomstige krisis is personeel wat 56-63 jaar oud is, gevolg deur die personeel van 18-25 jaar. Volgens posgraadkategorieë is dit die personeel op posgrade 11-14 wat die meeste vir toekomstige krisis spaar.

Dit blyk ook dat 'n groot gedeelte van persone in die laer posgrade (1-5) op hulle gelukkigste is as hulle geld spandeer. Hulle maak hulself skuldig aan impulsiewe aankope en spandabelrigheid. Dit is 'n gevaarlike tendens indien dit voorkom onder die persone in posgraad 1-5 omdat dit die persone is wat die laagste besoldig word. Indien die persone slegs geluk ervaar wanneer hulle geld spandeer, sal hulle meer geneig wees om impulsiewe en ondeurdagte aankope te doen, wat 'n verdere negatiewe impak op hulle kontantvloei kan hê.

Meer as die helfte van die personeel het ten doel om soveel geld as moontlik te maak. Slegs 26.9% glo egter dat hulle geld vir hulle beheer oor hulle wêreld sal kan verskaf.

Dit is veral die persone in die ouderdomsgroep 18-25 jaar en in posgrade 1-5 wat ten doel het om soveel geld moontlik te maak. Dit is veral die persone in die ouderdomsgroep 26-35 en op posgrade 1-5 wat glo dat hulle geld vir hulle beheer oor hulle wêreld sal kan verskaf.

Hoewel dit blyk dat die meerderheid van die personeel gereeld goedere wat op 'n uitverkoop is, aankoop, is dit veral die personeel in die ouderdomsgroeperinge van 18-25 en 56-63 jaar onderskeidelik, en personeel wat in posgrade 1-5 is, wat dit meer gereeld doen. Bykans 75% van respondente het aangetoon dat hulle altyd poog om goedere teen 'n afslagprys aan te koop. Dit is ook die respondente in dieselfde ouderdomsgroeperinge van 18-25 en 56-63 jaar wat meestal in posgrade 1-5 is, wat die grootste geneigdheid het om altyd goedere teen 'n afslagprys te wil aankoop. Dit is insiggewend dat dit ook dieselfde kategorie persone is wat die grootste geneigdheid het om te spaar. Sulke aankope word deur hulle as 'n vorm van besparing beskou.

Slegs 16.8% van die personeel, en wel dié in die ouderdomsgroeperinge van 26-35 jaar wat in posgrade 1-5 is, het aangedui dat hulle onnodige goedere sal aankoop as dit 'n winskopie is.

Dit het ook geblyk dat die meerderheid van die personeel dit nie geniet om risiko's met hulle geld te neem nie. Waar dit wel voorkom blyk dit die personeel in hoër posgrade en die met 'n langer werkhorison voor hulle, wat meer geneig is om berekende risiko's met hulle geld te neem. Dit is egter die personeel in die laagste posgrade wat groter waarde aan geluk of gunstige toeval heg, wat hulle tot weddenskappe en dobbelary wend selfs al het hulle geld verloor.

4.2.3 Tydwaarde van geld

Wanneer gelet word op die verdeling per posgraad is dit die groeperinge in posgrade 1-5 en 9-10 wat soms geld gebruik om ander persone se opinie oor hulle met geld te beïnvloed. Beide die groeperinge het 'n 7.8% geneigdheid om dit te doen. Respondente in posgrade 1-5 het ook die grootste geneigdheid om gereeld geld te gebruik om ander persone se opinie oor hulle te beïnvloed. Die persentasie is 3.8%.

Die tendens word herhaal ook waar gelet word op die aankope van goedere om ander persone te beïndruk. Dit is ook die respondente in die posgraadgroepering van 9-10

met 'n persentasie van 24.0% wat die hoogste geneigdheid het om soms items aankoop om ander te beïndruk. Respondente in die posgraadkategorie van 1-5 met 'n persentasie van 9.6% het die hoogste geneigdheid om gereeld goedere aan te koop om ander persone te beïndruk.

C1.2 Tyd terughou en beplannings houding (Vraag 5-12)

Tabel C4 Tyd terughou en beplannings houding

NR.	VRAAG	JA %	NEE %
5.	Ek het al vantevore beplanning vir my aftrede gedoen	64.7	35.3
6.	Ek hersien gereeld my beplanning vir aftrede	47.8	52.2
7.	Ek is bewus van al my inkomstes per maand	97.1	2.9
8.	Ek is bewus van al my uitgawes per maand	91.0	9.0
9.	Ek is bewus van al my skuld	98.9	1.1
10.	Ek het 'n begroting waarvolgens ek alle maandelikse uitgawes beplan	71.3	28.7
11.	Ek verander my begroting gereeld	49.5	50.5
12.	Ek verander my begroting slegs jaarliks na verhoging	34.5	65.5

Dit blyk dat in totaal 64.7% van respondente reeds voorheen beplanning vir hulle aftrede gedoen het. Daarteenoor hersien 47.8% van respondente gereeld die beplanning vir hulle aftrede. Dit blyk ook dat 97.1% van die respondente bewus is van hulle totale inkomste per maand. Daarteenoor is slegs 91% van die respondente van al hulle uitgawes per maand bewus. Die syfer word ook ondersteun deur die feit dat slegs 71.3% van die respondente oor 'n begroting beskik. Van die respondente wat oor 'n begroting beskik, is daar 49.5% wat hulle begroting gereeld verander en 34.5% wysig hulle begroting slegs jaarliks na die salarisaanpassing. Dit blyk ook dat 98.9% van die respondente van alle hulle skuld bewus is.

Tabel C5 Tyd terughou en beplannings houding per ouderdom

NO	OUDERDOM									
	18-25		26-35		36-45		46-55		56-63	
	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %
5	44.4	55.6	56.3	43.7	68.5	31.2	73.8	26.2	75.0	25.0
6	29.6	70.4	39.4	60.6	48.9	51.1	58.5	41.5	66.7	33.3
7	100	0.0	98.6	1.4	97.9	2.1	95.4	4.6	87.5	12.5
8	85.2	14.8	93.0	7.0	93.6	6.4	90.8	9.2	75.0	25.0
9	100	0.0	100	0.0	98.9	1.1	96.9	3.1	100	0.0
10	74.1	25.9	75.7	24.3	71.6	28.4	67.7	32.3	68.8	31.3

NO	OUDERDOM									
	18-25		26-35		36-45		46-55		56-63	
	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %
11	51.9	48.1	54.9	45.1	44.2	55.8	46.2	53.8	73.3	26.7
12	25.9	74.1	29.6	70.4	41.5	58.5	35.4	64.6	33.3	66.7

Indien op die verdeling per ouderdom gefokus word, is dit veral die respondente in die ouer ouderdomsgroeperinge van 46-63 wat wel al beplanning vir aftrede gedoen het. Die persentasies is as volg: 18-25 jaar is 44.4%, 26-35 jaar is 56.3%, 36-45 jaar is 68.5%, 46-55 jaar is 73.8% en 56-63 jaar is 75%. Die verskynsel word ook bevestig indien gelet word op die persentasie van respondente wat gereeld hulle aftreebeplanning hersien. Dit is veral die ouer respondente wat meer gereeld hersiening doen en wysigings aan hulle aftreebeplanning doen. Die persentasies is as volg: ouderdomme 18-25 is 29.6%, 26-35 is 39.4%, 36-45 is 48.9%, 46-55 is 58.5% en 56-63 is 66.7%.

Dit blyk ook dat die meeste van die respondente bewus is van al hulle inkomstes, uitgawes en skuld per maand. Dit is egter die respondente in die ouderdomsgroep 56-63 wat die minste van hulle maandelikse inkomstes en uitgawes bewus is. In die groep is 87.5% van al hul maandelikse inkomstes bewus, 75.0% is van al hulle maandelikse uitgawes bewus. Al die respondente in die ouderdomsgroep is egter van al hulle skuld bewus.

Die bogenoemde resultate word ook ondersteun deur die resultate op die vraag of respondente wel oor 'n begroting beskik waarvolgens maandelikse uitgawes beplan word en of die begroting gereeld, of slegs na jaarlikse verhoging aangepas word. Dit blyk dat die meeste respondente wel oor 'n begroting beskik. Die hoogste persentasies kom egter in die ouderdomsgroepe 18-25 en 26-35 met persentasies van 32.3% en 31.3% onderskeidelik voor.

Dit blyk ook dat die persone in die ouderdomsgroep 36-45 wat wel oor 'n begroting beskik, meer geneig is om gereeld wysigings aan die begroting aan te bring. Die persentasies is as volg: 18-25 jaar is 48.1%, 26-35 jaar is 45.1%, 36-45 jaar is 55.8%, 46-55 jaar is 53.8% en 56-63 jaar is 26.7%.

Die meeste respondente is egter meer geneig om eerder gereeld wysigings aan hulle begrotings aan te bring, eerder as om slegs jaarliks na hulle jaarlikse verhoging wysigings aan hulle begrotings aan te bring. Die persentasies van respondente wat gereeld verandering aanbring is as volg: 18-25 jaar is 51.9%, 26-35 jaar is 54.9%, 36-45 jaar is 44.2%, 46-55 jaar is 46.2% en 56-63 jaar is 73.3%.

Tabel C6 Tyd terughou en beplannings houding per posgraad

NO	POSGRAAD									
	1-5		6-8		9-10		11-14		15-20	
	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %
5	39.2	60.8	65.6	34.4	68.6	31.4	75.0	25.0	87.5	12.5
6	27.5	72.5	44.4	55.6	49.0	51.0	56.3	43.8	93.8	6.3
7	92.3	7.7	100	0.0	94.1	5.9	98.4	1.6	100	0.0
8	84.6	15.4	95.6	4.4	84.3	15.7	93.8	6.3	100	0.0
9	100	0.0	98.9	1.1	96.1	3.9	100	0.0	100	0.0
10	61.5	38.5	83.3	16.7	64.7	35.3	75.0	25.0	56.3	43.8
11	52.9	47.1	53.8	46.2	52.9	47.1	42.2	57.8	37.5	62.5
12	52.0	48.0	33.0	67.0	29.4	70.6	29.7	70.3	31.3	68.8

Die tendens word ook herhaal indien na die verdeling per posgraad gekyk word. Van die respondente wat al aftreebeplanning gedoen het se persentasies is as volg: posgrade 1-5 is 39.2%, posgrade 6-8 is 65.6%, posgrade 9-10 is 68.6%, en posgrade 11-14 is 75% en posgrade 15-20 is 87.5%. Indien gelet word op die persentasies van persone wat gereelde hersiening van hulle aftreebeplanning doen is die persentasies as volg: posgrade 1-5 is 27.5%, posgrade 6-8 is 44.4%, posgrade 9-10 is 49% en posgrade 11-14 is 56.3% en posgrade 15-20 is 93.8%.

Dit blyk ook dat die meeste van die respondente bewus is van al hulle inkomstes, uitgawes en skuld per maand. Dit is slegs die persone in die posgrade 1-5 en 9-10 wat die minste van hulle maandelikse inkomstes en uitgawes bewus was. Die persentasies van respondente wat van hulle inkomstes bewus is, is as volg: posgrade 1-5 is 92.3%, posgrade 6-8 is 100%, posgrade 9-10 is 94.1%, posgrade 11-14 is 98.4% en posgrade 15-20 is 100%. Die persentasies van respondente wat van hulle uitgawes bewus is, is as volg: posgrade 1-5 is 84.6%, posgrade 6-8 is 95.6%, posgrade 9-10 is 84.3%, posgrade 11-14 is 93.8% en posgrade 15-20 is 100%.

Die resultate wat dui dat die meeste van die respondente waarlik van al hulle maandelikse inkomstes en uitgawes bewus was, word ook ondersteun deur die vraag of

die respondente van al hulle skuld bewus is. Die persentasies van respondente wat van al hulle skuld bewus is, is as volg: posgrade 1-5 is 100%, posgrade 6-8 is 98.9%, posgrade 9-10 is 96.1%, posgrade 11-14 is 100% en posgrade 15-20 is 100%.

Die bogenoemde resultate word ook ondersteun deur die resultate op die vraag of respondente wel oor 'n begroting beskik waarvolgens maandelikse uitgawes beplan word. en of die begroting gereeld, of slegs na jaarlikse verhoging aangepas word. Die persentasies van respondente wat wel oor 'n begroting beskik was as volg: posgrade 1-5 is 61.5%, posgrade 6-8 is 83.3%, posgrade 9-10 is 64.7%, en posgrade 11-14 is 75.0% en posgrade 15-20 is 56.3%.

Dit blyk ook dat die respondente wat wel oor 'n begroting beskik, meer geneig is om eerder gereeld wysigings aan die begroting aan te bring, as slegs jaarliks na verhogings. Die persentasies van respondente wat gereeld wysigings aan hulle begrotings aanbring is as volg: 1-5 is 52.9%, posgrade 6-8 is 53.8%, posgrade 9-10 is 52.9%, posgrade 11-14 is 42.2% en posgrade 15-20 is 37.5%.

C1.3 Vertrouend- / Wantrouend houding (Vraag 13-14)

Tabel C7 Totale vertrouende- / wantrouende houding

NR.	VRAAG	JA %	NEE %
13.	Ek het al soms gekla oor die prys van goedere wat ek aankoop	93.9	6.1
14.	Ek kla gereeld oor die prys van goedere wat ek aankoop	61.2	38.8

Gebaseer op die totale resultate van die respondente blyk dit dat 93.9% van respondente al oor die pryse van goedere wat aangekoop is, gekla het. Dit is egter 61.2% van die respondente wat gereeld oor die pryse van goedere wat aangekoop word kla.

Tabel C8 Vertrouend- / wantrouende houding per ouderdom

NO	OUDERDOM									
	18-25		26-35		36-45		46-55		56-63	
	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %
13	85.2	14.8	97.2	2.8	96.8	3.2	90.8	9.2	87.5	12.5
14	55.6	44.4	58.6	41.4	68.4	31.6	56.9	43.1	46.7	53.3

Indien op die verdeling volgens ouderdom gefokus word, is dit veral die persone in die middelste ouderdomsgroeperinge van 26-55 wat wel al oor die pryse van goedere wat aangekoop word, gekla het. Die persentasies is as volg: 18-25 jaar is 85.2%, 26-35 jaar is 97.2%, 36-45 jaar is 96.8%, 46-55 jaar is 90.8% en 56-63 jaar is 87.5%. Die verskynsel word ook bevestig indien gelet word op die persentasie van respondente wat gereeld oor die pryse van goedere wat aangekoop word, kla. Die persentasies is as volg: ouderdomme 18-25 is 55.6%, 26-35 is 58.6%, 36-45 is 68.4%, 46-55 is 56.9% en 56-63 is 46.7%.

Tabel C9 Vertrouend- / wantrouende houding per posgraad

NO	POSGRAAD									
	1-5		6-8		9-10		11-14		15-20	
	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %
13	84.6	15.4	97.8	2.2	90.2	9.8	96.9	3.1	100	0.0
14	78.0	22.0	59.3	40.7	49.0	51.0	56.3	43.8	68.8	31.3

Die tendens word ook herhaal indien na die verdeling per posgraad gekyk word. Van die respondente wat al oor die pryse van goedere wat aangekoop is, gekla het se persentasies is as volg: posgrade 1-5 is 84.6%, posgrade 6-8 is 97.8%, posgrade 9-10 is 90.2%, en posgrade 11-14 is 96.9% en posgrade 15-20 is 100.0%. Indien gelet word op die persentasies van respondente wat gereeld oor die pryse van goedere wat aangekoop word, kla is die persentasies as volg: posgrade 1-5 is 78.0%, posgrade 6-8 is 59.3%, posgrade 9-10 is 49%, en posgrade 11-14 is 56.3% en posgrade 15-20 is 68.3%.

C1.4 Beangste houding (Vraag 15-16)

Tabel C10 Totale beangste houding

NR.	VRAAG	JA %	NEE %
15.	Ek is soms huiwerig alvorens ek geld spandeer	90.7	9.3
16.	Ek raak altyd beangs of senuweeagtig as ek geld spandeer	41.4	58.6

Gebaseer op die totale resultate van die respondente blyk dit dat 90.7% van respondente soms huiwerig raak alvorens hulle geld spandeer. Dit is egter 41.4% van die respondente wat altyd beangs of senuweeagtig raak as hulle geld spandeer.

Tabel C11 Beangste houding per ouderdom

NO	OUDERDOM									
	18-25		26-35		36-45		46-55		56-63	
	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %
15	88.9	11.1	87.3	12.7	92.6	7.4	92.3	7.7	100	0.0
16	18.5	81.5	39.4	60.6	54.3	45.7	41.5	58.5	26.7	73.3

Indien op die verdeling volgens ouderdom gefokus word, is dit veral die persone in die ouer ouderdomsgroeperinge van 36-63 wat soms huiwerig raak as hulle geld spandeer. Die persentasies is as volg: 18-25 jaar is 88.9%, 26-35 jaar is 87.3%, 36-45 jaar is 92.6%, 46-55 jaar is 92.3% en 56-63 jaar is 100.0%. Dit is meestal die ouderdomsgroep van 36-45 jaar en wat gereeld senuweeagtig, of beangs, raak as hulle geld spandeer. Die persentasies van respondente wat gereeld senuweeagtig, of beangs, raak as hulle geld spandeer is as volg: ouderdomme van 18-25 is 18.5%, 26-35 is 39.4%, 36-45 is 54.3%, 46-55 is 41.5% en 56-63 is 26.7%.

Tabel C12 Beangste houding per posgraad

NO	POSGRAAD									
	1-5		6-8		9-10		11-14		15-20	
	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %
15	94.2	5.8	91.2	8.8	88.2	11.8	89.9	10.9	100	0.0
16	64.7	35.3	44.0	56.0	43.1	56.9	30.2	69.8	6.3	93.8

Die respondente wat soms huiwerig raak as hulle geld spandeer, kom veral in posgrade 1-5 en 15-20 voor. Van die respondente wat soms huiwerig raak alvorens hulle geld spandeer, se persentasies is as volg: posgrade 1-5 is 94.2%, posgrade 6-8 is 91.2%, posgrade 9-10 is 88.2%, posgrade 11-14 is 89.9% en posgrade 15-20 is 100.0%. Indien gelet word op die persentasies van respondente wat gereeld beangs of senuweeagtig raak as hulle geld spandeer, is die persentasies as volg: posgrade 1-5 64.7%, posgrade 6-8 is 44.0%, posgrade 9-10 is 43.1%, posgrade 11-14 is 30.2% en posgrade 15-20 is 6.3%.

C1.5 Kwaliteit houding (Vraag 17-20)

Tabel C13 Totale kwaliteit houding

NR.	VRAAG	JA %	NEE %
17.	Die kwaliteit van die items wat ek aankoop is belangriker as die prys wat ek betaal	74.2	25.8
18.	Ek vergelyk die kwaliteitsverskille tussen produkte alvorens ek goedere aankoop	89.6	10.4
19.	Ek koop gewoonlik die duurste item van die spesifieke produkreeks	7.5	92.5
20.	Die duurste item in die produkreeks is altyd die een met die beste kwaliteit	18.9	81.1

Gebaseer op die totale resultate van die respondente blyk dit dat 74.2% van respondente van mening is dat die kwaliteit van items belangriker as die prys is. Dit is ook duidelik uit die resultate wat toon dat 89.6% van respondente kwaliteitsverskille tussen substituu produkte vergelyk, sigbaar. Dit resultate toon ook dat die respondente nie altyd die duurste item koop, of van mening is dat die duurste item die beste kwaliteit is nie.

Tabel C14 Kwaliteit houding per ouderdom

NO	OUDERDOM									
	18-25		26-35		36-45		46-55		56-63	
	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %
17	77.8	22.2	69.0	31.0	79.6	20.4	66.7	33.3	86.7	13.3
18	96.3	3.7	84.5	15.5	88.3	11.7	90.8	9.2	100	0.0
19	18.5	81.5	2.8	97.2	9.5	90.5	4.6	95.4	12.5	87.5
20	29.6	70.4	18.3	81.7	23.2	76.8	13.8	86.2	6.3	93.8

Indien op die verdeling volgens ouderdom gefokus word, is dit veral die respondente in die ouderdomsgroepering van 56-63 wat van mening is dat die kwaliteit van die produk belangriker as die prys is. Die persentasies is as volg: 18-25 jaar is 77.8%, 26-35 jaar is 69.0%, 36-45 jaar is 79.6%, 46-55 jaar is 66.7% en 56-63 jaar is 86.7%.

Dit is ook meestal die respondente in die ouderdomsgroepering van 56-63 wat kwaliteitsverskille vergelyk alvorens hulle produkte aankoop. Die persentasies is as volg: 18-25 jaar is 96.3%, 26-35 jaar is 84.5%, 36-45 jaar is 88.3%, 46-55 jaar is 90.8% en 56-63 jaar is 100.0%.

Wanneer gelet word op die respondente wat aandui dat hulle altyd die duurste produk van 'n reeks aankoop, is dit die persone wat in die ouderdomsgroep van 18-25 jaar oud val. Die persentasie verdeling is as volg: Respondente in ouderdomsgroep 18-25 is 18.5%, 26-35 is 2.8%, 36-45 is 9.5%, 46-55 is 4.6% en 56-63 is 12.5%. Dit is ook die

jonger ouderdomsgroep wat van mening is dat die duurste produk altyd die beste kwaliteit is. Die persentasie verdeling is as volg: Respondente in ouderdomsgroep 18-25 is 29.6%, 26-35 is 18.3%, 36-45 is 23.2%, 46-55 is 13.8% en 56-63 is 6.3%.

Tabel C15 Kwaliteit houding per posgraad

NO	POSGRAAD									
	1-5		6-8		9-10		11-14		15-20	
	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %
17	81.6	18.4	73.3	26.7	66.7	33.3	69.8	30.2	93.8	6.3
18	90.2	9.8	89.0	11.0	82.4	17.6	92.1	7.9	100	0.0
19	11.5	88.5	8.8	91.2	5.9	94.1	4.7	95.3	6.3	93.8
20	44.2	55.8	15.4	84.6	11.8	88.2	14.1	85.9	6.3	93.8

Indien op die verdeling volgens posgraad gefokus word, is dit veral die respondente in die posgraadkategorie van 15-20 wat van mening is dat die kwaliteit van die produk belangriker as die prys is. Die persentasies is as volg: posgrade 1-5 is 81.6%, posgrade 6-8 is 73.3%, posgrade 9-10 is 66.7%, posgrade 11-14 is 69.8% en posgrade 15-20 is 93.8%.

Dit is ook meestal die respondente in die posgraadkategorie van 15-20 wat kwaliteitsverskille vergelyk alvorens hulle produkte aankoop. Die persentasies is as volg: posgrade 1-5 is 90.2%, posgrade 6-8 is 89.0%, posgrade 9-10 is 82.4%, posgrade 11-14 is 92.1% en posgrade 15-20 is 100.0%.

Wanneer gelet word op die respondente wat aandui dat hulle altyd die duurste produk van 'n reeks aankoop, is dit die persone wat in die posgraadkategorie van 1-5 val. Die persentasie verdeling is as volg: posgrade 1-5 is 11.5%, posgrade 6-8 is 8.8%, posgrade 9-10 is 5.9%, posgrade 11-14 is 4.7% en posgrade 15-20 is 6.3%. Dit is ook die laer posgraadkategorie wat van mening is dat die duurste produk altyd die beste kwaliteit is. Die persentasie verdeling is as volg: posgrade 1-5 is 44.2%, posgrade 6-8 is 15.4%, posgrade 9-10 is 11.8%, posgrade 11-14 is 14.1% en posgrade 15-20 is 6.3%.

C2 BESTUURSTYLE TEN OPSIGTE VAN GELD (VRAAG 21-37)

In die gedeelte word die bestuurstyle ten opsigte van geld soos wat dit blyk deur die antwoorde van die respondente bespreek.

C2.1 Vermyders of uitstellers (Vraag 21)

Tabel C16 Totaal van vermyders of uitstellers

NR.	VRAAG	JA %	NEE %
21.	Ek stel dit gereed uit om met finansiële beplanning te begin	43.5	56.5

Gebaseer op die totale resultate van die respondente blyk dit dat 43.5% van respondente geneig is voortdurend uit te stel om met finansiële beplanning te begin. Dit is ook in ooreenstemming met navorsing in deur Scandlyn(2006:84) gedoen.

Tabel C17 Vermyders of uitstellers per ouderdom

NO	OUDERDOM									
	18-25		26-35		36-45		46-55		56-63	
	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %
21	29.6	70.4	38.6	61.4	47.9	52.1	49.2	50.8	37.5	62.5

Indien op die verdeling volgens ouderdom gefokus word, is dit veral die respondente in die ouderdomsgroepering van 36-55 wat meer geneig is om hulle finansiële beplanning voortdurend uit te stel. Die persentasies is as volg: 18-25 jaar is 29.6%, 26-35 jaar is 38.6%, 36-45 jaar is 47.9%, 46-55 jaar is 49.2% en 56-63 jaar is 37.5%.

Tabel C18 Vermyders of uitstellers per posgraad

NO	POSGRAAD									
	1-5		6-8		9-10		11-14		15-20	
	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %
21	59.6	40.4	37.8	62.2	49.0	51.0	36.5	63.5	25.0	75.0

Indien op die verdeling volgens posgraad gefokus word, is dit veral die respondente in die posgraadkategorie van 1-5 wat meestal geneig is om die aanvang van finansiële beplanning uit te stel, of te vermy. Die persentasies is as volg: posgrade 1-5 is 59.6%, posgrade 6-8 is 37.8%, posgrade 9-10 is 49.0%, posgrade 11-14 is 36.5% en posgrade 15-20 is 25.0%.

C2.2 Spaarders (Vraag 22-23)

Tabel C19 Totale van spaarders

NR.	VRAAG	JA %	NEE %
22.	Ek geniet dit om in beheer van my finansies te wees	93.6	6.4

NR.	VRAAG	JA %	NEE %
23.	Ek spaar soveel as moontlik elke maand	37.5	62.5

Gebaseer op die totale resultate van die respondente blyk die meerderheid dit geniet om in beheer van hulle finansies te wees. Dit word so deur 93.6% aangetoon. Dit is egter 37.5% van respondente wat soveel as moontlik elke maand spaar.

Tabel C20 Spaarders per ouderdom

NO	OUDERDOM									
	18-25		26-35		36-45		46-55		56-63	
	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %
22	96.3	3.7	93.0	7.0	92.6	7.4	92.3	7.7	100	0.0
23	51.9	48.1	40.8	59.2	30.5	69.5	36.9	63.1	50.0	50.0

Indien op die verdeling volgens ouderdom gefokus word, is dit veral die respondente in die ouderdomsgroeperinge van 18-25 en 56-63 wat met die hoogste persentasies aangetoon het dat hulle dit geniet om in beheer van hulle finansies te wees. Die persentasies is as volg: 18-25 jaar is 96.3%, 26-35 jaar is 93.0%, 36-45 jaar is 92.6%, 46-55 jaar is 92.3% en 56-63 jaar is 100.0%. Dit is ook dieselfde ouderdomsgroeperinge wat soveel moontlik elke maand spaar. Die persentasies is as volg: 18-25 jaar is 51.9%, 26-35 jaar is 40.8%, 36-45 jaar is 30.5%, 46-55 jaar is 36.9% en 56-63 jaar is 50.0%.

Tabel C21 Spaarders per posgraad

NO	POSGRAAD									
	1-5		6-8		9-10		11-14		15-20	
	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %
22	96.2	3.8	93.4	6.6	94.1	5.9	90.6	9.4	93.8	6.3
23	26.9	73.1	44.0	56.0	39.2	60.8	34.4	65.6	50.0	50.0

Indien op die verdeling volgens posgraad gefokus word, is dit veral respondente in die posgraadkategorie van 1-5 wat dit die meeste geniet om in beheer van hulle finansies te wees. Die persentasies is as volg: posgrade 1-5 is 96.2%, posgrade 6-8 is 93.4%, posgrade 9-10 is 94.1%, posgrade 11-14 is 90.6% en posgrade 15-20 is 93.6%. Dit is egter die respondente in posgrade 15-20 wat soveel moontlik elke maand spaar. Die persentasies is as volg: posgrade 1-5 is 26.9%, posgrade 6-8 is 44.0%, posgrade 9-10 is 39.2%, posgrade 11-14 is 34.4% en posgrade 15-20 is 50.0%.

C2.3 Bekommerdes (vraag 24-25)

Tabel C22 Totaal van bekommerdes

NR.	VRAAG	JA %	NEE %
24.	Ek glo dat ek genoeg sal kan spaar om finansiell onafhanklik te kan aftree	42.3	57.7
25.	Ek moet geld spaar om voorsiening te maak vir toekomstige krisisse	92.1	7.9

Gebaseer op die totale resultate van die respondente blyk die meerderheid nie oortuig is dat hulle genoeg sal kan spaar om finansiell onafhanklik af te tree nie. Dit word so deur 57.7% aangetoon. Dit is egter 92.1% van respondente wat glo dat hulle geld vir toekomstige krisisse moet spaar.

Tabel C23 Bekommerdes per ouderdom

NO	OUDERDOM									
	18-25		26-35		36-45		46-55		56-63	
	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %
24	55.6	44.4	47.1	52.9	40.0	60.0	35.4	64.6	50.0	50.0
25	96.3	3.7	93.0	7.0	92.6	7.4	89.2	10.8	100	0.0

Indien op die verdeling volgens ouderdom gefokus word, is dit veral die respondente in die ouderdomsgroeperinge van 18-25 en 56-63 wat met die hoogste persentasies aangetoon het dat hulle glo dat hulle genoeg sal kan spaar om finansiell onafhanklik af te tree. Die persentasies is as volg: 18-25 jaar is 55.6%, 26-35 jaar is 47.1%, 36-45 jaar is 40.0%, 46-55 jaar is 35.4% en 56-63 jaar is 50.0%. Dit is ook dieselfde ouderdomsgroeperinge wat die meeste glo dat hulle geld vir toekomstige krisisse moet spaar. Die persentasies is as volg: 18-25 jaar is 96.3%, 26-35 jaar is 93.0%, 36-45 jaar is 92.6%, 46-55 jaar is 89.2% en 56-63 jaar is 100.0%.

Tabel C24 Bekommerdes per posgraad

NO	POSGRAAD									
	1-5		6-8		9-10		11-14		15-20	
	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %
24	35.3	64.7	40.7	59.3	39.2	60.8	51.6	48.4	56.3	43.8
25	88.2	11.8	92.3	7.7	92.0	8.0	96.8	3.2	93.8	6.3

Indien op die verdeling volgens posgraad gefokus word, is dit veral respondente in die posgraadkategorie van 11-14 en 15-20 waarvan die meeste glo dat hulle genoeg sal kan spaar om finansiell onafhanklik af te tree. Die persentasies is as volg: posgrade 1-

5 is 35.3%, posgrade 6-8 is 40.7%, posgrade 9-10 is 39.2%, posgrade 11-14 is 51.6% en posgrade 15-20 is 56.3%. Dit is egter die respondente in posgrade 11-14 wat die meeste geneig is om geld vir toekomstige krisisse te spaar. Die persentasies is as volg: posgrade 1-5 is 88.2%, posgrade 6-8 is 92.3%, posgrade 9-10 is 92.0%, posgrade 11-14 is 96.8% en posgrade 15-20 is 93.8%.

C2.4 Spandeerders (Vraag 26-28)

Tabel C25 Totaal van spandeerders

NR.	VRAAG	JA %	NEE %
26.	Ek is op my gelukkigste as ek geld spandeer	20.4	79.6
27.	Ek het al impulsiewe en ondeurdagte aankope gedoen	69.2	30.8
28.	Ek doen gereeld impulsiewe en ondeurdagte aankope	12.9	87.1

Gebaseer op die totale resultate blyk dit dat die meerderheid van die respondente nie as spandeerders geklassifiseer kan word nie. Die respondente wat op hulle gelukkigste is as hulle geld spandeer is 20.4%. Dit blyk ook dat 69.2% van die respondente al impulsiewe en ondeurdagte aankope gedoen het. Dit is egter slegs 12.9% wat gereeld impulsiewe en ondeurdagte aankope doen.

Tabel C26 Spandeerders per ouderdom

NO	OUDERDOM									
	18-25		26-35		36-45		46-55		56-63	
	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %
26	14.8	85.2	26.8	73.2	15.8	84.2	17.2	82.8	31.3	68.8
27	74.1	25.9	70.4	29.6	69.5	30.5	68.8	31.3	56.3	43.8
28	11.1	88.9	14.1	85.9	13.8	86.2	9.4	90.6	12.5	87.5

Indien op die verdeling volgens ouderdom gefokus word, is dit veral die respondente in die ouderdomsgroeperinge van 56-63 wat met die hoogste persentasies aangetoon het dat hulle op hulle gelukkigste is as hulle geld spandeer. Die persentasies is as volg: 18-25 jaar is 14.8%, 26-35 jaar is 26.8%, 36-45 jaar is 15.8%, 46-55 jaar is 17.2% en 56-63 jaar is 31.3%. Dit is egter die respondente in die ouderdomsgroepering van 18-25 jaar wat die grootste geneigdheid het om soms impulsiewe aankope te doen. Die persentasies is as volg: 18-25 jaar is 74.1%, 26-35 jaar is 70.4%, 36-45 jaar is 69.5%, 46-55 jaar is 68.8% en 56-63 jaar is 56.3%.

Dit is egter die respondente in die ouderdomsgroepering van 26-35 jaar wat die grootste geneigdheid het om gereeld impulsiewe aankope te doen en as spandeerders

geklassifiseer te kan word. Die persentasies is as volg: 18-25 jaar is 11.1%, 26-35 jaar is 14.1%, 36-45 jaar is 13.8%, 46-55 jaar is 9.4% en 56-63 jaar is 12.5%.

Tabel C27 Spandeerders per posgraad

NO	POSGRAAD									
	1-5		6-8		9-10		11-14		15-20	
	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %
26	30.8	69.2	18.7	81.3	23.5	76.5	12.5	87.5	13.3	86.7
27	53.8	46.2	64.4	35.6	78.4	21.6	84.4	15.6	56.3	43.8
28	23.5	76.5	10.0	90.0	21.6	78.4	3.1	96.9	6.3	93.8

Indien op die verdeling volgens posgraad gefokus word, is dit veral respondente in die posgraadkategorie van 1-5 wat die grootste geneigdheid het om op hulle gelukkigste te wees as hulle geld spandeer. Die persentasies is as volg: posgrade 1-5 is 30.8%, posgrade 6-8 is 18.7%, posgrade 9-10 is 23.5%, posgrade 11-14 is 12.5% en posgrade 15-20 is 13.3%.

Dit is egter die respondente in posgrade 11-14 wat die meeste geneig is om soms impulsiewe en ondeurdagte aankope te doen. Die persentasies is as volg: posgrade 1-5 is 53.8%, posgrade 6-8 is 64.4%, posgrade 9-10 is 78.4%, posgrade 11-14 is 84.4% en posgrade 15-20 is 56.3%. Dit is egter die respondente in posgrade 1-5 wat die meeste geneig is om gereeld impulsiewe en ondeurdagte aankope te doen. Gebaseer op die persentasies van persone wat op hul gelukkigste is wanneer hulle geld spandeer en gereeld impulsiewe en ondeurdagte aankope doen kan vermeld word dat die persone in die posgrade 1-5 die meeste voldoen aan die vereistes van die spandeerder-klassifikasie. Die persentasies is as volg: posgrade 1-5 is 23.5%, posgrade 6-8 is 10.0%, posgrade 9-10 is 21.6%, posgrade 11-14 is 3.1% en posgrade 15-20 is 6.3%.

C2.5 Geldmaker (Vraag 29-30)

Tabel C28 Totaal van geldmaker

NR.	VRAAG	JA %	NEE %
29.	My doel is om soveel geld as moontlik te maak	57.7	42.3
30.	My geld verskaf vir my beheer oor my wêreld	26.9	73.1

Gebaseer op die totale resultate blyk dit dat die meerderheid van die respondente met 'n persentasie van 57.7% dit ten doel het om soveel geld moontlik te maak. Dit is egter

slegs 26.9% van die respondente glo dat hulle geld vir hulle beheer oor hulle wêreld kan verskaf.

Tabel C29 Geldmaker per ouderdom

NO	OUDERDOM									
	18-25		26-35		36-45		46-55		56-63	
	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %
29	77.8	22.2	69.0	31.0	55.8	44.2	37.5	62.5	62.5	37.5
30	25.9	74.1	41.4	58.6	25.8	74.2	15.9	84.1	12.5	87.5

Indien op die verdeling volgens ouderdom gefokus word, is dit veral die respondente in die ouderdomsgroepe van 18-25 wat met die hoogste persentasies aangetoon het dat hulle doel is om soveel geld moontlik te maak. Die persentasies is as volg: 18-25 jaar is 77.8%, 26-35 jaar is 69.0%, 36-45 jaar is 55.8%, 46-55 jaar is 37.5% en 56-63 jaar is 62.5%. Dit is egter die respondente in die ouderdomsgroepe van 26-35 jaar wat die grootste geneigdheid het om te glo dat hulle geld vir hulle beheer oor hulle wêreld kan verskaf. Die persentasies is as volg: 18-25 jaar is 25.9%, 26-35 jaar is 41.4%, 36-45 jaar is 25.8%, 46-55 jaar is 15.9% en 56-63 jaar is 12.5%.

Tabel C30 Geldmaker per posgraad

NO	POSGRAAD									
	1-5		6-8		9-10		11-14		15-20	
	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %
29	71.2	28.8	57.8	42.2	62.7	37.3	50.0	50.0	25.0	75.0
30	35.4	64.4	21.1	78.9	33.3	66.7	29.7	70.3	0.0	100

Indien op die verdeling volgens posgraad gefokus word, is dit veral respondente in die posgraadkategorie van 1-5 wat die grootste doel het om soveel geld moontlik te maak. Die persentasies is as volg: posgrade 1-5 is 71.2%, posgrade 6-8 is 57.8%, posgrade 9-10 is 62.7%, posgrade 11-14 is 50.0% en posgrade 15-20 is 25.0%. Dit is ook die respondente in posgrade 1-5 wat die meeste geneig is om te glo dat hulle geld vir hulle beheer oor hulle wêreld sal kan verskaf. Die persentasies is as volg: posgrade 1-5 is 35.4%, posgrade 6-8 is 21.1%, posgrade 9-10 is 33.3%, posgrade 11-14 is 29.7% en posgrade 15-20 is 0.0%.

C2.6 Winskopiejaagter (Vraag 31-33)

Tabel C31 Totaal van winskopiejaagter

NR.	VRAAG	JA %	NEE %
31.	Ek koop gereeld items wat op 'n uitverkoop is	56.3	43.7

NR.	VRAAG	JA %	NEE %
32.	Ek probeer om altyd goedere teen 'n afslagprys aan te koop	74.0	26.0
33.	Al het ek 'n item nie nodig nie sal ek dit koop as dit 'n winskoop is	16.8	83.2

Gebaseer op die totale resultate blyk dit dat die meerderheid van die respondente met 'n persentasie van 56.3% gereeld goedere wat op 'n uitverkoop is, aankoop. Die respondente wat aangetoon het dat hulle altyd poog om goedere teen 'n afslagprys aan te koop is 74.0%. Slegs 16.8% van die respondente het aangedui dat hulle onnodige goedere sal aankoop as dit 'n winskopie is.

Tabel C32 Winskopiejagter per ouderdom

NO	OUDERDOM									
	18-25		26-35		36-45		46-55		56-63	
	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %
31	70.4	29.6	56.3	43.7	57.9	42.1	43.8	56.3	62.5	37.5
32	81.5	18.5	76.1	23.9	75.5	24.5	64.1	35.9	80.0	20.0
33	11.1	88.9	25.4	74.6	16.8	83.2	9.2	90.8	12.5	87.5

Indien op die verdeling volgens ouderdom gefokus word, is dit veral die respondente in die ouderdomsgroepe van 18-25 en die in die ouderdomsgroep van 56-63 jaar wat gereeld goedere wat op uitverkoop is, aankoop. Die persentasies is as volg: 18-25 jaar is 70.4%, 26-35 jaar is 56.3%, 36-45 jaar is 57.9%, 46-55 jaar is 43.8% en 56-63 jaar is 62.5%. Dit is ook die respondente in dieselfde ouderdomsgroepe van 18-25 en 56-63 jaar wat die grootste geneigdheid het om altyd goedere teen 'n afslagprys te wil aankoop. Die persentasies is as volg: 18-25 jaar is 81.5%, 26-35 jaar is 76.1%, 36-45 jaar is 75.5%, 46-55 jaar is 64.1% en 56-63 jaar is 80.0%.

Dit is egter die respondente in die ouderdomsgroepe van 26-35 jaar wat die grootste geneigdheid het om onnodige goedere aan te koop indien dit 'n winskopie is. Die persentasies is as volg: 18-25 jaar is 11.1%, 26-35 jaar is 25.4%, 36-45 jaar is 16.8%, 46-55 jaar is 9.2% en 56-63 jaar is 12.5%.

Tabel C33 Winskopiejagter per posgraad

NO	POSGRAAD									
	1-5		6-8		9-10		11-14		15-20	
	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %
31	74.4	25.5	64.8	35.2	52.9	47.1	39.1	60.9	18.8	81.3
32	88.0	12.0	79.1	20.9	64.7	35.3	65.6	34.4	66.7	33.3
33	23.1	76.9	17.6	82.4	17.6	82.4	10.9	89.1	6.3	98.3

Indien op die verdeling volgens posgraad gefokus word, is dit veral respondente in die posgraadkategorie van 1-5 wat meestal goedere wat op uitverkoop is, aankoop. Die persentasies is as volg: posgrade 1-5 is 74.4%, posgrade 6-8 is 64.8%, posgrade 9-10 is 52.9%, posgrade 11-14 is 39.1% en posgrade 15-20 is 18.8%. Dit is ook die respondente in posgrade 1-5 wat die meeste geneig is om altyd items teen afslagpryse te wil aankoop. Die persentasies is as volg: posgrade 1-5 is 88.0%, posgrade 6-8 is 79.1%, posgrade 9-10 is 64.7%, posgrade 11-14 is 65.6% en posgrade 15-20 is 66.7%. Dit is ook die respondente in posgrade 1-5 wat die meeste geneig is om onnodige items aan te koop indien dit 'n winskopie is. Die persentasies is as volg: posgrade 1-5 is 23.1%, posgrade 6-8 is 17.6%, posgrade 9-10 is 17.6%, posgrade 11-14 is 10.9% en posgrade 15-20 is 6.3%.

C2.7 Dobbelaar (Vraag 34-37)

Tabel C34 Totaal van dobbelaar

NR.	VRAAG	JA %	NEE %
34.	Ek geniet dit om risiko's te neem met my geld	8.2	91.8
35.	Ek gaan gereeld weddenskappe aan	4.7	95.3
36.	Ek glo dat geluk die uitkoms van 'n transaksie bepaal	22.1	77.9
37.	Ek sal aanhou om risiko's te neem, self al het ek geld verloor	8.2	91.8

Gebaseer op die totale resultate blyk dit dat die meerderheid van die respondente met 'n persentasie van 91.8% dit nie geniet om risiko's met hulle geld te neem nie. Slegs 4.7% van respondente gaan gereeld weddenskappe aan. Dit is ook net 8.2% van respondente wat aangedui het dat hulle sal aanhou om risiko's te neem, selfs al het hulle geld verloor. Daar is egter 22.1% van respondente wat glo dat geluk die uitkoms van 'n transaksie bepaal.

Tabel C35 Dobbelaar per ouderdom

NO	OUDERDOM									
	18-25		26-35		36-45		46-55		56-63	
	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %
34	3.7	96.3	4.2	95.8	6.4	93.6	10.8	89.2	18.8	81.3
35	0.0	100	0.0	100	8.6	91.4	6.2	93.8	6.2	93.8
36	22.2	77.8	27.5	72.5	25.8	74.2	9.2	90.8	25.0	75.0
37	14.8	85.2	1.4	98.6	8.4	91.6	9.2	90.8	12.5	87.5

Indien op die verdeling volgens ouderdom gefokus word, is dit veral die respondente in die ouderdomsgroep van 56-63 jaar wat dit geniet om risiko's met hulle geld te neem. Die persentasies is as volg: 18-25 jaar is 3.7%, 26-35 jaar is 4.2%, 36-45 jaar is 6.4%, 46-55 jaar is 10.8% en 56-63 jaar is 18.8%. Dit is egter die respondente in die ouderdomsgroep van 36-45 jaar wat die meeste geneig is om gereeld weddenskappe aan te gaan. Die persentasies is as volg: 18-25 jaar is 0.0%, 26-35 jaar is 0.0%, 36-45 jaar is 8.6%, 46-55 jaar is 6.2% en 56-63 jaar is 6.2%.

Dit is egter die respondente in die ouderdomsgroeperinge van 18-25 jaar wat die grootste geneigdheid het om aan te hou risiko's neem, selfs al het hulle geld verloor. Die persentasies is as volg: 18-25 jaar is 14.8%, 26-35 jaar is 1.4%, 36-45 jaar is 8.4%, 46-55 jaar is 9.2% en 56-63 jaar is 12.5%.

Dit is egter die respondente in die ouderdomsgroeperinge van 26-35 jaar wat die meeste glo dat geluk die uitkoms van 'n transaksie sal bepaal. Die persentasies is as volg: 18-25 jaar is 22.2%, 26-35 jaar is 27.5%, 36-45 jaar is 25.8%, 46-55 jaar is 9.2% en 56-63 jaar is 25.0%.

Tabel C36 Dobbelaar per posgraad

NO	POSGRAAD									
	1-5		6-8		9-10		11-14		15-20	
	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %
34	9.8	90.2	2.2	97.7	5.9	94.1	9.4	90.6	25.0	75.0
35	18.0	82.0	0.0	100	3.9	96.1	1.6	98.4	6.3	93.8
36	29.4	70.6	21.1	78.9	26.5	73.5	15.6	84.4	6.3	93.8
37	3.8	96.2	1.1	98.9	12.0	88.0	10.9	89.1	31.5	68.8

Indien op die verdeling volgens posgraad gefokus word, is dit veral respondente in die posgraadkategorie van 15-20 wat dit die meeste geniet om risiko's met hulle geld te neem. Die persentasies is as volg: posgrade 1-5 is 9.8%, posgrade 6-8 is 2.2%, posgrade 9-10 is 5.9%, posgrade 11-14 is 9.4% en posgrade 15-20 is 25.0%.

Dit is egter die respondente in posgrade 1-5 wat die meeste geneig is om gereeld weddenskappe aan te gaan. Die persentasies is as volg: posgrade 1-5 is 18.0%, posgrade 6-8 is 0.0%, posgrade 9-10 is 3.9%, posgrade 11-14 is 1.6% en posgrade 15-20 is 6.3%. Dit is ook die respondente in posgrade 1-5 wat die meeste geneig is om te glo dat geluk die uitkoms van 'n transaksie sal bepaal. Die persentasies is as volg:

posgrade 1-5 is 29.4%, posgrade 6-8 is 21.1%, posgrade 9-10 is 26.5%, posgrade 11-14 is 15.6% en posgrade 15-20 is 6.3%.

Dit is egter die respondente in posgrade 15-20 wat sal aanhou om risiko's te neem, selfs al het hulle geld verloor. Die persentasies is as volg: posgrade 1-5 is 3.8%, posgrade 6-8 is 1.1%, posgrade 9-10 is 12.0%, posgrade 11-14 is 10.9% en posgrade 15-20 is 31.5%.

C3 TYDWAARDE VAN GELD (VRAAG 38-44)

Tabel C37 Totaal van tydwaarde van geld

NR.	VRAAG	JA %	NEE %
38.	Ek weet wat met die term "Tydwaarde van geld" bedoel word	8.2	91.8
39.	'n R100 vandag is net soveel werd as R100 oor 'n jaar van nou af	4.3	95.7
40.	Ek kan vandag meer koop met R100 as oor 'n jaar van nou af	68.5	31.5
41.	Ek weet wat die terme "Nominale rentekoerse" beteken	56.0	44.0
42.	Ek weet wat die terme "Effektiewe rentekoerse" beteken	58.8	41.2
43.	Ek weet wat die term "Saamgestelde rente" beteken	67.1	32.9
44.	Ek kan bereken wat die toekomstige waarde sal wees indien ek 'n sekere bedrag vir 'n vaste tydperk teen 'n vaste rentekoers belê	68.6	31.4

Gebaseer op die totale resultate blyk dit dat die meerderheid van die respondente met 'n persentasie van 91.8% nie weet wat met die term "Tydwaarde van geld" bedoel word nie. Die stelling word weerspreek deur slegs 4.3% van respondente is van mening dat R100 huidiglik en oor 'n jaar ewe veel werd is. Die resultate word ook ondersteun deur 68.5% van respondente wat van mening is dat hulle huidiglik meer met R100 sal kan koop as oor 'n jaar van nou af. Daar is egter 56.0% wat weet wat die term "Nominale rentekoerse" beteken. 58.8% Van respondente weet wat die term "Effektiewe rentekoerse" beteken. Respondente wat weet wat die term "Saamgestelde rente" beteken is 67.1%. Daar is ook 68.6% van respondente wat 'n basiese saamgestelde rente berekening sal kan maak.

Tabel C38 Tydwaarde van geld per ouderdom

NO	OUDERDOM									
	18-25		26-35		36-45		46-55		56-63	
	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %
38	85.2	14.8	67.6	32.4	58.1	41.9	65.6	34.4	53.3	46.7
39	0.0	100	1.4	98.6	3.3	96.7	9.2	90.8	12.5	87.5
40	85.2	14.8	76.1	23.9	63.2	36.8	58.5	41.5	66.7	33.3
41	61.5	38.5	52.1	47.9	44.2	55.8	70.3	29.7	62.5	37.5
42	76.9	23.1	54.9	45.1	47.4	52.6	68.8	31.3	62.5	37.5

NO	OUDERDOM									
	18-25		26-35		36-45		46-55		56-63	
	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %
43	88.9	11.1	70.4	29.6	55.8	44.2	71.0	29.0	56.3	43.8
44	77.8	22.2	69.0	31.0	63.2	36.8	72.3	27.7	62.5	37.5

Indien op die verdeling volgens ouderdom gefokus word, is dit veral die respondente in die ouderdomsgroep van 18-25 jaar wat weet wat die term "Tydwaarde van geld" beteken. Die persentasies is as volg: 18-25 jaar is 85.2%, 26-35 jaar is 67.6%, 36-45 jaar is 58.1%, 46-55 jaar is 65.6% en 56-63 jaar is 53.3%. Dit is egter ook die respondente in dieselfde ouderdomsgroep van 18-25 jaar wat ook die beste besef dat 'n R100 vandag meer werd is as 'n R100 oor 'n jaar van nou af. Die persentasies is as volg: 18-25 jaar is 0.0%, 26-35 jaar is 1.4%, 36-45 jaar is 3.3%, 46-55 jaar is 9.2% en 56-63 jaar is 12.5%. Die resultate van die vorige vraag word ook ondersteun deur die resultate op die vraag of 'n persoon huidiglik meer kan koop met 'n R100 as met 'n R100 oor 'n jaar vanaf die huidige tydstip. Die persentasies is as volg: 18-25 jaar is 85.2%, 26-35 jaar is 76.1%, 36-45 jaar is 63.2%, 46-55 jaar is 58.5% en 56-63 jaar is 66.7%.

Dit is egter die respondente in die ouderdomsgroepering van 46-55 jaar wat die meeste verstaan wat met die term "Nominale rentekoerse" bedoel word. Die persentasies is as volg: 18-25 jaar is 61.5%, 26-35 jaar is 52.1%, 36-45 jaar is 44.2%, 46-55 jaar is 70.3% en 56-63 jaar is 62.5%. Dit is egter die respondente in die ouderdomsgroepering van 18-25 jaar wat die meeste verstaan wat met die term "Effektiewe rentekoerse" bedoel word. Die persentasies is as volg: 18-25 jaar is 76.9%, 26-35 jaar is 54.9%, 36-45 jaar is 47.4%, 46-55 jaar is 68.8% en 56-63 jaar is 62.5%. Dit is ook die respondente in die ouderdomsgroepering van 18-25 jaar wat die meeste verstaan wat met die term "Saamgestelde rente" bedoel word. Die persentasies is as volg: 18-25 jaar is 88.9%, 26-35 jaar is 70.4%, 36-45 jaar is 55.8%, 46-55 jaar is 71.0% en 56-63 jaar is 56.3%.

Net soos bovermeld is dit die respondente in die ouderdomsgroepering van 18-25 jaar wat die meeste in staat is om die toekomstige waarde berekeninge van 'n belegging te maak. Die persentasies is as volg: 18-25 jaar is 77.8%, 26-35 jaar is 69.0%, 36-45 jaar is 63.2%, 46-55 jaar is 72.3% en 56-63 jaar is 62.5%.

Tabel C39 Tydwaarde van geld per posgraad

NO	POSGRAAD									
	1-5		6-8		9-10		11-14		15-20	
	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %	JA %	NEE %
38	56.9	43.1	60.2	39.8	54.9	45.1	76.6	23.4	100	0.0
39	10.0	90.0	2.2	97.8	5.9	94.1	3.1	96.9	0.0	100
40	56.9	43.1	68.1	31.9	62.7	37.3	81.3	18.8	68.8	31.3
41	30.8	69.2	44.4	55.6	54.9	45.1	79.4	20.6	100	0.0
42	37.3	62.7	46.2	53.8	58.8	41.2	81.0	19.0	100	0.0
43	44.0	56.0	57.8	42.2	62.7	37.3	90.6	9.4	100	0.0
44	50.0	50.0	68.1	31.9	58.8	41.2	82.8	17.2	100	0.0

Indien op die verdeling volgens posgraad gefokus word, is dit veral respondente in die posgraadkategorie van 15-20 wat die hoogste begrip het van wat met die term "Tydwaarde van geld" bedoel word. Die persentasies is as volg: posgrade 1-5 is 56.9%, posgrade 6-8 is 60.2%, posgrade 9-10 is 54.9%, posgrade 11-14 is 76.6% en posgrade 15-20 is 100.0%. Ooreenstemmend met die resultate is dit ook die respondente in die posgraadkategorie 15-20 waar die meeste respondente beseft dat 'n R100 oor 'n jaar nie net soveel werd is as R100 vandag nie. Die persentasies is as volg: posgrade 1-5 is 10.0%, posgrade 6-8 is 2.2%, posgrade 9-10 is 5.9%, posgrade 11-14 is 3.1% en posgrade 15-20 is 0.0%. Dit is egter die respondente in die posgraadkategorie 11-14 waar die meeste respondente beseft dat hulle huidiglik meer met 'n R100 sal kan koop as oor 'n jaar van nou af. Die persentasies is as volg: posgrade 1-5 is 56.9%, posgrade 6-8 is 68.1%, posgrade 9-10 is 62.7%, posgrade 11-14 is 81.3% en posgrade 15-20 is 68.8%.

Dit is egter die respondente in posgrade 15-20 wat die meeste verstaan wat met die term "Nominale rentekoerse" bedoel word. Die persentasies is as volg: posgrade 1-5 is 30.8%, posgrade 6-8 is 44.4%, posgrade 9-10 is 54.9%, posgrade 11-14 is 79.4% en posgrade 15-20 is 100.0%. Dit is ook dieselfde respondente in posgrade 15-20 wat die meeste verstaan wat met die term "Effektiewe rentekoerse" bedoel word. Die persentasies is as volg: posgrade 1-5 is 37.3%, posgrade 6-8 is 46.2%, posgrade 9-10 is 58.8%, posgrade 11-14 is 81.0% en posgrade 15-20 is 100.0%.

Net soos in die voorafgaande paragraaf vermeld, is dit ook die respondente in posgrade 15-20 wat die meeste verstaan wat met die term "Saamgestelde rente" bedoel word. Die persentasies is as volg: posgrade 1-5 is 44.0%, posgrade 6-8 is 57.8%, posgrade 9-10 is 62.7%, posgrade 11-14 is 90.6% en posgrade 15-20 is 100.0%. Dit is ook

respondente in posgrade 15-20 wat die almal in staat is om toekomstige waardes van 'n belegging te bereken. Die persentasies is as volg: posgrade 1-5 is 50.0%, posgrade 6-8 is 68.1%, posgrade 9-10 is 58.8%, posgrade 11-14 is 82.8% en posgrade 15-20 is 100.0%.

C4 DIE FINANSIËLE PLAN (VRAAG 45-69)

In die gedeelte word die resultate van die onderskeie fasette van die finansiële plan volgens die antwoorde van die respondente weergegee.

C4.1 Beplanning en kontrolering (Vraag 45-49 en vraag 52-53)

Tabel C40 Totaal van beplanning en kontrolering

NR.	VRAAG	JA %	NEE %
45.	Ek dink gereeld aan wat my finansiële posisie tydens aftrede sal wees	68.5	31.5
46.	Ek ervaar stres as ek dink aan my finansiële posisie en my naderende aftrede	49.1	50.9
47.	Ek het al begin om voorsiening vir my aftrede te maak	73.8	26.2
48.	Ek stel vir my finansiële doelwitte	67.6	32.4
49.	Die doelwitte word in my begroting gereflekteer	53.7	46.3
52.	Ek het 'n konsultant/makelaar wat na my finansiële beplanning omsien	42.5	57.5
53.	Ek kontroleer soms die vordering wat ek maak ten opsigte van my gestelde finansiële doelwitte	52.9	47.1

